

# FPad Saam

GRATIS

Uitgawe 57 • Oktober 2019 | November 2019

PRETBOEK  
VIR  
KINDERS

Aanvaar  
onsekerheid  
as 'n konstante

**VKB help  
bome plant**  
Deel 1

Kry die dekking  
wat jy nodig het

**Vrystater**  
maak Suid-Afrika trots

**Hoe om  
neute te plant**



Besoek ons aanlyn by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za) of kontak jou Versekeringsmakelaar

AGRISEKER ONDERSKYFTWINDBESTUURDER (EDMS) BPK, REG. NO. 2014/03270/07 IS 'N GEMANTLIEDE FINANSIELE DEWETSE VERKAFPER, FSP NO. 45787.  
ONDERSKYFT BEEM LAND BANK INSURANCE (Pty) Ltd, REG. NO. 2012/116426/06.



**DIE SILWER RANDJIE  
OM ELKE HAELWOLK**

Die **Lig** op jou pad  
deur pastoor Kallie Kriel



# Kersfees!

Ek het al beleef dat 'n mens in feitlik alles drie tipes mense kry, naamlik mense wat oorboord gaan met iets; mense wat alles en almal altyd teenstaan en mense wat mooi dink oor alles en dan besluit wat hulle glo en doen.

In die konteks van Kersfees kry jy die groep wat, soos hulle sê, "gaan vir goud". Dit is Kersvaders en mooi bome en duur geskenke en lekker kos en partytjie, en ja, wat soms die dag daarna nie regtig weet wat gebeur het nie. Dan kry jy dié wat diep navorsing doen oor waar Kersfees vandaan kom en soveel moontlik mense probeer oorreed om niks daarmee te doen te wil hê nie. Ek skaar myself by dié wat wel nie met oogklappe sommer alles aanvaar nie, maar besef dat Kersfees nie iets is om te beveg nie, maar te gebruik om die Evangelie uit te dra.

Ek dink die beste plek om op Kersdag te wees, is eerstens in die kerk. In die gemeente van gelowiges waar God geprys word vir die feit dat Hy vir ons die grootste geskenk van verlossing en doel gegee het. Jy sien, aan die einde handel alles oor Jesus Christus, en daarom praat ons dan eerder van "Christusfees".

Die engel Gabriël het in Lukas 1:28-33 vir Maria gesê: "Ek groet jou, geseënde vrou! Die Here is met jou!" Verward en ontsteld het Maria gewonder wat die engel se begroeting kon beteken. "Moenie bang wees nie, Maria," het die engel gesê, "want God het besluit om jou te seën! Jy sal swanger word en 'n Seun hê en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. En die Here God sal Hom die troon van Sy voorvader Dawid gee. Hy sal vir ewig oor Israel (gelowiges in Christus) regeer; en Sy Koningsheerskappy sal nooit eindig nie!"

Dit is waaroor dit vir die gelowiges moet handel. God die Vader het gegee. Jesus het gegee. Ek en jy gee. Dit is weereens nie gewone geskenke nie, maar eerder onself vir Hom en vir mekaar. Sy Koningskap gee die ewige lewe en al die ander dinge wat ons as mense nodig het in die lewe, maar dit begin eerste by Hom soos in Matteus 6:33.

Ek kan nie anders as om te dink dat God geloof en geprys moet word soos Engele dit gedoen het met Sy koms aarde toe nie. Absoluut menslik, maar ook Goddelik. 'n Baba in 'n krip wat besing word met Engelkore. Dit is wat ons vier. Hierdie kind wat aan die einde van Sy aardse lewe Verlossing gee deur ons verhouding met God die Vader te herstel ná al ons sondes. "Man, vrou en kind kan God net Prys!" HALLELUJA.

Ek dink dit is 'n goeie idee om so net voor 2020 – die tweede dekade in tweeduisend ná Christus – jouself en almal opnuut oor te gee en op te dra aan die Here. Gee hierdie jaar vir mekaar eerder 'n vers uit die Bybel wat God op jou hart lê deur die Heilige Gees. Beleef só redding vir baie en jouself, soos in Jakobus 1:21.

Mag die Here God van die heelal jou  
genade en guns skenk vir 2020. Amen!

# INHOUD

## 22-24

Aanvaar onsekerheid as 'n konstante

## 30-31

Die wolbedryf se Kode vir Beste Praktyk (KVBP)

### Uitgewer:

VKB en NTK

### Redakteur:

Hannelie Cronjé

Posbus 100

Reitz 9810

Tel. 058 863 8223

hanneliec@vkb.co.za

### Eindredakteur:

Koos Janse van Rensburg

### Ontwerp en Uitleg:

Ryno Steyn (VKB)

### Taalversorging:

Lize Mulder

### Druk:

Oranje Drukkers, Senekal

### Advertensies:

Hannelie Cronjé (VKB)

hanneliec@vkb.co.za

Sel. 083 303 6117

*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg.*

*Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

4	Voorwoord
5-14	VKB Groep
16	Welcome to Multi Green
16	VKB Beleggings (Edms.) Bpk. bekom 21% aandeelhouing in BKB Beperk
18	Besigheidsoerwoud: Mierkolonie-lesse oor die konsessiebedryf
20-21	Kry die dekking wat jy nodig het
22-24	Aanvaar onsekerheid as 'n konstante
26	Wat is 'n serwituut en hoe werk dit?
27	Wat is die verskil tussen serwituut-pypleiding en reg van waterleiding?
28-29	Die regte rywydte en plantpopulasie-kombinasie op sojabone
30-31	Die wolbedryf se Kode vir Beste Praktyk (KVBP)
32-35	Bestuur groeistadiums van die mielieplant
36	Avokadovergiftiging by diere
	Pretboek vir kinders
40-42	Kom kry 'n koppie boeretros
43-45	Verryk jou dieet met neut
46-47	Hoe om neut te plant
48-51	Vrystater maak Suid-Afrika trots
52-53	Jou hond, kat, bul, koei (en selfs jou bye) kan jou miljoene kos
54-56	S-s-s-s-slang!
58-59	Sê cholesterol die stryd aan
61	Vind goue munt en staan 'n kans om jou deel van R100 000 te wen!
62	Philip du Preez aan die stuur van Versekering
63	Welkom, Jan
64-65	VKB help bome plant (Deel 1)
67-71	VKB Nuus
72-73	Bieliemielie 2020
74-75	Meganisasie

## 20-21

Kry die dekking wat jy nodig het

## 40-42

Kom kry 'n koppie boeretros

## 32-35

Bestuur groeistadiums van die mielieplant

## 43-45

Verryk jou dieet met neut



# Aan wie se standaarde meet ons onself?

**E**k lees die afgelope week 'n artikel op [www.careeraddict.com](http://www.careeraddict.com) wat die 20 bes betaalde beroepe ter wêreld lys. Boaan hierdie lys is chirurgie – dokters wat lewens red deur mediese prosedures, ja, maar 'n groot gros chirurgie spesialiseer in rekonstruktiewe chirurgie, dus plastiese chirurgie. Of jy in 'n ongeluk seergekry en vermink is, en of jy net nie tevrede is met jou voorkoms nie, hierdie mense is die mense wat jou "mooi" gaan maak. Tweede op dieselfde lys is mondchirurgie, vierde ortodontiste en nommer agt prostodontiste, wat almal nie nét noodsaaklike regstellende operasies doen nie, maar vir 'n groot klomp pasiënte bloot net móóier tande moet gee omdat hulle tande te skeef of te geel of te groot na hul sin is. Nommer vyf op die lys is psigiaters wat jaarliks 'n magdom gebroke mense se hartseer en leed aanhoor, maar baie van daardie hartseer en leed spruit daaruit dat mense hulself teleurstel, want hulle voel hulle is mislukkings of ontoereikende eggenotes of slegte ma's of slegte pa's. Waar kom hierdie gedagte vandaan dat ons perfekte mense moet wees – dat ons perfek moet lyk, 'n superma of -pa en 'n volmaakte mens moet wees? Natuurlik strewe ons daarna om 'n rein en goeie lewe te lewe, maar is dit werklik nog waaroor dit gaan? Of het ons besluit elkeen van ons móét die volle pakket van mooi, slim, kundig, volmaak en wat ookal wees?

Wanneer ons in nood is, siek in die hospitaal is, in 'n noodsituasie verkeer waar ons lewe bedreig word, gee ons dan regtig om wie die persoon is wat ons te hulp snel en hoe daardie persoon lyk? Nee, ons is maar te dankbaar dat iemand ons versorg, verpleeg, beskerm of red. Die magdom tydskrifte op die winkelrak en TV-programme gee in so baie gevalle vir ons 'n wanpersepsie van hoe ons moet lyk en wat ons moet kan doen, hoe ons huis behoort te lyk, hoe ons lewe behoort te wees.

Te veel van ons voel "as ek net weer my jongmeisie-lyf kan terughê; as ek net my jongman-voorkoms kan terugkry; as ek maar net met so-en-so 'n motor kan ry; as ek maar net in so 'n mooi huis kon woon, dán sou ek gelukkig kon wees". Maar dit werk nie so nie.

Ons loop en verwyf onself omdat ons ons hele

grootmenslewe moes werk om óf die pot aan die kook te hou óf 'n mooier kar en 'n groter huis te kon bekostig, en intussen het ons kinders hulself sonder ons teenwoordigheid op 'n manier grootgekry. Ons verwyf onself omdat ons nie dit en dat vir ons kinders kan gee nie. Ons wroeg omdat ons huwelik nie "tot die dood ons skei" was nie.

Tik die woorde "selfdood" of "selfmoord" in die soekenjin op die internet en ek kry 27 600 trefslae vir eersgenoemde en 138 000 vir laasgenoemde, en dis net Afrikaanse artikels daaroor. Vir "suicide" kry ek 695 000 trefslae! Lewens wat beëindig is deur depressie omdat mense ontoereikend voel, voel hulle is nie goed genoeg nie, nie mooi genoeg nie, nie suksesvol genoeg nie.

En dit bring my by die vraag: Aan wie se standaarde meet ons onself? Probeer ons die perfekte lewe ter wille van ander mense lewe sodat hulle moet dink ons is suksesvol, mooi en slim?

Of probeer ons lewe sodat ons vir ons kinders en ook vir ander mense 'n voorbeeld kan wees van iemand wat sy naaste liefhet soos hy homself liefhet? Is die waardestelsel waarvolgens jou vriende jou meet geskoei op die uiterlike en die materiële, of is jy gelukkig genoeg om omring te wees van vriende vir wie dit nie saak maak dat jou uitrusting nie jou voller figuur vly en jy nie kreef en kaviaar vir voorgereg kan voorsit in jou ontwerpershuis nie? Weet jou kinders dat jy hulle ongeag, ten spyte van en juis mét hul foute en geite liefhet en dat jy altyd vir hulle lief sal wees en besluite tot hul voordeel probeer neem? Weet jou vriende dat hulle jou drieuur in die nag kan bel as hulle langs die pad gestrand is of as hulle 'n ongelukkigheid met jou wil deel? Weet jou familie dat hulle altyd met ope arms en warm liefde verwelkom sal word as hulle kom kuier?

In my boeke is laasgenoemde vriende en familie baie waardevoller en gee hulle baie meer sin aan my lewe as diegene wat my as "nie goed, mooi, slim of ryk genoeg nie" beskou.

Beste wense tot volgende keer.

*Hannelie*



# *Jou moed*

---

# *kweek*

---

# *sukses*

Ons agribesigheid span is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigzaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur.

Vir meer inligting, besoek [www.standardbank.co.za/business](http://www.standardbank.co.za/business)

**YOU'RE GOOD TO GO.**

Standard Bank Voluit Vorentoe™

# VKB GROEP SE FINANSIËLE PRESTASIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2019 EN PROGNOSE VIR 2020

## OPSOMMING

Die VKB Groep het sy 100ste bestaansjaar afgesluit met voortreflike finansiële resultate. Hoewel die Groep die 100 jaar-mytpaal graag sou wou vier met rekordresultate, is die wins voor belasting van R405 miljoen beduidend laer as die vorige jaar se rekordresultate. Dit is egter steeds bevredigend, gesien in die lig van die moeiliker ekonomiese en landbou-omstandighede wat gedurende die jaar ervaar is.

VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") se twee divisies (Vrystaat-divisie en Limpopo-divisie) het hulle stabiele prestasie van die afgelope aantal jare voortgesit, maar die swak prestasie van 'n enkele filiaal het die resultate van VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. negatief beïnvloed. Die omvang van die verlies van VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. ("VKB Flour Mills") en die gepaardgaande waardedaling wat op die belegging voorsien moes word, het die VKB Groep verhoed om weer die R500 miljoen-winskerf te oorskry.

Wat egter verblydend is, is dat die nuwe toevoegings tot die VKB Groep almal 'n billike bydrae gelewer het tot die jaar se resultate en word met verwagting uitgesien na die bydrae wat Multi Green (Edms.) Bpk. en VKB Auction Centre (Edms.) Bpk. tot die VKB Groep sal maak.

Die groepresultate het VKB in staat gestel om 'n aansporingskorting van R250 miljoen aan sy kliënte te betaal ingevolge VKB Landbou se unieke aansporingskortingsmodel. Benewens hierdie aansporingskorting het die Groep ook 'n dividend van R30 miljoen betaal aan sy aandeelhouders.

## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.

Die VKB Groep se bestaan en voortbestaan is totaal afhanklik van die landbougemeenskap wat dit bedien. VKB is 100 jaar gelede gestig met die oog daarop om die landbouprodusent van diens te wees deur 'n omgewing te skep waar die produsent kan fokus op produksie, en VKB vertrou word met die voorsiening van landbou-insette en -dienste, sowel as die voorsiening van relevante inligting wat belangrik is om die korrekte produksie- en bemerkingsbesluite te neem. Dit is vandag nog steeds die kernrede vir VKB se bestaan.

Die Vrystaat-divisie het dieselfde goeie resultate as die vorige jaar behaal ten spyte van baie moeiliker ekonomiese en landbou-omstandighede. Die VKB Groep is geseënd om in 'n baie stabiele landbou-omgewing sake te doen en die groot oes van die vorige jaar het 'n inkomstestroom laat

oortloei na die 2019 finansiële jaar. Die Limpopo-divisie het eweneens 'n goeie bydrae tot die Groep se wins gelewer.

## VKB AGRI PROCESSORS (EDMS.) BPK.

Naas VKB se primêre doelwit om die landbouprodusent van diens te wees, wil die Groep ook 'n mark skep vir die produsent se produkte en waarde toevoeg tot die produkte. Sodoende word die landbouprodusent die geleentheid gebied om te deel in die waarde wat stroomaf in die landbouwaardeketting gegenereer word.

Met 'n enkele uitsondering het VKB se nywerhede bevredigende resultate gelewer. Alhoewel nie so voortreflik soos vorige jare nie, het die braaikuikens, oliepersers en die veevoeraanlegte bevredigend presteer. Die uitsondering was die koringmaal- en -bakbedryf wat swak gevaar het gedurende die afgelope jaar. Die prestasie van die nywerhede is effens gedemp deur die omvang van hoendervleis invoere na Suid-Afrika en die duurder grondstofkoste by al die nywerhede.

Die teleurstellende resultate van VKB Flour Mills het die groepresultate nadelig beïnvloed met R91,6 miljoen weens die verlies wat die maatskappy die afgelope jaar gely het en die gepaardgaande waardedaling op die belegging.



## STRATEGIESE ONTPLOOIING

VKB is voortdurend besig om te investeer in die totale landbouwaardeketting en poog om sy fasiliteite en dienste op wêreldstandaard te handhaaf. Die vergroting van die Groep se geografiese voetspoor in Mpumalanga en KwaZulu-Natal hou groot belofte in vir die toekoms.

Die prestasie van VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. onderskryf die meriete van die waardetoevoegingstrategie. Die direksie is steeds van mening dat dit die regte strategie is en dat, gegewe 'n gelyke internasionale speelveld, die nywerhede in die toekoms nog groot waarde vir VKB se aandeelhouders en belanghebbendes sal bied. Die beplanning van 'n broeierij om dagoudkuikens aan Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. se kontrakgroei te voorsien, het 'n aanvang geneem. Dit sal die blootstelling aan 'n tekort aan dagoudkuikens verminder in tye van skaarste, soos tydens die onlangse voëlgriepandemie.

Die onlangse bekendmaking van die verkryging van 'n belang in BKB Beperk ("BKB") deur VKB skep geleenthede vir die toekoms, wat 'n beduidende effek op die toekomstige strategie van VKB kan hê. Die potensiële sinergie tussen die maatskappye is groot en strek oor verskeie terreine. Meegaande is van die belangrikste sinergie wat ondersoek word:

- VKB het reeds vir 'n geruime tyd 'n verklaarde strategiese doel om in die lewendehawebedryf betrokke te raak. VKB se kliëntebasis bied waardevolle geleenthede in hierdie verband. BKB het 'n 100 jaar oue gevestigde handelsmerk en is waarskynlik die markleier op hierdie gebied.
- Soos VKB, het BKB ook kleinhandelwinkels, maar met weinig, indien enige, geografiese oorvleueling. Gesamentlik vergroot die geografiese voetspoor tot bykans 'n nasionale voetspoor. Dit bied geleenthede om die ekonomie van skaal tussen die maatskappye te benut deur, onder meer, gedeelde kostes.
- VKB en BKB het albei belê in verwerkingsaanlegte van landbouprodukte. Die twee maatskappye se produkte bevat reeds 'n redelike komponent van die basiese voedselmandjie wat vandag in elke huishouding gebruik word. Die kleinhandelwinkels bied ook 'n addisionele afsetgebied vir produkte.
- Inligtingstegnologiese kostes vorm 'n wesenlike deel van besighede se oorhoofse kostes. Die ontwikkeling van eie stelsels is duur en tydrowend. Deur maandelike toekomstige samewerking kan die twee maatskappye meer bereik met die bestaande kapasiteit tot elkeen se beskikking.
- Swart ekonomiese bemagtiging ("SEB") raak toenemend belangrik in die Suid-Afrikaanse sake-omgewing. Beide maatskappye ervaar dieselfde uitdagings om op 'n sinvolle wyse uitvoering te gee aan 'n bemagtigingstrategie. 'n Gesamentlike oplossing kan beide maatskappye se uitdagings aanspreek.

Die suksesvolle implementering van die transaksie met BKB kan 'n kwantumsprong in die voortbestaan en volhoubare groei van beide trotse handelsmerke wees. VKB koester hoë verwagtinge en is opgewonde oor die geleenthede wat hierdie transaksie kan inhou.

## PROGNOSE VIR 2020

Elke jaar bied sy eie uitdagings en skep sy eie geleenthede. Die produksie van die 2019-someroes wat tans ingesamel word, het met tye geweldig wipplank gery. Aanvanklik is gesukkel om die oes in die grond te kry en daarna is droë periodes op kritieke stadiums beleef, en later het 'n oormaat reën weer in sekere streke voorgekom. Gegewe al die uitdagings is VKB dankbaar vir die redelike oes wat tot op hede ingesamel is. Die wisselvalligheid van die oes het gelukkig geleenthede vir produsente geskep om teen billike pryse te bemark. Gevolglik word uitgesien na 'n billike 2020 en indien gekapitaliseer kan word op die positiewe vordering wat tans by VKB Flour Mills waargeneem word, kan 2020 ontwikkel in 'n baie goeie jaar.



# VKB Landbou (Edms.) Bpk.

## Strategiese doelwit

Die oorhoofse strategie van VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") is steeds om produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer deur produsente se insetkoste te verminder en die waarde van hul produkte te optimaliseer. Besigheid binne VKB Landbou word regdeur die Oos-Vrystaat en Limpopo sowel as gedeeltes van Mpumalanga, Gauteng en KwaZulu-Natal gedoen.

## Afdelings

### Handelsafdeling

VKB Landbou se Handelsafdeling bestaan uit 'n netwerk van 60 bedryfspunte. Produkte wat aangebied word, sluit in brandstof, kunsmis, chemikalieë, saad, veemedisyne, veevoer, besproeiing, staal, omheining, boumateriaal, verpakkingsmateriaal en algemene hardeware.

Die Handelsafdeling het baie goed presteer. Die uiters positiewe resultate van verskeie projekte waarin die afgelope aantal jare belê is, werp nou vrugte af en het 'n wesentliche effek gehad op die groei in omset sowel as netto wins. Die opgradering van een van die Groep se vlagskiptakke, Polokwane-handelstak, is afgehandel en neem die eenstopkoopervaring en aanbieding na die boer sowel as die breë publiek na 'n nuwe vlak. Die fokus op produsente, oftewel boerebesigheid, het 'n bogemiddelde groei in insethandelbesigheid die afgelope jaar tot gevolg gehad.

Die standaardisering en aanbieding van volledige produkreeks binne VKB se Handelsafdeling is steeds 'n groot prioriteit. Twee verspreidingsentrums is op onderskeidelik Bethlehem en Modimolle geopen met die doel om die beskikbaarheid van produkte in die handelstakke te verbeter. Die Modimolle-verspreidingsentrum verskuif eersdaags na Mokopane waar 'n groter sentrum tans opgerig word.

Die Sasol-vulstasie op Frankfort is opgegradeer, asook die handelstak op Bethlehem, wat dit nou een van die vlagskiptakke in die VKB Groep maak. Die Lindley- en Senekal-agentskaptakke is ook gedurende die jaar gekoop en word nou bedryf as volwaardige handelstakke van VKB.

As deel van die strategie om VKB Landbou se voetspoor uit te brei na die oostelike gedeelte van Suid-Afrika, is nuwe handelstakke op Mbombela en Newcastle geopen.

### Meganisasie

Meganisasiedienspunte bestaan uit 12 meganisasiewerkwinkels en -onderdelebedryfspunte, wat gediens word deur 11 heelgoederebemarkers. Van die produkreeks sluit in Case, Jupiter, Rovic Leers, Falcon, AgriCAD, Equalizer en Amazone. Meganisasie het 'n uiters uitdagende jaar beleef, veral as gevolg van druk op marges wat veroorsaak word deur toenemende mededinging in die mark.


### Graanafdeling

Die Graanafdeling bestaan uit 22 graanfasiliteite, waarvan 14 in die Noordoos-Vrystaat en agt in Limpopo geleë is. Die graanfasiliteite is toegerus om verskeie grane en oliesaadprodukte per pad en spoor te ontvang en veilig te berg. 'n Verskeidenheid graandienste word by die graanfasiliteite aangebied. Die geriewe word





Om te boer soos 'n *pro*  
**MOET JY BOKS**  
**SOOS 'N PRO**



Saam met jou van  
**DIE WOORD**  
**"GO"**

Ontdek die waarheid agter kostedoeltreffende laaiwerk. PROBOX™.

Tel: +27 12 683 5700 | [www.rsa.pioneer.com](http://www.rsa.pioneer.com) |   
®, TM, SM Handelsmerke of diensmerke van DuPont,  
Dow AgroSciences of Pioneer en hul geaffilieerde maatskappye  
of onderskeie eenaars. © 2019 PHII

 **PIONEER**®

deurlopend opgegradeer om aan produsente en afnemers 'n vinniger en doeltreffender diens te lewer. As 'n addisionele diens aan produsente beskik VKB oor droog- en skoonmaakgeriewe om nat en besmette graan te ontvang.

Die afgelope landboujaar se graanontvangste in die Noordoos-Vrystaat en Limpopo was 21% minder as die vorige seisoen se rekordontvangste, maar 20% meer as die vyfjaargemiddeld. VKB Landbou het voortgebou op die vorige seisoen se kapasiteituitbreiding van 10% en vyf addisionele leweringspunte, deur nog 5% opbergkapasiteit en vier leweringspunte by te voeg, wat die bestaande aflaaitempo met 2 200 ton per uur versnel. Hierdie geriewe het nie net die innamespoed en opbergingskapasiteit tydens oestyd verbeter nie, maar skep ook die geleentheid om bestaande opbergingsgeriewe meer effektief te benut en waarde te ontsluit tot voordeel van belanghebbendes.

## Graanbemarking

Die Graanbemarkingsafdeling, wat daarop fokus om 'n omvattende diens aan produsente, graanhandelaars, meulenaars, veevoeraanlegte, internasionale handelaars en ander verwerkers te lewer en gerugsteun word deur effektiewe stelsels, prosedures en 'n Safex-setel, word bedryf binne VKB Graan (Edms.) Bpk.

Die goeie somerproduksiejaar, met gevolglike lae kommoditeitspryse, het markgeleenthede geskep wat die afgelope finansiële jaar 'n wesenslike positiewe effek op die resultate van Graanbemarking gehad het.

## Versekering

Die Versekeringsafdeling bestaan uit 12 kantore wat beman word deur 14 opgeleide en ervare adviseurs. Die afdeling bied 'n verskeidenheid produkte, waaronder persoonlike, eiebate- en oesversekering. Versekeraars wie se produkte bemark word, sluit in Santam, Old Mutual Insure, Hollard, One Commercial en Landmark. Hierdie besigheid word binne VKB Brokers (Edms.) Bpk. bedryf.

## Finansiering

VKB se Finansieringsafdeling is 'n geregistreerde kredietverskaffer. Die kernfunksie van hierdie afdeling is om krediet te verskaf aan produsente, wat hulle in staat stel om hul produksie-insette te bekom ten einde landbouprodukte suksesvol en volhoubaar te kan produseer. Verhoudings en persoonlike kontak is van uiterse belang en 'n span van 16 bekwame kredietbestuurders sien om na die belange van produsente.

VKB bied aan die produsent 'n verskeidenheid mededingende en geskikte finansieringsprodukte, waaronder produksielenings, maandrekenings, termynlenings en kontrakgroefinansiering. Die afdeling lewer 'n aansienlike bydrae om Suid-Afrikaanse kommersiële en ontwikkelende boere in staat te stel om winsgewend te kan produseer. Die suksesvolle finansiering van ontwikkelende produsente het toegeneem vanaf die vorige jaar en 'n verdere toename word in die vooruitsig gestel vir die komende jaar.

## Filiale

### Crown Bag (Edms.) Bpk. ("Crown Bag")

Crown Bag se fabriek op Harrismith in die Vrystaat, vervaardig sedert 1989 verpakkingsmateriaal. Die fabriek beskik oor die kapasiteit om gemiddeld sewe miljoen aartappelsakkies en een miljoen brikettesakkies per maand te produseer.

### Bethal Koelkamers (Edms.) Bpk. ("Bethal Koelkamers")

Bethal Koelkamers, 'n verkoelingsfasiliteit vir aartappelsaad op Bethal in Mpumalanga, lewer al meer as 40 jaar 'n kwaliteit-opbergingsdiens aan die aartappelbedryf teen mededingende tariewe. Die koelkamers is gedurende die oorsigjaar opgegradeer en die opbergingskapasiteit met 24% verhoog na 'n totaal van 140 400 sakkies aartappelsaad, oftewel 3 120 palette.

### AE Solutions (Edms.) Bpk. ("AES")

Die maatskappy, met sy hoofkantoor in Centurion, beskik oor meer as 30 jaar omvattende ondervinding in die verkoop, diens en ondersteuning van analitiese toerusting in hoofsaaklik die landboubedryf. VKB Landbou het in 2018 'n addisionele 6,31% aandele in die maatskappy bekom en besit tans 33,68% van die aandele in AES.

'n Span toegewyde diensingenieurs bied vinnige en kostedoeltreffende instandhouding en tegniese steun in al die gebiede waar die maatskappy besigheid bedryf, insluitend Suid-Afrika, Sub-Sahara-Afrika, Mauritius, Madagaskar en die Seychelle-eilande.

### VKB Fuels (Edms.) Bpk. ("VKB Fuels")

Behalwe vir die opgradering van bestaande geriewe, behartig VKB Fuels ook die aflewering van brandstof op produsente se plase. VKB Landbou het die afgelope jaar sy brandstofaanbieding uitgebrei deur addisionele vulstasies aan te koop en te bou, asook deur die vestiging van VKB Express 24-uur-geriefswinkels by sommige vulstasies.

### Farmpack (Edms.) Bpk. ("Farmpack")

Farmpack, wat gesetel is in die Mbombela-omgewing, verskaf verpakkingsmateriaal aan die landbou- en nywerheidssektore. Die maatskappy vervaardig en versprei 'n wye reeks kartondose aan kliënte reg oor die land en in Mosambiek. VKB Landbou het in 2019 'n addisionele 14%-aandele bekom en besit tans 'n meerderheidsaandeelhouding van 51% in die maatskappy.

### VKB AuctionCentre (Edms.) Bpk. ("VKB AuctionCentre")

In ooreenstemming met VKB se strategiese doelwitte en die maatskappy se fokus op integrasiegeleenthede in die landbouwaardeketting, het VKB Landbou in Oktober 2018 die bedryf van 'n veilingkraal naby Frankfort oorgeneem. Die besigheid word bedryf in 'n maatskappy VKB Auction Centre (Edms.) Bpk. Veilings van lewendehawe vind deurlopend by die veilingkraal plaas.

### Multi Green (Edms.) Bpk. ("Multi Green")

VKB Landbou het sy produkaanbieding uitgebrei deur in 2019 die beheerende belang (53%) te bekom in Multi Green, 'n kunsmismengaanleg op Villiers. Die aanleg beskik oor 'n wye kliëntebasis in die Vrystaat en Mpumalanga.



# VKB Agri Processors (Edms.) Bpk.

## Strategiese doelwit

VKB Beleggings (Edms.) Bpk. se direksie het in 2010 'n besluit geneem om verder in die waardeketting te integreer. Die fokus van hierdie strategie is om waarde toe te voeg tot die produkte wat in VKB se bedieningsgebied geproduseer word, met die doel om die produk deur die mees effektiewe markkanale na die verbruiker te neem en die verbruiker se vertroue te wen en te groei deur kwaliteit en gevestigde, betroubare handelsmerke.

Verskeie veranderings het gedurende die afgelope jaar plaasgevind binne VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. ("VKB Agri Processors") se struktuur. Die maatskappy het sy belang in VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. ("VKB Flour Mills") verhoog vanaf 70% na 100% nadat VKB Agri Processors die 30%-belang van Louis Dreyfus Company Africa (Edms.) Bpk. bekom het. Die bakkerye is ook gekonsolideer vanaf afsonderlike entiteite na divisies binne VKB Flour Mills. VKB Agri Processors het 'n 100%-belang in Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. ("Nu-Pro Voere") bekom en sy 50%-belang in Nu-Pro Commodities (Edms.) Bpk. verkoop. Die twee veevoermaatskappye, naamlik Nu-Pro Voere en TripleV Animal Feeds (Edms.) Bpk. ("TripleV"), is nou saamgevoeg onder een entiteit wat as QPro Feeds (Edms.) Bpk. bekend staan. Die VKB Agri Processors Workers Trust is ook gedurende die jaar geskep om uitvoering te gee aan die swart ekonomiese bemagtigingsdoelwitte van die Groep. Die trust hou 'n 100%-belang in VKB Agri Processors Beneficiaries Holdings (Edms.) Bpk., wat op sy beurt 'n 15%-belang in VKB Agri Processors hou. VKB Beleggings (Edms.) Bpk. hou die ander 85%.

Die afgelope jaar is 760 000 ton se produkte deur hierdie entiteite geproduseer en verwerk. Dit sluit die volgende primêre produkte in:

- Geelmielies
- Witmielies
- Sojabone
- Koring
- Hoender

Die VKB Agri Processors Groep het 'n gemiddelde jaar beleef en sluit die jaar af met 'n voorbelaste wins van R74 miljoen. Die meeste van die nywerhede het 'n billike prestasie gelewer, met die uitsondering van VKB Flour Mills wat die Groep se prestasie negatief beïnvloed het. Moeilike ekonomiese omstandighede in die land, tesame met 'n verhoging in graanpryse en 'n volatiele wisselkoers, het bygedra tot die swakker prestasie in vergelyking met die vorige jaar. 'n Ligpunt is dat VKB Agri Processors se volume tonnemaatverkope met 8% toegeneem het teenoor die vorige jaar, ten spyte van die swak ekonomiese klimaat.

## Markoorsig

### VKB Milling (Edms.) Bpk. ("VKB Milling")

VKB Milling het 'n gemiddelde jaar beleef, maar slaag daarin om die prestasie van die vorige jaar te oortref met 'n 17%-toename in die wins voor belasting, wat 'n billike prestasie is in die huidige markomgewing. 'n Verblydende faktor is die tonnemaatverkope wat met 10% toegeneem

het vanaf die vorige jaar se syfers. Die mark in Limpopo is steeds uiters kompetend as gevolg van verskeie rolspelers wat betrokke is in die gebied.

Benewens die optimale benutting van die meulens en moontlike rasionalisasie van die Vhembe-meule (Vhembe Milling [Edms.] Bpk.), sal die fokus steeds wees om by die mees winsgewende fasiliteit te maal en nuwe geografiese markte te ontwikkel. 'n Verdere fokuspunt vir die komende jaar is steeds handelsmerkontwikkeling en kommunikasie na verbruikers om sodoende die Magnifisan-handelsmerk se voetspoor in die land te vergroot.

### Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. ("GFC")

GFC het 'n billike opbrengs op belegging gerealiseer tydens die oorsigjaar, alhoewel dit afgeneem het teenoor die uitsonderlike prestasie van die vorige jaar. Die huidige prestasie is waarskynlik 'n beter aanduiding van wat realisties is binne die dinamiese markomstandighede.

Die mark het onder druk gekom as gevolg van verhoogde invoere uit Brasilië nadat invoere uit Europa afgeneem het weens beperkings wat ingestel is ná die uitbreking van voëlgriep. Die verhoging in graanpryse vanaf die lae pryse gedurende die vorige seisoen plaas ook druk op voerpryse, en die kosteknyptangeffek van afwaartse druk op verkooppryse en opwaartse tendens in produksiekoste veroorsaak 'n uitwissing van marges. Die effek van die laat aanplantings in die Amerikaanse mark het onlangs verdere opwaartse druk op graanpryse geplaas.

Die fokus vir die nuwe jaar bly steeds om die varsprodukssegment uit te brei en goeie vordering is die afgelope jaar in hierdie verband gemaak. GFC was ook gedurende die afgelope jaar suksesvol om besigheidsverhoudings met KFC te vestig en klem sal gelê word daarop om hierdie verhouding verder te ontwikkel tot voordeel van beide partye.

Die uitbreking van Afrika-varkgriep in China kan 'n groot invloed hê op die wêreldwye proteïenaanbod in die nuwe jaar en kan lei tot 'n verhoogde vraag na hoendervleis, wat pryse positief behoort te beïnvloed.

### Nu-Pro Groep

VKB Agri Processors het gedurende die jaar die addisionele 50%-belang in Nu-Pro Voere bekom en sy 50%-belang in Nu-Pro Commodities (Edms.) Bpk. verkoop.

Nu-Pro Voere het 'n teleurstellende jaar beleef en 'n klein verlies gerealiseer. Heelwat aandag en tyd is daaraan bestee om die operasionele prosesse in ooreenstemming te bring met die TripleV-standaard. Nu-Pro Voere het gedurende die jaar begin om saam met TripleV voer aan GFC se kontrakgroei te voorsien.

### TripleV Animal Feeds (Edms.) Bpk. ("TripleV")

Die veevoerfabriek het 'n goeie prestasie gelewer en die wins vir die jaar weerspieël die verwagtinge en die begroting. TripleV se mark sentreer nog grootliks rondom die verskaffing van voer aan GFC se kontrakgroei, maar goeie vordering is gedurende die jaar gemaak om ander onafhanklike markte te ontwikkel. Uitstekende vordering is ook gedurende die jaar gemaak om operasionele prosesse en dienslewering te verbeter.

Die samevoeging van die twee veevoermeulens (Nu-Pro Voere en TripleV) onder een maatskappy, naamlik QPro Feeds (Edms.) Bpk., en die optimale benutting van alle

sinergie hou opwindende uitdagings vir die nuwe jaar in. Met veevoeraanlegte op Bethlehem en Vrede verseker die maatskappy dat sy gehaltevoer reg oor VKB se bedieningsgebied versprei word. Die optimale voorsiening aan VKB se handelstakke en die vestiging van die nuwe handelsmerk, "QPro Feeds", geniet baie aandag.



### Free State Oil (Edms.) Bpk. ("FSO")

FSO het sy goeie prestasie van die vorige jaar voortgesit met 'n billike prestasie gedurende die afgelope jaar. Die aanspreek van sekere bottelnekareas in die produksieproses het gelei tot verbeterde benutting van kapasiteit en 'n 9%-verbetering in die fabriek se uitset. Hierdie fasiliteit funksioneer nou volgens sy ontwerpkapasiteit.

FSO het homself gedurende die afgelope paar jaar gevestig as een van die voorkeurverskaffers in die plaaslike soja-oliekoekmark en voortdurende fokus word geplaas op die verbetering van hierdie posisie. Die mark sal egter

in die volgende jaar meer kompetender raak aangesien addisionele produksiekapasiteit tans deur verskeie rolspelers opgerig word.

Die graanmarkte sal in die nuwe jaar ook meer uitdagings ondervind, aangesien die persmarge heelwat meer onvoorspelbaar raak as gevolg van 'n moeilike sojaboonplantseisoen in die Verenigde State van Amerika, wat wêreldmarkte beïnvloed.

### VKB Flour Mills (Edms.) Bpk. ("VKB Flour Mills")

Die besigheid het 'n uiters moeilike jaar beleef, waartydens 'n groot verlies gely is. Die koringmark is steeds baie mededingend weens die toetreding van nuwe rolspelers gedurende die vorige paar jaar en die vestiging van heelwat addisionele kapasiteit in die mark.

Die afgelope jaar is intensief gefokus om die besigheidsmodel meer winsgewend te maak. 'n Strategiese besluit is dus geneem om minder afhanklik te wees van die prysensitiewe kleinhandelsmark en groter fokus te plaas op voorsiening aan die industriële mark. Die industriële mark is meer kwaliteitgedrewe en indien die regte kwaliteit konstant gelewer word, is die mark nie so wisselvallig soos die kleinhandelsmark nie. Fokus word daarop geplaas om produkte te lewer wat doelgemaak is vir elke kliënt se toepassing en behoefte.

Gedurende die jaar is sterk klem gelê op die verbetering van die onderskeie operasionele prosesse, effektiwiteit en kostebesparing. Rasionalisasie van personeel het ook in verskeie divisies plaasgevind.

Die bakkerie het ongelukkig nie volgens verwagting presteer nie en al die bakkerie sluit die jaar af met verliese. Ten einde die aanwending van geriewe te verbeter en die mark beter te bedien, is die bakkerie gekonsolideer in 'n divisie van VKB Flour Mills. Die bakkerie in KwaZulu-Natal is verkoop. Die bakkerie op Polokwane word tans nie as 'n bakkerie aangewend nie, maar word nou as 'n depot van die Homegrown Bakkerie in Ga-Rankuwa bedryf ten einde kapasiteitsbenutting by Homegrown Bakkerie te verbeter. Voortdurende fokus word geplaas op volhoubare markontwikkeling.

Die vooruitsigte vir die nuwe jaar vertoon effens beter as gevolg van die meule wat goeie vordering maak met die voorsiening aan verskeie addisionele industriële kliënte en goeie markverhoudings wat hier gevestig word.

### Pad vorentoe

Die kernuitdaging vir die nuwe jaar is om VKB Flour Mills te stabiliseer en die besigheidsmodel en -struktuur aan te pas om volhoubaar in 'n uiters mededingende mark te kompeteer.

By al die nywerhede word gefokus op margeverbetering deur operasionele effektiwiteit, volhoubare kliënteverhoudings en die versterking van handelsmerke. 'n Program is by al die nywerhede geloods, wat voortdurende verbetering in prosesse nastreef en bydra tot gestruktureerde bestuur.

VKB Agri Processors het die afgelope aantal jare sterk groei beleef en verskeie opwindende inisiatiewe vir mediumtermyn groei sal geïmplementeer word soos die vasgestelde doelwitte van kapitaalverhoudings en balansstaat-volwassenheid in die onderskeie entiteite bereik word.

## AANSPORINGSKORTINGMODEL BIED TALLE VOORDELE

Hoewel die VKB Groep ("VKB") se resultate swakker is as die vorige jaar se rekordsyfers, is dit steeds die naashoogste wins in die VKB Groep se geskiedenis, sê mnr Markus Mittermaier, uitvoerende direkteur: Finansies VKB Groep. Die VKB Groep sluit die jaar op 31 Maart 2019 af met 'n wins voor aansporingskortings en belasting van R406 miljoen. Ten spyte van 'n kleiner graanoes het die landboudivisie weer rekordresultate behaal. Die nywerhededivisie kon egter nie weer die uitstekende prestasie van die vorige jaar herhaal nie.

In die landboudivisie het feitlik al die bedrywe goeie resultate behaal en hoewel die graanoes kleiner was as die vorige jaar, was dit nog steeds 'n bogemiddelde oes gemeet teen die langtermyn gemiddeld van die gebied. Wat die nywerhede betref, was grondstofpryse vir die grootste deel van die jaar redelik konstant en het dit die wisselvalligheid van bruto marges grootliks uitgeskakel. Buiten vir grondstofpryse wat nie so baie geflукteer het nie, was marges onder druk by die meeste verwerkingsaanlegte weens volgehoue mededinging in die mark. Volumes by van die aanlegte is ook nog nie op maksimum kapasiteit nie en daar is ruimte vir groei. Die laer marges en volumes het gevolglik die winsgewendheid van die nywerhede negatief geraak. Die Groep se diversifikasie strategie en goeie prestasie van die landbou- en nywerhededivisies vorm die basis vir die goeie resultate wat behaal is.

VKB se unieke aansporingskortingsmodel maak van die besigheid 'n voorkeurverskaffer in sy bedieningsgebied. 'n Wesenlike deel van die jaar se verdienste uit die landboubesigheid is, soos in die verlede, as aansporingskortings aan VKB se kliënte toegeken gedurende die oorsigjaar. Alhoewel die korting van boer tot boer verskil, is aansporingskortings ten bedrae van R1 153 miljoen gedurende die afgelope vyf jaar verklaar. In die finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2019 is R250 miljoen se aansporingskortings toegedeel en R30 miljoen se dividende is verklaar en betaal. Die R250 miljoen-aansporingskortings is gebaseer op elke kliënt se ondersteuning en deelname aan die besigheid se bedrywighede die afgelope jaar, terwyl die R30 miljoen-dividend verklaar is uit winste gegenereer deur die nywerhede. Die dividend word verklaar op grond van die aantal Klas 2- en Klas 4-voorkeuraandeel gehou deur aandeelhouders op 31 Maart 2019.

VKB is oortuig dat hierdie model steeds die mees doeltreffende waarde-ontsluitingsmeganisme is wat op 'n gebalanseerde basis die behoeftes van die maatskappy en sy kliënte aanspreek en waardeur aandeelhouders vir hulleself 'n stewige neseier kan opbou deur met die besigheid sake te doen.

Om te deel in die aansporingskorting sowel as die dividende moet 'n kliënt 'n aandeelhouer van VKB wees. Die enigste vereiste om 'n aandeelhouer van VKB te word, is dat die aansoeker 'n bona fide-boer moet wees en 5 000 gewone aandeel in VKB koop teen R5 000.

### Landbou (Aansporingskorting) ("Koöperatiewe" stelsel)

VKB verklaar jaarliks 'n weselike deel (gemiddeld 85%) van die winste gegenereer uit VKB Landbou as aansporingskorting aan die aandeelhouders. Die jaarlikse aansporingskorting wissel van aandeelhouer tot

aandeelhouer, afhangend van die afdelings binne VKB Landbou waarmee die aandeelhouer besigheid gedoen het en die omvang van sy besigheid. Van die jaarlikse korting word ongeveer 10% in kontant uitbetaal. Die oorblywende 90% word gebruik om vir die aandeelhouer Klas 2-voorkeuraandeel in VKB Beleggings (Edms.) Bpk. uit te reik. Hierdie Klas 2-voorkeuraandeel is aflosbaar na 'n minimum tydperk van vyf jaar en 'n maksimum tydperk van 15 jaar. 'n Aandeelhouer wat ten tye van die toekennings van 'n bepaalde jaar se aandeel 55 jaar of ouer is, se aandeel word op ouderdom 70 jaar afgelos, onderhewig aan 'n minimum periode van vyf jaar. Die aandeelhouer het die keuse om sy Klas 2-voorkeuraandeel by aflosdatum te omskep in Klas 4-voorkeuraandeel. Klas 4-voorkeuraandeel bied aan die aandeelhouer die voordeel om in verdere dividende te deel, wat uit winste van die nywerhede asook die ander landbou-entiteite verklaar word.

### Nywerhede en ander landbou-entiteite (Dividende) ("Korporatiewe" stelsel)

VKB verklaar jaarliks dividende uit die winste wat gegenereer word uit die entiteite aan die nywerhedekant (VKB Agri Processors Groep), asook die ander landbou-entiteite, behalwe VKB Landbou self waaruit 'n aansporingskorting verklaar word. Die dividende word verklaar op grond van die aantal Klas 2- en Klas 4-voorkeuraandeel wat 'n aandeelhouer besit op die datum van dividendverklaring.



# AANSPORINGSKORTINGS EN DIVIDENDE

	2018	2019	
<b>Aansporingskortings verklaar (R'miljoen)</b>	260	250	
<b>Kontant %</b>	10%	10%	
<b>Dividende verklaar (R'miljoen)</b>	40	30	
<b>Dividendkoers %</b>	3,09%	2,12%	
<b>GRAANLEWERINGS</b>			
<b>R per ton gelewer</b>			
Geelmielies	48	51	
Witmielies	48	57	
Koring	175	130	
Sonneblom	120	112	
Sojabone	95	64	
Graansorghum	77	87	
<b>GRAANBEMARKING</b>			
<b>R per ton graan bemark</b>			
Bemarking van graan	34	51	
<b>KOMMERSIEEL</b>			
<b>% van omset/rente</b>			
<b>Handel en Insethandel</b>	<b>Gemiddelde % van omset</b>	<b>2,80%</b>	<b>2,68%</b>
<b>Meganisasie</b>	<b>Gemiddelde % van omset</b>	<b>0%</b>	<b>0%</b>
<b>Finansiering</b>	<b>Gemiddelde % van rente betaal</b>	<b>19,97%</b>	<b>19,97%</b>
<b>Beleggings</b>	<b>Gemiddelde % van rente ontvang</b>	<b>7,85%</b>	<b>7,22%</b>



# DIE SILWER RANDJIE OM ELKE HAELWOLK



## Elke haelwolk kan 'n silwer randjie hê

Stormweer kan astronomiese gevolge inhou vir jou gewasse wat tans op die lande staan... veral as 'n belowende oes in 'n ommesientjie deur hael verwoes word.

Klimaatselemente wat veranderlikheid asook risiko's in landbouproduksie meebring, maak oesversekering onmisbaar. Kies dus slim en beskerm jou oes teen onvoorsiene katastrofes met AgriSeker se omvattende en volhoubare risikobestuursoplossings en -produkte.

**Maak AgriSeker die silwer randjie om die haelwolk op jou horison.**

Besoek ons aanlyn by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za) of kontak jou Versekeringsmakelaar.



AGRISEKER ONDESKRYWINGSBESTUURDER (EDMS) BPK. REG NO. 2014/235270/07 IS 'N GEMAGTIGDE FINANSIËLE DIENSTE VERSKAFFER: FSP NO. 45767.  
ONDESKRYF DEUR LAND BANK INSURANCE (SOC) BPK. REG NO. 2012/115426/30.

# Welcome to

# Multi Green

## Kunsmis • Fertiliser

**M**ulti Green is the latest addition to the VKB family. Multi Green became part of the group a few months ago after all the legal red tape was successfully completed. Welcome to all that works at Multi Green. Here is a little background on the company:

Multi Green specialises in the blending and distribution of fertiliser since 2005 and is well known and rooted in the fertiliser and farming community. Multi Green is situated in Villiers, Free State which is nestled in the middle of South Africa's grain cultivation area. Multi Green supplies clients up to a 600 km radius from the factory as well as clients in Zambia.

Multi Green specialises in precision blending of granular and liquid fertiliser. The granular product is processed and delivered in 50 kg, 500 kg and 1 ton bags as well as bulk.



## VKB Beleggings Eiendoms Beperk (“VKB”) bekom 21% aandeelhouding in BKB Beperk (“BKB”)

**D**it is met groot opgewondenheid dat die direksie van VKB Beleggings (Edms.) Bpk. bekend maak dat VKB ná suksesvolle onderhandelings ooreenkomste aangegaan het waarvolgens VKB 21,05% van die uitgereikte aandele in BKB aangekoop het. BKB en VKB het voorts ooreengekom om met mekaar in gesprek te tree rakende 'n moontlike geleentheid om sinergieë tussen hul onderskeie besighede en/of sekere van hul bedrywighede te ondersoek gedurende die gespreksvoeringsperiode wat sal eindig op 29 Februarie 2020, as 'n gesamentlike poging om 'n gepaste struktuur vir 'n potensiële kombinasietransaksie te ondersoek. Indien die partye nie ooreenkoms bereik gedurende hierdie tydperk nie, het BKB die reg om die BKB-aandele wat deur VKB gehou word, terug te koop, en VKB het eweneens 'n soortgelyke reg om die aandele in BKB weer aan BKB terug te verkoop.

Ingevolge die ooreenkoms het VKB die reg om gedurende die gespreksvoeringstydperk verdere aandele te bekom van BKB-aandeelhouders wat hul aandele te koop aanbied, onderworpe daaraan dat VKB se aandeelhouding nie 30% van die uitgereikte aandele in BKB sal oorskry sonder die toestemming van die meerderheid van die direkteure van BKB nie, en teen 'n prys van ten minste R16 per BKB-aandeel.

Wat betref verteenwoordiging, is ooreengekom dat, vir solank as wat VKB ten minste 20% van die uitgereikte aandele in BKB hou, twee toepaslik gekwalifiseerde en ervare genomineerdes van VKB op die direksie van BKB aangestel sal word. Mnr. Paul Carshagen en Koos van Rensburg is deur VKB se direksie genomineer vir hierdie doel.







Rovatti tractor pumps are well known and have been appreciated by South African farmers for over 50 years. Thanks to unmatched performance, sturdy construction and multiple applications on a modern farm, the range has also become a firm favourite. The wide range, one of the most comprehensive worldwide, has recently been enriched with new models that are now available in South Africa.

**Just ask, Rovatti will have a solution!**

# rovatti pompe



Rovatti Pompe is distributed by  Agrinet

AVAILABLE FROM PARTICIPATING VKB RETAIL STORES



## Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUD gaan voort...

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word oor verskeie uitgawes bespreek.

# Mierkolonie-lesse oor die konsessiebedryf

**D**ie negentiende sakeles wat bespreek word, verwys na 'n mierkolonie as gids vir die konsessiebedryf ("franchising"). Die konsessiebedryf is meer bekend in die volksmond as die "franchise sector". Verskeie familieondernemings is konsessiehouers ("franchisees"). Die eienaar van die konsessiekonsep, byvoorbeeld Wimpy, is die konsessiegewer. Die konsessiegewer is meer bekend in die volksmond as die "franchisor".

Die konsessiebedryf groei teen rasse skrede en bied 'n geleentheid vir diversifikasie van jou kernsakeonderneming. Sommige van my familieboerdery-klieënte het my ook genader om die opsie te oorweeg vir familieledede wat nie direk by die familieboerdery betrokke is nie. Ek verduidelik aan die hand van 'n mierkolonie hoe 'n gesonde konsessiebedryf behoort te funksioneer.

Daar is 'n eindelose hoeveelheid mierspesies in die wêreld wat wissel van trekmiere tot miere wat tot 'n spesifieke area beperk is. Miere is spanwerkers wat, as werker en waghou-miere, almal tot die sisteem bydra. Selfs die moeder, of koningingmier, het 'n verantwoordelikheid teenoor nuutgebore miere.

'n Gemeenskaplike faktor tussen alle spesies is dat hulle harde werkers is. Geen wonder die Goeie Woord verwys na miere as hardwerkend en stuur die luiaard na die mier nie. Die Goeie Woord noem miere ook een van die vier wyse diere, wat die wysste onder die wyses is. Klein soos hulle is, maak hulle genoeg kos bymekaar vir die winter. Miere, soos bye, werk in 'n vasgestelde sisteem met definitiewe reëls en strukture. Vanuit 'n sakeoogpunt is dit soortgelyk aan die konsessiebedryf-konsep.

Om die konsessiebedryf met onafhanklike nuwe sakeondernemings te vergelyk, is soos om saam-doen met alleen-doen te vergelyk. Daar lê krag in getalle – dit skep beter koopkrag en markpenetrasie, die essensie en onderbou van die konsessiebedryf.

Die konsessiebedryf is soos 'n mierkolonie, waar konsessiehouers saamwerk om dieselfde doel te bereik. 'n Enkele mier is baie kwesbaar, selfs 'n groot mier op sy eie kan blitsig deur 'n kolonie klein miere verorber word. Net so kan 'n sterk onafhanklike sakeonderneming gemarginaliseer word deur 'n konsessiekonsep in dieselfde industrie.

'n Mier se brein bevat sowat 250 000 breinselle, terwyl 'n enkele mens se brein sowat 10 000 miljoen breinselle bevat. Met ander woorde, die kollektiewe breinkrag van 'n

mierkolonie van 40 000 miere het gesamentlik die breinkrag van een mens. 'n Vernuftige konsessiegewer sal daarom die kollektiewe breinkrag van al sy konsessiehouers benut om 'n mededingende voordeel te skep.

Die moedermier (koningin) is die konsessiegewer en sy is die een wat die eiers lê (die konsessiekonsep skep) om 'n kolonie van miere (konsessiehouers) te skep. Sy versorg die larwes, kokonne en jong miertjies totdat hulle sterk genoeg is om op hul eie te kan oorleef.

'n Goeie konsessiegewer sal verseker dat die konsessiehouer voorbereid is en beskerm word om op sy eie te kan oorleef en te floreer as deel van 'n kolonie van konsessiehouers. Die voorbereiding sluit in om die konsessiehouer te ondersteun met 'n volledige bedryfshandleiding en opleidingsprogram om die konsessie behoorlik te kan bestuur. Dit kan ook insluit om die konsessiehouer te ondersteun om die regte perseel te bekom en sodoende te floreer.

As die moedermier (konsessiegewer) haar kant gebring het om die mierkolonie (konsessiehouers) voor te berei, sal sy die vrugte daarvan pluk as hul sukses haar begin versorg. Ongeveer 60 dae nadat die eiers gelê is, word die eerste werkmier (eerste konsessiehouer) gebore uit die kokon en is dan slag gereed om te begin werk.

Gou daarna begin die aantal werkmiere (konsessiehouers) vermeerder en 'n floreënde kolonie (konsessiebesigheid) neem vorm aan. Die moedermier ontvang nou voedsel (konsessieheffings) van al die werkmiere en versorg ook die larwes (konsessiehouers in voorbereiding). Dis is tog, ná alles, in die belang van al die konsessiehouers, aangesien die sukses van een konsessiehouer 'n positiewe uitwerking kan hê op die sukses van die ander konsessiehouers.

Voornemende konsessiehouers word aangeraai om die nuwe regulasies van die Verbruikersbeskermingswet van April 2011 te bestudeer. Dit beskryf die verantwoordelikhede van die konsessiegewer en die konsessiehouer in detail. Dit is dus belangrik dat voornemende konsessiehouers moet seker maak dat die konsessiegewer daarop ingestel is om konsessiehouers ten volle te ondersteun volgens die letter van die wet, en nie net konsessies te verkoop vir persoonlike gewin nie.

Die moraal van die storie is: as 'n moedermier (konsessiegewer) haar werkmiere (konsessiehouers) behoorlik versorg, met 'n wen-wen formule, verdien sy die titel van die moedermier, naamlik koningin.

# BEESVET 33+ GROEI JOU BEESTE EN JOU WINS SAAM

Met spesifiek-geformuleerde proteïenkonsentraat, Beesvet 33+, is dit nie net jou beeste wat gaan spog met bultende spiere en massatoename nie ... ook jou beursie gaan bult met die ekstra wins.



Gee die mees ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename.



Stimuleer voeromset en groei as gevolg van die groeibevorderaar.



Verminder voedingsteurnisse en koksidiöse.



Verseker maksimum wins.



uppe marke ting A20899/NKB

## PROTEÏENKONSENTRAAT



Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak:

RCL FOODS: [www.rclfoods.com](http://www.rclfoods.com)

MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | [www.molatek.co.za](http://www.molatek.co.za) | [molatek@rclfoods.com](mailto:molatek@rclfoods.com)

Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)



# 'n Boerderyversekeraar sonder wolhaarstories

As die leier in korttermynversekering vir oor 100 jaar verstaan Santam die boerderybedryf. Daarom verseker ons alles van jou vee en oeste tot jou persoonlike en boerderybates onder een sambreel. **Santam. Regte, egte versekering.**

Bel jou makelaar of gaan na [www.santam.co.za/products/agriculture](http://www.santam.co.za/products/agriculture) vir meer inligting.



Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).

KINGJAMES 48260/A

# Kry die **DEKKING** wat jy benodig



**wkb**  
Brokers

## Oesversekering

In 'n veranderende klimaatomgewing is oesversekering sekerlik een van die algemeenste maniere om jou klimaatrisiko's te verskans. Die oesversekeringsbedryf het in die verlede heelwat veranderinge ondergaan, maar die kern van versekering bly nog steeds om te verseker dat die boer die geleentheid gebied word om homself te verskans dat hy die komende seisoen weer die geleentheid sal kry om weer te kan plant.

Oesversekeringspremies is hoog op sekere gewasse en die vraag ontstaan baie of dit die moeite werd is om die premies te betaal. Die premie wat betaal word en die vergoedingskeuse wat die versekerde uitneem, is die gedeelte wat voor die tyd bekend is aan die boer. Die skade wat moontlik deur die seisoen kan voorkom waarvan die boer nie weet nie, is die onbekende gedeelte. Die uitdaging rakende die bekende en onbekende moet daartoe bydra of die versekerde wil verseker al dan nie.

VKB Brokers evalueer elke jaar die versekeraars wat gebruik word om sodoende te verseker dat die nodige produkte daargestel kan word, om sodoende te verseker dat 'n boer die mees omvattende produkte by VKB kan kry.

In hierdie uitgawe gaan ons fokus op die uitgebreide haelpolis en die verskillende dekking wat gegee word onder die polis.

### Haelprodukte

1. Verseker jou gewasse. Dekking tree in werking sewe dae ná ondertekening van die polis. Betaal jou premie soos aangeteken op die polisskedule.
2. Verseker jou totale landbeplanning en verseker dat dekking in werking tree binne sewe dae. Wysigings kan in jou landbeplanning wees, maar indien die plaas, land en gewas verseker is, sal die land gedek wees indien daar moontlike veranderings op bogenoemde plaasvind. Sodoende word die risiko verlaag dat lande nie verseker word nie, en dat lande verkeerd verseker word.

# Belangrike punte

## 1. Koring

Koring word nog in groot gedeeltes van die VKB/NTK-gebied aangeplant. Koring word hoofsaaklik verseker teen hael, brand en transito, maar die boer het ook die geleentheid om ryp teen 'n addisionele premie te verseker. Indien daar vir ryp verseker word, word die volgende getakseer deur die versekeraars.

- Halmskade – Ysringe wat op die are voorkom; en
- Pitskade – Pitte wat nie bestuif nie as gevolg van ryp wat voorkom en swak bestuwing veroorsaak.

Indien daar nie enige van die bogenoemde tydens die taksasie geïdentifiseer word nie, sal die skade nie erken word as rypskade nie. Die volgende is 'n vereiste om jou koring teen ryp te verseker.

- Alle lande/plase moet verseker word.
- Groeipunte moet onder die grond wees.
- Slegs erkende kultivars met opkomsdatum volgens die LNR se riglyne vir 'n bepaalde gebied sal oorweeg word.
- Rypdekking moet op die eerste polis ingesluit word.
- Dekking tree binne sewe dae in werking.
- Bybetalings vir ryp wissel tussen besproeiing en droëland en is aangetoon op die polisskudede. Die bybetaling is per land.

## 2. Mielies

Daar is 'n baie groot persepsie dat mielies nie skade kry nie, maar volgens navoring is mielies die enigste gewas wat 100% oesverlies het indien hy 100% blaarskade op 'n bepaalde groeistadium kry. Mielies se premie is ook baie laag, wat wel 'n aanduiding is dat die risiko dienooreenkomsig laer is teenoor die ander gewasse.

Wanneer jy jou mielies verseker, is die volgende versekerde gevare ook gedek in die polis – hael, brand, ryp, transito, en Sasria kan addisioneel uitgeneem word.

Dit is ook belangrik om jou mielies se versekerde waarde per hektaar korrek te verseker, aangesien dit in aanmerking geneem word indien daar 'n brand-eis voorkom.

Van die versekeraars tref ook onderskeid tussen verskillende kultivars. Mielies kan dus geklassifiseer word tussen ultra-kort, kort, medium en lank. Vra jou makelaar watter voordele daar sal wees tussen die verskillende polisse.



## 3. Sojas

Sojaboontjies se premies is baie duur. Die rede wat hiertoe bydra is dat hulle opkom gedurende die tydperk waar hael algemeen voorkom. Daar is gereeld voorbeelde waar sojas reeds baie skade het en die mielies langs die sojas geen skade het op 'n vroeër stadium nie.

Dit is ook belangrik dat die sojas op 'n vroeë stadium vinnig getakseer word voor die V3-groeistadium om die saadlobskade te bereken, maar ná die groeistadium word die sojaplante houtagtig en sal die versekeraars moontlik die soja-taksasie uitstel om sodoende die taksasie korrek uit te voer.

Tans word daar nie onderskeid getref tussen bepaalde en onbepaalde sojagroeiers nie.

## 4. Droë bone

Wanneer die kwotasies aangevra word, is dit baie belangrik dat die kultivar vir die makelaar gegee word voordat hy die polis uitreik. Die kultivar word gebruik om te bepaal onder watter tipe groeier die droë bone verseker moet word. Die versekeraars deel die droë bone in drie groepe, naamlik swak, matige en sterk rangers. Indien die kultivar verkeerd verseker word, kan dit die skadepersentasie beïnvloed tydens die taksasie.

## 5. Aartappels

Aartappels se premies is relatief laag in vergelyking met sojas en droëbone. Aartappels kan nooit 100% oesverlies kry nie, aansien daar reeds 'n opbrengs onder die grond is wat uitgehaal en bemark moet word. Wanneer jy jou aartappels verseker, is dit belangrik om die plant/opkomsdatum, kultivar en droëland en besproeiing aan die makelaar te voorsien. Volgens die kultivar is dit dan ook moontlik om die aartappels te verseker as 'n kort groeier (90 dae) of 'n medium groeier (115 dae).

## Wat is die belangrikste punte om te onthou:

1. Verseker jou totale landbeplanning en maak seker die polisse is uitgereik voor die gewas geplant word. Sodoende sal dekking in werking tree as die gewas opkom.
2. Rapporteer enige skade op die versekerde lande binne drie dae.
3. Voorsien duidelike plaaskaarte wat die geplante oppervlakte aantoon. Moenie lande verseker waarvan die oppervlakte nie reg is nie. Indien die geplante oppervlakte 10% kleiner is as die versekerde oppervlakte betaal jy 10% te veel vir jou versekering.
4. Maak seker dat indien die kultivars deurgegee moet word, dit wel gedoen word.
5. Maak seker watter premiebetalingsooreenkoms is met die versekeraars aanvaar en wanneer die eise sal uitbetaal indien daar 'n eis sou voorkom.

**Vir enige verdere navrae kontak jou VKB Brokers-makelaar en maak seker dat jou oeste vanjaar korrek verseker is.**

# Aanvaar onsekerheid as 'n konstante

deur dr. Philip Theunissen

**M**ense wat in landbou, visserye en bosbou werksaam is, het die hoogste selfmoordkoers van alle beroepe. Volgens 'n verslag van die Centers for Disease Control and Prevention (CDC) neem gemiddeld 84,5 mense per 100 000 in die VSA in hierdie industrie hulle eie lewe en dit is bykans twee keer hoër as dié van ander industrieë. Hierdie krisis onder Amerikaanse boere is 'n weerklank van 'n veel groter globale probleem: daar is gemiddeld een keer 'n week 'n Britse boer wat sy eie lewe neem, elke vierde dag beëindig 'n Australiese boer sy eie lewe, in Frankryk sterf daar elke tweede dag 'n boer as gevolg van selfmoord en in Indië het 270 000 boere sedert 1995 hulself om die lewe gebring. Die situasie in Suid-Afrika is nie bekend nie.

Boerdery was oor al die jare heen nog altyd 'n spanningsvolle beroep omdat baie van die faktore wat produksie kan beïnvloed grootliks buite die boer se eie beheer is. Gevolglik is die emosionele gemoedstoestand van betrokkenes by boerderye baie nou verweef met onsekerhede. Boere is daaglik blootgestel aan weerstoestande, natuurrampe, peste en plaë, politieke besluite, wisselende opbrengste en fluktuierende pryse. Daarom is daar genoeg rede om menigmaal per dag deur onsekerheid oorweldig te word. Onder hierdie omstandighede gryp party boere na feite en bewyse; ander soek die oplossing in godsdiens, maar vir 'n sekere groep is selfmoord mettertyd die uiteindelike uitkoms.

## Onsekerheidsindeks

Die realiteit is dat onsekerheid tot 'n wisselende mate altyd deel van enige samelewing is. Die Amerikaanse akademië Scott Baker, Nick Bloom en Steven Davis het 'n model ontwikkel waarmee hulle ekonomiese en politieke onsekerheid kan monitor. Hierdie indeks bestaan uit drie ondersteunende komponente waarvan een die nuusdekking oor politieke verwante onsekerhede kwantifiseer. Die tweede een reflekteer regeringsinisiatiewe en/of -insentiewe wat in die nabye toekoms gaan verval of gaan verander en die derde komponent gebruik die variasie in ekonomiese voorspellings om onsekerheid mee te meet. Die resultaat van hierdie Wêreld Onsekerheidsindeks word in die grafiek aangetoon.



Bron: Economic Policy Uncertainty

Daar is uiteraard 'n noue verwantskap tussen wêreldgebeure – hetsy klimaat, ekonomies of politiek – en die mate van onsekerheid wat daarmee gepaard gaan omdat hierdie insidente feitlik altyd 'n wesentlike finansiële implikasie vir iemand meebring. Van nature neig die mens na absolute gemak. Enigiets buite dit wat as normaal geag word, versteur die gemak en dryf die mens terug na sy status quo en daarom wil hy homself instinkief teen vreemde invloede beskerm. Die ironie is egter dat groei en ontwikkeling van veral 'n boerdery nie in hierdie gemaksones kan plaasvind nie. Ongemak is juis die roete na vooruitgang en voortdurende onsekerheid is daarom die enigste konstante in 'n boerdery se ontwikkeling. Dit is dus belangrik dat 'n boer die onsekerheid moet verstaan, dit as 'n gegewe aanvaar en dit met innovasie tegemoet moet loop eerder as om onsekerheid as verskoning aan te voer om liever niks te doen nie. Dit is waarskynlik wat baie boere wel doen, ten spyte van die neerdrukkende selfmoordstatistiek.

## Bevrediging

Die Britse publikasie, *The Guardian*, het op grond van navorsing wat in 2014 gedoen is 274 beroepe in rangorde geplaas van hoe bevredigend die mense in hierdie beroepe hulle werk ervaar. Die tien mees bevredigende en ook die tien mees onbevredigende beroepe verskyn in die tabel.

# VEELSYDIGE KULTIVARS OM DIE GAPINGS IN 'N VOERVLOEISTELSEL TE VUL



Voergewasse met hoëproduksie, drakrag en smaaklikheid vir 'n verskeidenheid diereproduksiestelsels. Geskik vir melk-, vleisbees- en skaapproduksie. Ideaal vir skaapooie om op te lam en vir die afronding van speenkalwers en lammers.

## ONS VOERGEWASPAKKET

Lusern	Intensiewe Grasse	Droëland Wintergewasse	Eenjarige Subtropiese Gewasse
Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooitipes	Eenjarige Raaigras Meerjarige Raaigras	Hawer Korog Stoelrog Japannese Radys	Voersorghum Tef



**PANNAR**<sup>®</sup>

*Saam boer ons  
vir die toekoms*<sup>™</sup>

infoserve@pannar.co.za  
www.pannar.com



TABEL: RANGORDE VAN WERKSBEVREDIGING

RANGORDE	BEROEP	MEDIAAN	BEVREDIGING
1	Geestelike werkers	£ 20 568	8.3
2	Hoof uitvoerende beamptes en topbestuur	£ 117 700	8.0
3	Bestuurders in landbou	£ 31 721	7.9
4	Maatskappysekretarisse	£ 18 176	7.9
5	Kwaliteitskontroleurs	£ 42 898	7.9
6	Gesondheidsorg en hospitaalbestuurders	£ 31 267	7.8
7	Mediese praktisyne	£ 70 648	7.8
8	Boere	£ 24 520	7.8
9	Hotel- en gastehuisbestuurders	£ 32 470	7.8
10	Toesighouers vakmanne	£ 35 316	7.8
265	Plastiekproses operateurs	£ 21 066	6.7
266	Kroegpersoneel	£ 7 317	6.7
267	Reisversorgers vir gestremdes	£ 7 343	6.6
268	Sport en ontspanningsassistentie	£ 11 651	6.6
269	Telebemarkers	£ 17 362	6.6
270	Vloer en muurtelers	£ 23 547	6.6
271	Industriële skoonmakers	£ 15 241	6.6
272	Skuldinvorderaars	£ 17 371	6.6
273	Elementêre konstruksie	£ 20 910	6.4
274	Bestuurders van persele met dranklisensies	£ 25 222	6.4

Bron: BBC Magazine, 2014

Volgens die tabel was geestelike werkers (predikante, pastore en priesters) met 'n mediaanvergoeding van £20 568 per jaar die gelukkigste mense in hulle beroep, gevolg deur korporatiewe bestuurders met 'n mediaanvergoeding van £117 700 per jaar. Bestuurders in landbou, met 'n mediaanvergoeding van £31 721 per jaar, was derde en boere was in die agtste plek terwyl hulle met 'n mediaanvergoeding van £24 520 tevrede was. Onder die tien onbevredigste beroepe tel bestuurders van persele met dranklisensies, telebemarkers en skuldinvorderaars met mediaanvergoedings van onderskeidelik £25 222, £17 362 en £17 371.

Daar is duidelik nie 'n verwantskap tussen vergoeding en werksbevrediging nie. Die navorsers kom tot die gevolgtrekking dat werksbevrediging veel eerder verband hou met hoe betekenisvol die beroep is en veral of dit ander mense in die uitoefening daarvan beter kan laat voel. Werksbevrediging hang dus grootliks daarvan af of die beroep tot voordeel van iemand anders beoefen kan word. Dit is waarskynlik hoekom die meerderheid boere steeds verbind tot hulle beroep bly ten spyte van beserings, weerstoestande, politieke inmenging en die gevolglike onvoorspelbare finansiële vergoeding wat daarmee gepaardgaan.

## Agrariese imperatief

Die sielkundige en self 'n boer dr. Michael Rosman van die VSA definieer hierdie verbintenis wat boere voel om voedsel tot voordeel van ander te produseer as die agrariese imperatief. Dié teorie beklemtoon juis dat mense wat in landbou betrokke is 'n baie sterk genetiese drang het om noodsaaklike lewensmiddele soos voedsel, vesel, skulling en brandstof aan ander te verskaf, ter wille van die gemeenskap se oorlewing. Daarmee saam gaan daar ook die drang om ten alle koste aan die hulpbronne, veral grond, te klou wat hierdie middele kan produseer.

Terwyl die agrariese imperatief oorerflik blyk te wees, word die boerderypraktyke waarmee dit uitgevoer word, aangeleer. Gevolglik motiveer die aanvanklike drang van verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap boere om buitengewoon hard te werk, te volhard in wat hulle doen en om risiko's aan te gaan om te kan produseer. Hierin lê volgens Rosman terselfdertyd ook die paradoks omdat sommige boere wanhopig raak as hulle nie hierdie instinktiewe roeping kan vervul nie. Dieselfde dryfkrag

wat sukses meebring, oorbeklemtoon dan soms ook die mislukking wat daarmeegepaard gaan, tot by 'n punt waar selfmoord dalk 'n uitkoms kan wees.

## Geestelik sterk

Een van boere se grootste sterkpunte is die vermoë om hulself op te tel, af te stof en weer die een voet voor die ander te sit as hulle 'n terugslag beleef het. Hierdie hardkoppige volharding is deurslaggewend om weerstand teen ongunstige weer, dalende markte en politieke retoriek te bied. Boere is op hul plase vir die lang duur en gebruik hierdie terugslae om dit wat hulle veronderstel is om te doen net telkens nog beter te doen. In hierdie geestelike vasberadenheid lê die verskil tussen terugsit en kla oor wat gebeur het of om daadwerklik vir soortgelyke gebeure in die toekoms voor te berei. Dié boere met deurstellingsvermoë beheer wat hulle kan beheer, ignoreer wat nie op hulle van toepassing is nie en beplan voortdurend om dit te hanteer wat hulle nie kan beheer nie. Sodoende skep die ongemak van onsekerheid voortdurend nuwe geleenthede vir groei en vooruitgang.

'n Passie vir dit wat hulle doen skep ook die nodige deurstellingsvermoë om deur onseker tye te kom. Dit is dikwels die verskil tussen opgee en aanhou. Onsekerheid is volgens die grafiek nie kumulatief nie en ná elke insident van onsekerheid is daar gewoonlik weer periodes van sekerheid wat die kans bied om emosioneel kragte te herwin en finansiële te herstel. Die goeie nuus is dat dié wat die periodes van onsekerheid oorleef telkens beter toegerus is om die volgende insident van onsekerheid tegemoet te gaan.

## Genot

In Suid-Afrika skep die voortslepende vyandige politieke retoriek oor grondbesit tussen politieke partye en die gereelde grusame berigte oor plaasaanvalle 'n konstante negatiewe stroom mediaberigte oor boerdery. Dit is sensasioneel en lok kykers of lesers, maar té veel blootstelling aan sulke berigte of té veel deelname aan sulke gesprekke moet noodwendig die sombere stemming skep waarbinne boere hulself as mislukings kan beskou en selfmoord dan as 'n uitkoms oorweeg kan word.

Dit bly egter altyd 'n unieke ondervinding om elke nuwe seisoen 'n saadjie uit 'n sak te haal, dit in die grond te druk en te kyk hoe dit groei. Om iets te laat groei, hetsy 'n plant of 'n dier, lê aan die voet van boerdery. Hierdie basiese beginsel van boerdery het eeue gelede ook die saadjie geplant sodat die mensdom kon groei, tot só 'n mate dat beskawings en stede uit voedselsekerheid kon groei. Om dit te kon vermag, moes boere 'n hoë werksetiek handhaaf, aanpasbaar wees, bereidwilligheid toon, positief bly, geduldig wees, nederig bly, passievol wees, binne 'n omgewing wat altyd verander. Dit is gevolglik 'n beroep waar 'n mens nooit die beste kan wees in nie, maar dinge net altyd beter kan doen. Die bevrediging van boerdery lê dus daarin dat daar oor geslagte heen steeds ruimte vir verbetering en vernuwing was, juis as gevolg van al die onsekerheid.

BRONNE:

- Easton, M. Vicar or publican - which jobs make you happy? BBC Magazine. 20 March 2014.
- Frye, D. What do top farmers have in common? Mental toughness or 'grit' is a daily choice for today's farmers. 6 July 2015.
- Namale, L. Developing Mental Toughness - Part II. Patience. 6 September 2018.
- Rosman, M. The agrarian imperative: a construct. May 2010.
- Sents, N. Stress Act Introduced to Address Farmer Suicide. 4 July 2018.
- The World Uncertainty Index. <http://www.policyuncertainty.com/>
- Tye, S & Altamirano, J. Embracing the Unknown: Understanding Climate Change Uncertainty. World Resources Institute, 30 March 2017.
- VIDEO: What makes a farmer? Corteva Agriscience. Youtube.



# « Nuwe perspektief nuwe insig.»

Gratis toegang vir  
Kynoch-klieënte.\*

## KynoPrecise™ Neem ingeligte besluite.

**Kynoch** is aan die voorpunt van innovasie en die nuutste wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling om jou te ondersteun in jou soeke na maksimum winsgewendheid. Met **KynoPrecise™** kry jy toegang tot plekspesifieke inligting sodat jy die regte keuses vir jou plaas kan maak.

Die **KynoPrecise™**-programmatuur sluit die volgende in:



### **KynoRover™**

- Op jou slimfoon of tablet vir uitstekende mobiliteit vir gebruik in die veld.
- Alles wat jy nodig het, bv. navigasie, monsterneming, verkenning, verslae, ens.



### **KynoEye™**

- 'n Webblaaier waar jy al die beskikbare inligting op een plek kan kry bv. grondkaarte, satellietbeelde, opbrengskaarte, ens.



### **KynoAnalytics™**

- Die allernuutste in die integrasie en opeenstapeling van data om die verband wat daar tussen die verskillende faktore op jou plaas bestaan, betekenisvol te ontleed.

**KynoPrecise™** gee jou plekspesifieke insig en die nuutste inligting sodat jy ingeligte besluite kan neem.

\* Bepalings en voorwaardes geld. Kontak u naaste Kynoch-agent of Kynoch-landboukundige.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | [info@kynoch.co.za](mailto:info@kynoch.co.za) | [www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za)



# Kynoch

## KynoPrecise™

# Wat is 'n serwituut en hoe werk dit?

“Serwituut” is een van daardie woorde wat sy gereeld in gesprekke en geskrifte raakloop, wat Hannelie Cronjé genoep het om aan die hand van die volgende twee voorbeelde van vrae aan kenners die begrip onder die knie te kry.

**In** die eerste vraag aan Sanette Viljoen van Solidariteit vra die skrywer juis: Wat is 'n serwituut en hoe werk dit? Haar antwoord hierop is die volgende:

'n Serwituut is 'n reg waaroor een persoon beskik om te gebruik en te geniet ten aansien van die eiendom van 'n ander persoon. Dit is anders as by wyse van 'n huurooreenkoms of soortgelyke vervreemding of beskikking. Daar is twee tipes serwituute:

– 'n Egte (volwaardige) serwituut betrek altyd twee stukke grond wat afsonderlik geëien word; en

– 'n Persoonlike serwituut ken sekere regte toe aan 'n individu vir 'n spesifieke tydbestek (lewenslank op die meeste). Persoonlike serwituute ontstaan gewoonlik as gevolg van 'n testament of kontrak.

Indien u oor die reg tot serwituut beskik om u beeste oor 'n buurplaas, wat nie aan u behoort nie, te jaag, is u plaas die “heersende erf” en die ander die “dienende erf”.


Serwituute word geregistreer teen die titelaktes van die eiendomme in die aktesregister. As 'n serwituut nie geregistreer word nie sal dit nie bindend wees op die opvolgende eienaars van die dienende eiendom nie, tensy hulle daarvan bewus sou wees.

Egte serwituute mag ook gevestig word deur die staat, soos in die geval van grond waarop 'n pad of spoorlyn gebou was. Die meeste egte serwituute is die resultaat van 'n ooreenkoms tussen twee partye oor die trefwydte van die serwituutregte, die bedrag betaalbaar deur die heersende party aan die dienende party as konsiderasie vir die toelaat om die serwituut daar te stel, en die tydperk waarvoor die serwituut geldig sal bly. Die serwituut ontstaan as 'n reg slegs wanneer dit geregistreer word teen die titelaktes van die dienende eiendom.

'n Serwituut kan ook verkry word deur middel van preskripsie, byvoorbeeld: 'n grondeienaar mag aantoon dat hy openlik sy buurman se grond gebruik het vir 'n periode van 30 jaar – byvoorbeeld om beeste daarvoor te jaag – sonder dispuut. Hy sal dan geregtig wees om die serwituut te registreer teen die titelaktes van die dienende erf.

Enige van die partye is geregtig om die ander te vervolg vir skade veroorsaak indien daar gemeen word dat die regte ingevolge die ooreenkoms oorskry is of indien een party verlies gely het. Indien geen werklike verlies bewys kan word nie, kan 'n interdik verkry word om enige verdere kontrakbreuk te voorkom. Enige party mag by die hof aansoek doen vir 'n deklarasie van regte.

'n Serwituut kan ook verkry word deur middel van preskripsie, byvoorbeeld: 'n grondeienaar mag aantoon dat hy openlik sy buurman se grond gebruik het vir 'n periode van 30 jaar – byvoorbeeld om beeste daarvoor te jaag – sonder dispuut. Hy sal dan geregtig wees om die serwituut te registreer teen die titelaktes van die dienende erf.



In die tweede voorbeeld vra die skrywer aan Butch van Blerk, direkteur: Bill Tolken Hendrikse Ingelyf:

## Wat is die verskil tussen serwituut-pypleiding en reg van waterleiding?

My buurman het 'n serwituut tot die fonteinwater uit die fontein in 'n berg. Die verdeeldam is op my eiendom. Ons is vier aandeelhouers in die water. Die notariële akte van 1926, soos na verwys in die titelaktes, omskryf sy regte as serwituut tot een vyfde-aandeel tot water en reg tot waterleiding (wat eers vore was waarin water geloop het).

Toe ek die eiendom geërf het, het sy water in 'n pyp geloop bo-op die grond. My akte verwys nie na enige reg tot toegang oor my eiendom na sy serwituut van water nie. Die wet sê hy het reg tot redelike toegang. Wat is redelik?

Wat is die verskil tussen 'n pyplynserwituut en 'n reg tot waterleiding? Hy maak nou aanspraak op 'n serwituut vir sy pyplyn en eis sleutels van my persoonlike hek waardeur hy tien jaar beweeg het wat redelik op aanvraag oopgemaak is.

Hy het kom vra om die pyp te vervang en ons het mondelings ooreengekom dat die pyp ondergronds geplaas moet word en dat die sloot vir die nuwe pyp slegs met die hand gegrawe moes word om skade aan die natuur en bome te beperk.

Met die ooreenkoms in plek het hy een helfte van die sloot met die hand laat grawe en toe sonder my toestemming en kennis op my eiendom gegaan en 'n groot stuk natuur voor die "serwituut" en binne die "serwituut" vir die ander helfte van die pyp my natuur totaal ontbos en die verdelingsdam sonder toestemming gebreek om die nuwe pyp in te plaas.

Ek voel hy kry nou meer water as die een vyfde aandeel. Wat is my regte?

### Antwoord

Soos u verduidelik, het u buurman die reg tot een vyfde van die water uit die fontein. Die water uit die fontein word tans in die verdeeldam opgegaan. U buurman beskik oor 'n waterserwituut, naamlik 'n reg tot waterleiding.

Dit behels die reg om water vanaf óf die fontein óf die verdeeldam op u grond (die dienende eiendom) na sy grond (die heersende eiendom) te lei.

Die water kan in 'n oop leivoor of in pype na sy grond aangebring word. Die term vir hierdie serwituut is servitus aquaeductus of serwituut van waterleiding.

Vir doeleindes van sy serwituut het hy die reg van toegang tot u eiendom (die dienende grond) om die water aan te bring. Hy is dus geregtig op 'n sleutel om toegang tot die verdeeldam te verkry. Dit vorm deel van sy serwituut van waterleiding.

Indien u hom hierdie reg sou ontnem, sou hy die hof kon nader en 'n spoliásiebevel (besitsversteuring) teen u verkry wat u verplig om hierdie serwituut ongestoord aan hom te verleen.

Indien die water met 'n pypleiding na sy grond aangebring word, is hy verplig om die pypleiding te vestig en in stand te hou. Die uitoefening van sy serwituut moet met redelike optrede gepaardgaan.

Hy mag dus nie die verdeeldam in die proses beskadig nie en u sou hom vir herstelkoste aanspreeklik kon hou.

U vraag of die grawe van die sloot met 'n slootgrawer onredelike optrede behels, sal van omstandighede afhang, maar 'n mens se gevoel is dat dit nie as onredelik beskou kan word om 'n sloot hiervoor met 'n slootgrawer te grawe nie.

Ten einde te verseker dat hy nie meer as een vyfde van die water onttrek nie, kan u van hom vereis om 'n watermeter op sy koste te installeer en indien hy daarmee sou versuim, kan u 'n meter op sy koste installeer.

U sal hiervoor voldoende kennis aan hom moet gee dat, indien hy sou versuim, u 'n meter gaan installeer om die hoeveelheid water te meet, en hy vir die koste daarvan aanspreeklik sal wees.



# Die regte rywydte en plantpopulasie-kombinasie op sojabone

deur Jacques van Zyl, junior landboukundige VKB

Sojaboonproduksie het in die afgelope paar jaar drasties gegroei in die Vrystaat, maar die gemiddelde opbrengs in nog onder 1,8 ton/ha. Daar is wel enkele leierboere met jaarlikse opbrengste van bo 3 ton/ha, maar dié is in die minderheid. Die vraag ontstaan egter dadelik hoe kan opbrengste verhoog word? Deur slegs te kyk na twee bestuurspraktyke, naamlik rywydte en plantpopulasie en die regte kombinasie daarvan kan dit 'n betekenisvolle verhoging in opbrengs tot gevolg hê. Hierdie artikel berig oor die optimale plantpopulasies by sekere rywydtes, en hoe dit vergelyk met die afgelope seisoen se navorsing gedoen op rywydtes en plantpopulasies in die VKB-gebied.

Sojabone het die vermoë om min of meer dieselfde opbrengs te produseer oor 'n wye reeks plantpopulasies. Die rede hiervoor is dat sojabone oor 'n uitstekende kompenseringsvermoë beskik. Sojabone besit die vermoë om produksie van sytakke en peule te reguleer afhangende van die beskikbare spasie vir ontwikkeling. Sojaboonplante sal teen hoë plantpopulasies meer regop ontwikkel met minder sytakke en peule per plant, waar sojaboonplante teen laer plantpopulasies meer bosagtig sal ontwikkel met meer sytakke en peule per plant.





Die aanpassing van rywydtes na nouer rye is die een bestuurspraktyk wat opbrengspotensiaal van sojabone drasties verhoog volgens studies wat wêreldwyd asook in die VKB-area self gedoen is. Die rede hiervoor: nouer rywydtes onderskep vroeër in die seisoen meer lig omdat die blaredak vinniger toemaak as by wyer rywydtes. Nouer rye onderdruk ook die opkoms en ontwikkeling van onkruid vinniger en verlaag verdamping vanaf die grond as gevolg van die skadu-effek van die vinniger vormende blaredak. Nouer rywydtes verlaag ook die binnery-kompetisie tussen plante vir water, voedingstowwe en sonlig.

Met verskillende rywydtes is die vraag wat is die optimale plantpopulasie vir 'n bepaalde rywydte? Volgens Wessel van Wyk verskil die optimale plantpopulasie vir elke rywydte (Tabel 1). Van Wyk het die tabel opgestel ná jare lange proewe om die boer te help in die aanpassing van plantpopulasies vir 'n bepaalde rywydte. Van Wyk se aanbeveling is dat daar nie meer as 30 sade per lopende meter moet wees nie, anders is die binnery-kompetisie tussen plante net te veel. Hy sê ook sade van 10 cm en verder tussen mekaar sal lei tot swak opkoms.

Tabel 1. Optimale plantpopulasies vir verskillende rywydtes


	Plantpopulasie Aantal sade per meter; (Afstand tussen sade in cm)					
Rywydte	150 000	200 000	300 000	400 000	500 000	600 000
0,38 m	6 (16,6)	8 (12,5)	11 (9,1)	16 (6,25)	19 (5,3)	23 (4,38)
0,45 m	7 (14,3)	9 (11,1)	14 (7,14)	18 (5,55)	23 (3,70)	27 (3,70)
0,525 m	8 (12,5)	11 (9,1)	16 (6,25)	22 (4,35)	26 (3,85)	32 (3,13)
0,60 m	9 (11,1)	12 (8,33)	18 (5,55)	24 (4,17)	30 (3,33)	36 (2,78)
0,76 m	11 (9,1)	15 (6,67)	23 (4,35)	30 (3,33)	38 (2,63)	46 (2,17)
0,90 m	14 (7,14)	18 (5,55)	27 (3,70)	36 (2,77)	45 (2,22)	54 (1,85)

## LEGENDE

	AANBEVEEL		MAKSIMUM/MINIMUM
	PROBLEEM		NIE AANBEVEEL

**Plantpopulasie**  
Aantal sade per meter; (Afstand tussen sade in cm)  
Die aantal sade per lopende meter moet verkieslik nie meer wees as 30 nie en nie minder as 10 nie. Sade nader as 3 cm van mekaar veroorsaak te veel binnery-kompetisie en verder as 12,5 cm sal nie behoorlik opkom nie  
Rywydte bepaal dus keuse van plantdigtheid

Die afgelope drie jaar het VKB 'n verskeidenheid sojaboonproewe by verskillende lokaliteite binne die VKB-area gedoen. Rywydte in kombinasie met plantpopulasie-, groeiklas- en plantdatumproewe toon al vir drie jaar dat nouer rywydtes hoër opbrengste lewer (Figuur 1). Die noue rywydtes in die proewe het gewissel tussen 0,30 m, 0,38 m en 0,455 m en die wyer rye 0,60 m, 0,78 m en 0,91 m. Nouer rywydtes het oor die drie jaar gemiddeld tussen 300 en 500 kg/ha beter presteer oor 'n wye reeks plantpopulasies en groeiklasse. Opbrengste oor 'n wye reeks plantpopulasies van 150 000, 200 000, 300 000, 400 000, 500 000 en 600 000 plante/ha het ook redelik konstant gebly (Figuur 1). Die vraag is egter, is dit nodig om sojabone teen sulke hoë plantpopulasies te plant?



**Fig 1. Gemiddelde sojaboonopbrengs vir verskillende groeiklasse en rywydtes van die laaste 3 jaar**

Die inligting toon in Tabel 1 aan dat plantpopulasies van tussen 400 000 en 600 000 plante/ha vir rywydtes 0,38 m tot 0,525 m aanbeveel word. Daar moet egter ook na die ekonomie gekyk word in terme van saadkoste en ook na die afgelope drie jaar se resultate dat laer plantpopulasies van tussen 200 000 en 300 000 plante/ha soortgelyke opbrengste gelever het as die hoër plantpopulasies. Vir die wyer rye van 0,60 m, 0,76 m en 0,90 m is die aanbevole plantpopulasies tussen 200 000 en 300 000 plante/ha wat ooreenstem met die proefresultate van VKB. Met alles in ag geneem, blyk dit dat plantpopulasies tussen 200 000 en 300 000 plante/ha vir al die rywydtes, veral in die VKB-area, die aanbevole plantpopulasie is vir optimale opbrengs. Dit is egter baie belangrik dat boere hierdie tipe proewe en met hul eie kultivars doen op hul eie plaas om sodoende die mees geskikte rywydte/plantpopulasie-kombinasie te identifiseer.

Die doel van hierdie artikel is egter nie om die boer te oorreed om 'n nuu-rywydte-planter te gaan koop nie, maar eerder uit te wys wat moontlik is om opbrengste te verhoog, asook die klem te lê op die regte keuse van plantpopulasies vir die gegewe rywydte wat 'n boer op die plaas gebruik. 'n Artikel oor die resultate van VKB se proewe met 'n ekonomiese ontleding volg.





# Die wolbedryf se Kode vir Beste Praktyk (KVBP): Wat is dit en waarom is dit belangrik vir wolboere?

deur Jan Louis Venter

**S**edert die vroeë 2000's het wol begin wegbeweeg van die kommoditeitsmark en in 'n spesialiteitsmark gevestig begin raak. Die gevolg hiervan is dat die eindverbruiker al meer vrae vra oor die produksieprosesse van wol. Die eindverbruiker het – wêreldwyd en in byna alle bedrywe – 'n verbruikersgewete ontwikkel. Net so plaas omgewingsdrukgroepe en menseregte-groepe druk op kleinhandelaars om eties geproduseerde produkte aan te hou. Nie net moet die produkte eties geproduseer word nie, maar die produsent moet bewyse kan lewer dat hierdie produkte wel so geproduseer is. Daarom is 'n aanvaarde Kode vir Beste Praktyk (KVBP) – en om dit deurlopend te volg – belangriker as ooit.

## Die ryke geskiedenis van beste praktyk

Die KVBP is al baie jare gelede deur die wolbedryf opgestel en aanvaar. Dit stel produsente in staat om te bepaal of hul wolproduksiestelsels aan die eis vir sosiale verantwoordelikheid en aan internasionale gehaltstandaarde voldoen. Dit is belangrik dat produsente hierdie riglyne sal gebruik in hul daaglikse aktiwiteite op die plaas.

Gelukkig is die meeste produsente reeds van nature daarop ingestel om die riglyne van die kode na te volg en word dit algemeen toegepas. Ongelukkig is daar ook produsente wat hulle nie hieraan steur nie en dit kan maklik veroorsaak dat die hele bedryf skade ly deurdat wolprodukte as gevolg van onetiese praktyke van alle winkelrakke verwyder kan word.

Die kode bied 'n raamwerk waarbinne wolskaapboerdery in Suid-Afrika beoefen behoort te word. Veral volhoubare boerderypraktyke wat dierewelsyn, natuurbewaring en sosiale verantwoordelikheid insluit, word omskryf om aan bepaalde produksiestandaarde te voldoen. Die kode is 'n lewendige dokument en word van tyd tot tyd aangepas om aan die eise van veranderende

produksieomstandighede te voldoen. Die handleiding fokus veral op die volgende verantwoordelikhede met betrekking tot diere- en omgewingswelstand:

- Voorsiening van voldoende voeding aan diere vir onderhoud, groei en reproduksie;
- Voorkoming van pyn, beserings en siektes deur goeie dieregesondheidspraktyke;
- Voorsiening van 'n omgewing waar skape hul natuurlike gedrag kan uitleef;
- Beskerming teen vrees en ongemak;
- Beskerming teen roofdiere;
- Beskerming teen lewensgevaarlike weerstoestande;
- Beheer oor die gebruik van medisyne en voorkoming van blootstelling aan onnodige of onwettige gifstowwe;
- Bewaring en beskerming van natuurlike hulpbronne; en
- Sosiale/etiese verantwoordelikhede van wolskaapboere.

Die voldoening aan etiese produksiestandaarde is lankal reeds algemene praktyk in die vrugtebedryf en geen vrugte kan uitgevoer word alvorens die produsent aan sekere minimumstandaarde voldoen nie.

Daar is eweneens wolkopers wat reeds te kenne gee dat hulle geen wol sal koop wat nie aan sekere minimumproduksiestandaarde voldoen soos in die Kode vervat is nie. Dit is dus baie belangrik dat elke produsent sy produksie sal rig om aan hierdie minimumstandaarde van die KVBP van die wolbedryf te voldoen. Dit kan jou produksie, dierewelstand en gesondheid, wolverkope en profyte net goed doen.

# Algemene beste praktyke vir skaapboere

deur Gawie van Wyk

'n Groot aantal voorkomende boerdery- en bestuurspraktyke is nodig om produksie en verliese as gevolg van siektes in die boerderybesigheid te beperk. Sekere noodsaaklike praktyke en maatreëls kan vir 'n kort tyd groot ongemak by diere veroorsaak. Enige praktyk wat pyn veroorsaak, moet dus uitgevoer word om so min as moontlik ongerief te veroorsaak – en ook slegs wanneer daar nie 'n praktiese alternatief beskikbaar is wat die gewenste resultaat sal lewer nie. Bestuursprosedures moet deur 'n opgeleide persoon uitgevoer word en korrekte higiëniese voorsorgmaatreëls moet telkens getref word. Hier volg algemene maatreëls wat elke trotse skaapboer moet gehoorsaam om sy diere se gemak en gesondheid te kan verseker:

## Afsit van sterte

Navorsing toon dat die afsit van lammersterte 'n aansienlike verlagings in brommeraannevalle tot gevolg het en geen negatiewe effek op produksie en lamoorlewings het nie. Die volgende metodes kan gebruik word:

- 'n Gasverhitte tang om lammersterte af te sit word as voorkeurmetode aanbeveel. Die metode steriliseer en brand die are doeltreffend toe op die afgesnyde punt.
- Sterte kan ook afgesit word deur 'n skerp mes te gebruik.
- Die eenvoudigste manier om die stert af te sit, is om van 'n rekkie gebruik te maak wat deur 'n rekkietang om die stert gesit word. Dié manier is bloedloos. Die stert val binne sewe tot tien dae af. Die oorblywende stert moet lank genoeg wees om 'n ooi se uitwendige genitalië en die ram se anus te bedek. Sterte wat te kort afgesit word, beskadig die ringspiere rondom die anus en kan rektale uitsakking veroorsaak.

## Kastrasie

Die kastrasie van ramlammers word slegs regverdig as hulle tot ná seksuele volwassenheid op die plaas gehou word. Die gebruik van 'n kastreertang word as voorkeurmetode aanbeveel, mits dit deur 'n bekwame persoon gebruik word. 'n Alternatief is om 'n rekkie om die nek van die skrotum te plaas. Die skrotum sal verdroog en binne twee tot drie weke afval. Dié metode is wel pynlik en behoort vanaf twee weke ouderdom gedoen te word en nie later as ses weke nie.

Lammers kan die tetanuskiem optel nadat sterte afgesit is of ná kastrasie, daarom behoort ooeie voor lamtyd ingeënt te word, wat dan immuniteit by lammers verseker.

## Versorging van kloutjies

Kloutjies van skape kan uitgroei, veral op sagte grond en weidings. Dit verswak 'n dier se loopvermoë en daarom moet die kloutjies geknip word wanneer nodig.

## Knip van horings

Dit is soms nodig om horings by sommige skape terug te knip om beserings te beperk, die vloei van skape in drukkange te bevorder en om beserings deur ingroei-horings te beperk.

## Lamtyd

Ooie moet toegelaat word om met so min as moontlik inmenging te lam. Wanneer dit noodsaaklik is om ooeie tydens geboorte by te staan, moet sorg gedra word dat dit gedoen word deur 'n bekwame persoon wat goeie higiëniese praktyke en aanvaarbare tegnieke toepas. Dit neem ongeveer ses uur vir 'n ooi om, nadat sy gelam het, haar lam te herken en om 'n band met die lam te vorm. 'n Kort lamseisoen, die skandering van ooeie en die identifisering van meerlinge en lamperiodes vergemaklik lambestuur.

## Skeer van skape

Skape moet verkieslik deur opgeleide skaapskeerders geskeer word. Onnodige hantering van skape moet vermy word. Pas geskeerde skape moet waar moontlik nie aan uiterste weersomstandighede blootgestel word nie. Skeerwonde moet behandel word om infeksies en brommeraannevalle te voorkom. Dit is belangrik om die oordrag van siektes tydens skeer te beperk. Die korrekte ontsmettings- en higiëniese prosedures moet gevolg word om die verspreiding van aansteeklike siektes deur middel van skeertoerusting en skeerders binne of tussen kudde te voorkom.

## Mulesing (verwydering van stertvelvoue)

Hierdie operasie as praktyk is onaanvaarbaar en mag nie in Suid-Afrika toegepas word nie.

Geneem uit die Kode vir Beste Praktyk, aflaaibaar by die skakel: <http://www.capewools.co.za>



# Bestuur groeistadiums van die mielieplant


Daar steek meer in 'n mielieland as wat dit op die oog af lyk. Dit is 'n produksie-eenheid met duisende doeltreffende “fabrieke” per hektaar, wat energie deur middel van fotosintese produseer.

Die roumateriaal vir die fabrieke (plante) is water en minerale, voedingstowwe uit die grond en koolstofdioksied en suurstof uit die atmosfeer. Die plante word aangedryf deur sonlig as energiebron en vervaardig koolhidrate, proteïene en olie wat as graan gestoor word.

Die groei, ontwikkeling en opbrengs van die mielie is 'n funksie van die plant se genetiese potensiaal en omgewingstoestand waaronder die plant verbou word. Die mielieplant is grootliks hiervoor van die natuur afhanklik. Tog kan die produsent die omgewing manipuleer met sy bestuursvaardighede, asook basterkeuse, grondbewerking, wisselbou, bemesting, besproeiing en plaagbeheer. 'n Produsent wat die groei en ontwikkeling van mielies verstaan, sal betyds die regte produksiepraktyke vir hoër opbrengste en wins toepas.

In hierdie artikel word die kritiese groei- en ontwikkelingsstadia wat nodig is vir optimale groei en produksie uiteengesit.

## Identifisering van belangrikste ontwikkelingsstadia



## Vegetatiewe stadia

- VO: opkoms
- V1: eerste blaar
- V2: tweede blaar
- V3: derde blaar
- Vn: getal blaar
- VT: pluimverskyning

## Reproduktiewe stadia

- R1: baardverskyning
- R2: waterblasie
- R3: melk
- R4: deeg
- R5: duik
- R6: fisiologiese rypwording

Die vegetatiewe stadia word met 'n V aangedui tot by die VT-stadium, wanneer die pluim verskyn, waarna die reprodktiewe stadia met 'n R aangedui word. Elke spesifieke V- of R-stadium word gedefinieer wanneer ongeveer 50% of meer van die plante in die betrokke stadium is.

Blaarstadia is belangrik, veral as daar sekere chemiese bespuiting gedoen moet word wat aan spesifieke blaarstadia gekoppel is.

Elke blaarstadium word geïdentifiseer deur die boonste blaar waarvan die kraag sigbaar is. Teen ongeveer die V6-stadium skeur die onderste blare van die stam af as gevolg van die stam se verdikking en groei. Om die blaarstadium ná ongeveer die pienblaarstadium te bepaal, tel vyf by die getal blare waarvan die kraag sigbaar is, omdat die eerste vyf blare gewoonlik teen dié tyd verdwyn het.

Om die regte V-stadium akkuraat te bepaal kan die stam deurgesny word. Die eerste node bokant die eerste verlengde internode (ongeveer 1 cm lank) verteenwoordig die vyfde blaar en kan as verwysingspunt gebruik word om die groeistadium te bepaal.


Hoewel elke stadium van ontwikkeling belangrik is, fokus ons op die bestuursriglyne vir die VO-, V3-, V5-, V12-, V18-, R1- en R2- tot R6-groeistadiums.





# « Kynoch »

## Herdefinieer kunsmis met ons verbeterde grondoplossing™ »



uppe marketing A17326

By Kynoch glo ons deur verskillende roumateriale te kombineer, die grondoplossing sodanig bestuur kan word dat die plantbeskikbare voedingstowwe in die grondoplossing verhoog kan word juis wanneer dit die meeste saak maak.

Deur die grondoplossing te bestuur, kan die opname van voedingstowwe verbeter word wat verbeterde opbrengste, gehalte en winsgewendheid tot gevolg kan hê.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | [info@kynoch.co.za](mailto:info@kynoch.co.za) | [www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za)



# Kynoch

## VO: Opkoms

'n Uniforme plantestand is die eerste stap om die opbrengspotensiaal te optimaliseer. Koel temperature tydens plant beperk oor die algemeen die absorpsie van voedingstowwe uit die grond en is verantwoordelik vir stadige ontwikkeling.

Bandgeplaasde kunsmis speel 'n belangrike rol op hierdie stadium. Dit word deur die primêre wortel opgeneem en gee die 'pop-up'-effek wat benodig word vir 'n sterk saailing.

Grondtemperature van hoër as 15 °C is gunstig vir egalige en vinnige ontkieming, indien genoegsame vog beskikbaar is. Saailinge wat lank neem om op te kom, kan ook aanleiding gee tot 'n verhoogde kans om kop- en pluimbrand te ontwikkel, aangesien die patogene die plant deur die koleoptiel binnedring. Die swam groei slegs agter die groeipunt van die mielieplant aan en is eers sigbaar tydens die mielieplant se blomstadium. Dit kom te voorskyn in die kop en in die pluimweefsel. Hoe langer die plant neem om op te kom, hoe groter is die kans vir die swam om binne-in die plant te vestig.

Grasdoderskade word gekoppel aan koue, nat toestande. Grasdoders word deur die koleoptiel van die mielieplant opgeneem. Hoe langer die plant neem om bogronds te verskyn, hoe groter is die risiko vir skade.

### V3-stadium

Tydens die V3-stadium is die groeipunt nog ondergronds en word op hierdie baie vroeë blaarstadium veral deur grondtemperature beïnvloed. Koue grondtemperature kan die groeitydperk tussen blaarstadiums verleng.

Hael-, wind- of rypskade op dié stadium, terwyl dit ondergronds is, het min of geen effek op die groeipunt en opbrengs nie. Dit kan egter die groeitydperk met 'n paar dae vertraag. Versuip-toestande, terwyl die groeipunt nog onder die grond is, met gepaardgaande hoë temperature, kan plante laat vrek en tot groot standverliese aanleiding gee.

Goeie onkruidbeheer in die vroeë ontwikkelingsstadiums van die mielieplant is een van die boustene van sukses, aangesien onkruid op 'n vroeë stadium fataal is en groot opbrengsverliese kan meebring.

Onkruidbeheer verminder die kompetisie deur onkruid op die beskikbare lig, water en voedingstowwe. Die gebruik van chemikalieë, meganiese onkruidbeheer en bestuurspraktyke, soos hoër plantdigtheid of wisselbou, of kombinasies hiervan, is voordelig vir goeie onkruidbeheer. Deur meganiese onkruidbeheer te diep of te naby aan die plant ná die V2-stadium toe te pas, kan die wortelstelsel beskadig. Pas dus enige bewerking ná opkoms versigtig toe.

### V5-stadium

Die groeipunt en pluim is naby aan die grondoppervlak en die stam begin vinnig verleng. 'n Nuwe blaar verskyn ongeveer elke drie dae. Die opbrengspotensiaal en die aantal rye per kop word vasgelê. Op elke internode sal 'n kop ontwikkel, alhoewel slegs die boonste een tot twee koppe gewoonlik die oes sal produseer.

Enige voedingstekorte moet vermy word. Topbemesting met stikstof behoort op hierdie stadium toegedien te word en moet verkieslik voor die agtblaarstadium afgehandel wees. Wees egter bedag op die voorkoming van wortelskade indien die kunsmis in die grond geplaas word.

Verken die lande vir enige insekskade.

Swamsiektes op die blare kan die kapasiteit van fotosintese verminder. Dit kan die opbrengspotensiaal, staanvermoë en graankwaliteit negatief beïnvloed. Die V5-stadium is 'n goeie tyd om met swamdoderbespuitings te begin, om voorkomend op te tree indien blaarsiektes gewoonlik 'n probleem is in die betrokke produksiegebied. Swamdoders verleen gewoonlik beskerming vir 14 tot 21 dae ná bespuiting. Gebruik die regte kombinasie swamdoders vir die beste resultate. Goeie siektebeheer is ook voordelig vir staanvermoë.

Skade deur hael, wind en blaarretende insekte kan die aantal rye op die kop verminder. Indien plante doodryp kan 100% skade verwag word. Indien al die blare deur hael vernietig word, kan opbrengsverliese van 10 tot 20% verwag word.

### V12-stadium

Hoewel die potensiële koppe net voor pluimvorming – wat tydens V5 geskied – gevorm is, word die aantal rye en potensiële pitte op elke kop en die grootte van die kop by die V12-stadium bepaal. Die bepaling van die aantal pitte per ry is egter eers teen ongeveer die V17-stadium voltooi. 'n Nuwe blaar verskyn ongeveer elke twee dae en stutwortels begin vorm.

Mielies benodig die meeste stikstof gedurende vinnige vegetatiewe ontwikkeling. Vermy enige water- en voedingstekorte om te verseker dat die maksimum pitte en kopgrootte sal ontwikkel. Die hoeveelheid pitte en kopgrootte is afhanklik van die tydbehoefte van die betrokke genetiese. 'n Vinnige baster gaan vinniger deur hierdie stadiums en is geneig om kleiner koppe te produseer. Een van die redes waarom vinnige basters teen hoër plantpopulasies aangeplant word is om hiervoor te kompenseer.

Vermy swamdoderbespuiting gedurende die V10- tot V14-groeistadium as gevolg van die risiko vir gestremde kopontwikkeling ('Arrested Ear Syndrome').

Indien blare in die oggend reeds toedraai as gevolg van vogstremming kan oesverliese van tot 3% per dag ondervind word. Indien hael al die blare verwyder kan 40 tot 60% skade gely word. Die verlies is gewoonlik groter by vinnige – teenoor langer groeiseisoenbasters. In die geval van 50% blaarverlies kan 20 tot 30% oesskade gely word.

### V18-stadium

Die wortels het nou tot op 'n diepte van 1,8 m ontwikkel indien gronddiepte dit toelaat. Kopontwikkeling vind in hierdie groeistadium vinnig plaas. Die plant is nou ongeveer 'n week weg van baardverskyning en ontwikkeling vind vinnig plaas.

Stremming kan kop-ontwikkeling meer as pluimontwikkeling vertraag. Stremming in hierdie groeifase veroorsaak dat stuifmeelstorting voor blaarverskyning begin plaasvind. Indien die stremmingstoestand erg is, kan dit baie nadelig wees vir die oes.

Indien blare in die oggend reeds toedraai as gevolg van vogstremming kan oesverliese van tot 4% per dag ondervind word. Meerkoppige basters is gewoonlik meer stabiel onder stresstoestand omdat kopontwikkeling minder beperk word, teenoor enkelkoppige basters onder dieselfde toestande. Indien die plant deur hael ontblaar word, kan die opbrengsverlies tot soveel as 100% beloop.



## R1-stadium

Die reprodutiewe stadium neem 'n aanvang sodra die baard verskyn. Stufmeelstorting vind oor 'n periode van vyf tot tien dae plaas. Dit is kritiek belangrik om, indien moontlik, optimale toestande te handhaaf. Tydens bestuiwing word die eierselle bevrug en is dit belangrik om te sorg dat die aantal potensiele pitte wel in pitte ontwikkel.

Die mielie is die gevoeligste vir stremming in hierdie periode. Stremming kan veroorsaak dat die pitte aan die punt van die kop begin afspeen. Indien blare in die oggend reeds toedraai as gevolg van vogstremming kan oesverliese van tot 7% per dag ondervind word. Indien die plant deur hael ontblaar word, kan die opbrengsverlies tot 100% beloop. Blaarsiektes kan ook die mieliefabriek verniel en soortgelyke opbrengsverliese teweegbring.

Kaliumopname deur die plant is amper volledig teen hierdie stadium. Kalium speel 'n belangrike rol gedurende bestuiwing en graanvulling. Indien tekorte voorkom, kan dit baardverskyning vertraag en selfs bydra dat pitte op die punt van die kop nie vul nie. Lae vlakke van kalium en oormatige stikstof kan bydra tot meer omvalprobleme.

Stikstof- en fosforopname vind nog vinnig plaas. Die mielie begin om voedingstowwe uit ander dele van die plant na die kop te translokeer. Blaarontledings en voedingstofkonsentrasies in die plant is op hierdie stadium goed gekorreleer met die finale graanopbrengs en die effektiwiteit van die bemestingsprogram wat gevolg is.

Die plant begin om koolhidrate in die endosperm op te gaar en dit is ook die beginfase waar vaste stowwe vinnig in die pitte akkumuleer. Wurm- of haelskade aan die mieliekop kan tot 'n sekondêre infeksie van fusarium of ander swamme lei.

## R2- tot R6-stadium

Hierdie is die stadiums van aktiewe graanvulling. Die plant is nou in sy finale kritieke stadium en kanaliseer koolhidrate na die kop. Plante wat in die vegetatiewe stadium geel ontwikkel het en stremming in die graanvullingsperiode ondervind, is meer geneig tot stam- en wortelvrot.

Stremming in dié stadium kan die aantal pitte, sowel as die grootte en gewig van die oesbare pitte verminder. Die stadium van pitontwikkeling is direk gekoppel aan die potensiele skade wat gelyk kan word indien stremming sou voorkom. Probeer om die fabriek te beskerm en so lank as moontlik groen te hou. Dit sal verseker dat die plant so lank as moontlik in elk van die reprodutiewe stadiums deurbring, om maksimum droëmateriaal-akkumulering te laat plaasvind.


Dit is veral belangrik om die blare teen siektes te beskerm. Die graan is fisiologies ryp wanneer die swart lagie aan die basis van die pitte vorm. Dit stem ongeveer ooreen met wanneer 80% van die skutblare bruin verkleur het. Stremming in dié periode kan veroorsaak dat pitte voortydig fisiologies ryp word, wat nadelig is vir die pitgrootte en -massa.

Onder besproeiing kan die laaste watertoediening gedoen word wanneer 80% van die skutblare bruin verkleur het. Die voginhoud in die graan is ongeveer 35%. Die afdroogperiode word bepaal deur die bastertipe, graantipe en humiditeit van die omgewing. Diplodia-kopvrot kan die kop binnedring gedurende graanvulling of ná fisiologiese rypwording indien toestande daarvoor gunstig is.

## Om op te som

Die opbrengspotensiaal word gemaksimaliseer indien stremming op fotosintese beperk word gedurende die

kritieke groeistadiums. Goeie vog-, voedingstof- en siektebestuur is faktore wat die opbrengspotensiaal kan beskerm.



Deursnit van 'n mielieplant in die V9-groeistadium



'n Mieliesaaing tydens die V4-groeistadium waar vier blare hul krae wys om die hoofstam.

Hierdie artikel is geleen by die webblad [www.Agtag.co.za](http://www.Agtag.co.za)

# AVOKADOVERGIFTIGING

## by diere

deur Dr. Faffa Malan, Veeartskonsultant (dokfaffa@nashuaisp.co.za)

**Die inname van avokado (*Persea americana*) word geassosieer met hartspierbeskadiging van soogdiere en voëls asook met 'n steriele mastitis in lakterende soogdiere.**

### Watter diere word aangetas?

Beeste, skape, bokke, perde, muise, konyne, marmotte, rotte, budgies, kanaries, kokketeie, volstruise, kuikens, kalkoene en visse is vatbaar.

Kouvoëls is die sensitiefste terwyl kuikens en kalkoene meer weerstandig vir vergiftiging is.

Honde is ook baie weerstandig, alhoewel daar 'n paar gevalle aangeteken is.

### Waar lê die gevaar?

Die inname van vrugte, stamme en sade is giftig terwyl die blare baie giftig is.

Die Guatamaalse (Hass- en Fuerte-kultivars), Wes-Indiese (Kolombiaanse) en Meksikaanse variëteite van avokado word gewoonlik geassosieer met vergiftiging.

Die gifstof in avokado is persin.

Ryp vrugte word sonder probleme deur mense geëet.

### Hoe manifesteer die vergiftiging?

Avokado maak die selletjies in die uier dood (nekrose) en veroorsaak ook bloeding van die uierweefsel van lakterende diere. Nekrose van die hartspier van voëls en soogdiere vind plaas.

'n Steriele mastitis vind 24 uur ná inname van avokado in lakterende diere plaas met 'n val van 75% in melkproduksie. Die uiers is ferm, geswolle en waterige melk kom voor. Melkproduksie mag tot 'n sekere mate voorkom en hartskade kan geskied as laer dosisse van avokado ingeneem word.

In nie-lakterende diere of by hoër dosisse kan hartprobleme ontwikkel binne 24 uur tot 48 uur ná inname.

### Simptome

Kliniese tekens wat gesien word, is tamheid, asemhalingsprobleme, onderhuidse swelling, sianose (suurstoftekort), hoes, beperkte beweging en vrektes.

Perde se koppe, tong en bors swel.

Voëls is tam, haal moeilik asem, wil nie eet nie, onderhuidse swelling van die nek en borsareas kom voor en hulle kan vrek.


Diagnose word gemaak op grond van die geskiedenis en kliniese tekens.

Ander toestande waaraan gedink moet word, is: mastitis (ander oorsake), ionofoorvergiftiging, vitamien E, seleniumtekorte, gossipol, hart-glikosiedvergiftiging en ander harttoestande.

### Behandeling

Kontak jou veearts. As die hart nog nie aangetas is nie, kan geaktiveerde koolstof vir diere gegee word (2 gram per kilogram liggaamsgewig). Dalk help dit, maar as die hart klaar aangetas is, sal dit te laat wees.

Geskryf deur: Dr. Faffa Malan, Veeartskonsultant (dokfaffa@nashuaisp.co.za)



# DRING AAN OP SASOL KAN 28 VIR HOËR WINS



**Nou beskikbaar by jou naaste Agri-winkel.**

Sasol Chemicals, A division of Sasol South Africa Ltd

[www.sasol.com](http://www.sasol.com)



**SASOL**

# Van filters tot tenks: 'n JoJo oplossing vir almal.

## ONS STEL BEKEND JOJO SE SPLINTERNUWE WATER FILTRASIE REEKS



Meeste water filters tree bloot as 'n tipe sif op. Hul verwyder dalk die hoeveelheid sediment en chloor om jou water skoner te laat lyk en beter te laat proe, maar laat steeds mikroskopiese stowwe soos bakterieë, virusse, parasiete and farmaseutiese middels agter – om slegs 'n paar te noem. Deur middel van Disruptor™ 5293 PAC-S tegnologie, verwyder JoJo water filters meer kontaminante as enige ander filter op die mark, sodat jou huishouding deurgaans skoon, vars en heerlike water kan geniet. Hierdie baanbreker tegnologie gebruik 'n tegniek genaamd elektro-adsorpsie. Dit skep 'n elektriese veld wat deur water geaktiveer word om selfs die heel kleinste kontaminante aan te trek en te verwyder.



**VERWYDER**  
bakterieë



**VERWYDER**  
parasiete



**VERWYDER**  
sediment



**VERWYDER**  
medikasie



**VERWYDER**  
chloor



**MAKLIKE**  
installasie



**HERWINBARE**  
komponente



### FILTER BOTTEL

'n Ligte-gewig filter bottel wat water filter soos jy dit drink. Ideaal vir die gim, kar, kantoor of klaskamer.



### FILTER BEKER

'n Beker wat water filter terwyl dit gevul word. Spesifiek ontwerp om netjies in jou yskasdeur te pas.



### INLYN FILTER

'n Inlyn filter wat aan jou waterslang geheg kan word vir skoon water wanneer jy kamp, of onder omstandighede waar toegang tot skoon water beperk is.



### TOONBANK FILTER

'n Toonbank filter met 'n simplistiese, moderne ontwerp wat enige kombuis sal pas.



### ONDER-WASBAK FILTER

'n Onder-wasbak filter met 'n simplistiese, moderne ontwerp wat maklik is om te installeer en 'n versteekte, kompakte oplossing bied.

## Het ek 'n water filter nodig?

1. Is my water troebel?
2. Ruik my water na vrot eiers?
3. Ruik of proe my water na chloor?
4. Het ek wit aanpaksels in my pype, ketel of stort?
5. Is ek bekommerd dat my water besmet mag wees?

As jou antwoord ja op enige van hierdie vrae is, stel ons voor dat jy jou water laat toets en dit oorweeg om in 'n water filtrasie produk te belê.

Nou beskikbaar by jou naaste VKB

**JoJo**  
VIR WATER, VIR LEWE



## BASTER VOER SORGHUM

Baster Voer Sorghum moet geplant word om nege uur in die oggend sodra die grond temperatuur getoets is. Die Grond temperatuur moet 16°C bereik het teen saai diepte.

## SWEETFEED SUPER

- Kragtige drie-rigting kruis baster
- Volle seisoen volwassenheid
- Hoë blaar tot stam verhouding
- Planthoogte: 3m
- Hoë proteïen en suiker inhoud
- Kan tot in met 4 keer gewei word

## BIG KAHUNA (BMR)

- 150-160 dae van groei
- Kan 3-4 keer gewei word per seisoen
- 36000 kuilvoer per hektaar en doen baie goed op besproeing
- Word gebruik vir verskeie redes
- Goeie opbrengs
- Soet sorghum
- Uitstekende blaarbespuiting siekte weerstand

## MULTI CUT

- Weiding binne 3-6 weke van aanplant
  - Siektes en droogtebestand
  - Hoë tonne met uitstekende voerwaardes
  - Gebruik: bewei, hooi, kuilvoer
- Het n baie goeie hergroei kan 5 keer bewei word as groenvoer vir bees en skape gebruik

## PEREL MANNA

Perel Manna moet geplant word om nege uur in die oggend sodra die grond temperatuur getoets is. Die Grond temperatuur moet 18°C bereik het teen saai diepte.

## SPEEDFEED

- Droogte verdraagsaamheid
- Uitsekende weiding materiaal for beeste en skape
- Hoë suiker inhoud en het nbaie goeie hergroei
- Dae tot 50% blom: 53-55
- Planthoogte: 200-210cm

## BASTER PEREL MANNA

Baster Perel Manna moet geplant word om nege uur in die oggend sodra die grond temperatuur getoets is. Die Grond temperatuur moet 18°C bereik het teen saai diepte.

## SPEED FEED SUPER

- Baster Babala wat beteken dat dit sal langer groei as SPEEDFEED omdat dit beter geskik is vir kuilvoer. SPEEDFEED het beter hergroei vir weidingsdoeleindes.
- Baie goei materiaal vir bees en skape
- Goeie hergroei met min blou suur probleme

## JAPANESE MANNA

Japanese manna is gewoonlik die eerste eenjarige voer gewas wat geplant word in die Somer. Die Japanese manna moet om nege uur in die oggend geplant word sodra die grond temperatuur getoets is. Die Grond temperatuur moet 14°C bereik het teen saai diepte.

## LOCAL & SHIROE

- Hoofsaaklik gegroei as voer gras
- Vinnigste groeier van alle manna
- Laat-seisoen groen voer
- Plant hoogte: 2-5ft



[www.capstoneseeds.com](http://www.capstoneseeds.com)

**Mark Wattam - 082 603 8471**  
Nasionale Verkoops & Kommersiële Bestuurder

**Neville Young - 082 654 2162**  
Verkoops Verteenwoordiger - Kleinhandel Nasionaal

**Cecil van Rooyen - 066 305 8751**  
Verkoops Bestuurder - Kaap

**Deon Niemann - 082 602 4414**  
Verkoops Verteenwoordiger - Vrystaat Streek, Noord-Wes Streek, Mpumalanga Streek

**Steve Thomson - 082 327 8083**  
Verkoops Bestuurder - Tegniese

# Kom kry 'n koppie boeretrouos



**Binne-in 'n bessie wat soos 'n kersie lyk, sit twee magiese bone. As 'n mens sulke bone brand totdat hulle bruin of swart is, die geroosterde produk fyn maal en dan met kookwater 'n treksel daarvan prakseer, sit jy met 'n heerlike elikser wat baie mense vir min ander dinge sal verruil. Maar hoe het dit gebeur dat die mensdom die verklikking van koffie ontdek het?**

**K**aldi die bokwagter was self 'n bok vir sports. Nadat hy op 'n dag gesien het hoe sy bokke alte plesierig bokspring – blykbaar omdat hulle die rooibessies van 'n sekere blinkblaar-struik gevreet het – het hy van nuuskierigheid ook aan die rare rooi opkikkers begin proe-proe.

Kort voor lank was dit 'n regte bokjool soos Kaldi saam met sy bokke gedans het. Praat van wilde peuselgoed met woema!

Hierdie koddige tafereeltjie sou hom omstreeks 850 n.C. in Ethiopië in Afrika afgespeel het. Kaldi het 'n monnik van sy ervaring met die bessies vertel, wat op sy beurt ander monnike daaromtrent ingelig het. Spoedig het hulle vasgestel dat die vruggies gehelp het om hulle wakker te hou gedurende die lang ure wanneer hulle hul gebede moes doen.

Die bessies het gekom van wat ons vandag die koffieplant noem. Mettertyd is die pitte van die bessies gebrand, gemaal en treksels daarvan gedrink, en só het die gebruik van koffie van klooster tot klooster versprei, regdeur Ethiopië en van daaraf na die res van die wêreld.

Hierdie verhaaltjie (wat vandag nog in verskeie variasies vertel word) is bes moontlik niks meer as 'n romantiese verdigsel nie. Kenners reken nietemin dat die koffieplant inderdaad eerste deur mense gekweek is in die Ethiopiese hooglande, waar dit ook wild groei. Afrika kan dus, benewens as die oorsprong van baie ander dinge, ook as

die wieg van koffie beskou word!

Een verklaring vir die woord "koffie" is dan ook dat dit 'n vervorming is van die naam van die Kaffa-streek in Wes-Ethiopië, waar dit verbou is.

## **Koffiehuis**

Van die vasteland van Afrika af het die gebruik van koffie na Jemen versprei, en teen die sestiende eeu is dit in Egipte, Persië, Tukyë en Sirië verbou. Geskiedskrywers vertel dat gewildheid van die brousel gedeeltelik te danke was aan die Islam se godsdienstige verbod op die drink van wyn. Die eerste koffiehuis het in Mekka ontstaan en die duisende pelgrims wat jaarliks hierdie heilige stad van die Moslems besoek het (soos vandag nog), het die drankie tot ver buitekant Arabië uitgedra.

Handelaars van Venesië het vroeg in die 1600's die eerste koffie na Europa gebring – waar dit nie oral geesdriftig ontvang is nie en deur teenstanders selfs die "bitter uitvindsel van Satan" genoem is. Ook van die geestelikes het dit afgekeur, en die omstredenheid was so heftig dat die pous gevra is om in te gryp.

Maar pous Clemens VIII wou hom nie sommerso teen koffie uitspreek voordat hy dit darem self geproe het nie. Wat meer sê, hy het die brousel so geniet dat hy sy pouslike goedkeuring daaraan verleen het.

Sowat drie dekades later is 'n koffiehuis of "café" in Venesië geopen. Koffiehuise het nie net gunsteling-bymekaarkomplekke vir gesellige verkeer geword nie, maar sakelui het hulle ook graag besoek, en spoedig het die koffiehuis na ander Europese lande soos Duitsland, Frankryk, Oostenryk, Engeland en Nederland versprei.

Die eerste koffiehuis in Engeland is in 1651 in Oxford geopen – in die jaar voordat Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het – en nagenoeg 'n halfeeu later was daar drieduisend koffiehuise in Londen.

Ook die Nederlanders se smaak vir koffie het hulle aangespoor om dit in hul kolonies te verbou. En dit is nogal veelseggend dat die beroemde boeretrouos van die Boere nie van 'n inheemse plant gekom het nie, maar 'n brousel sou wees wat van ver oor die water na Suid-Afrika gebring is. Of dalk moet ons dit eerder beskou as 'n Afrika-drink wat na Afrika teruggekeer het!





## Koffieplant

As ons van koffie praat, word nie noodwendig net na die drankie verwys nie, maar ook na die koffieplant of sy gemaalde geroosterde sade (koffiebone). Daar is tientalle spesies in die genus waartoe die koffieplante behoort, te wete die genus *Coffea* van die familie *Rubiaceae*. Die twee wat die meeste verbou word, is egter *Coffea arabica* (Arabiese koffie) en *Coffea canephora* variëteit *Robusta* (robusta).

'n Mens sou dit nie dink nie, maar honderde plante word steeds ontdek wat nie vroeër aan die wetenskap bekend was nie. Só is sewe voorheen onopgetekende wildekoffie-spesies net in 2009 opgespoor, die meeste van hulle in die berge van Noord-Madagaskar. Na berig word, het twee van dié spesies, te wete *Coffea ambongensis* en *Coffea boinensis*, die grootste bone van alle koffiesoorte – meer as twee keer die grootte van die bone van *Coffea arabica*. Maar hoe lyk die *Coffea*-struik nou eintlik? Waar 'n koffieplant in die trope gekweek word, kan dit 'n welige bos of 'n kleinerige boom van drie, vier meter hoog of selfs hoër vorm. Robusta-struik groei hoër as die Arabiese tipe, maar die bone bevat meer kafeïen en die drank word as minder smaaklik beskou.

Aangeplante koffieplante lewer hul eerste drag ná drie tot vyf jaar en kan 15 tot 20 jaar, selfs 50 jaar of langer, bly vrugte dra. Die plante het blink, ovaal blare, en die wit, geurige blommetooi duur slegs 'n paar dae. Ses of sewe maande later is die bessies ryp, wanneer hulle van liggroen tot rooi verkleur en soos kersies lyk. Die ryp vrug bevat gewoonlik twee koffiebone, wat deur 'n soet vrugvlees omhul word.

Die pad van die koffiebesse na jou stommende koppie koffie is eintlik heel eenvoudig, hoewel ingewikkelder prosesse natuurlik van plek tot plek in die spel kom. Basies word die vrugvlees van die bessies verwyder en net die koffiebone word behou. Die bone word gelaat om te gis om van die slymerige omhulsel ontslae te raak. Daarna word die bone gewas, drooggemaak en gesorteer. Vervolgens word die bone gebrand ("gerooster").

Die finale stap is om die gebrande bone te maal. Veral vroeër dae is dit somer met handmeultjies gemaal, maar in vandag se koffiewinkels en selfs in meer gesofistikeerde huishoudings word dit dikwels met elektriese meultjies

gedoen. Bone word vanselfsprekend ook op grootskaal deur groot meulens in fabriek gemaal, waarna dit vir die mark verpak word.

## Kitskoffie

Die uitvinding van kitskoffie vroeg in die twintigste eeu in Amerika, was 'n ingrypende ontwikkeling in die koffieverhaal. Kooksels koffie word by die verwerkingsaanleg berei en die water word daarna uitgedamp sodat net 'n fyn poeier oorbly, wat dan as kitskoffie bemark word. Só beland die koffie dan uiteindelik in jou koppie. Die gemaalde bone of die verwerkte kitskoffie word met kookwater gemeng, en melk of romerighede word bygevoeg vir allerhandse soorte van – volgens die koffieslawe – die heerlikste drankie denkbaar. Nie verniet dat dit soms "koffie-kapitaal" genoem word nie!

Hierdie artikel het verskyn op die webblad <http://www.mieliestronk.com/koffieplant.html>



# Koffiefeite - wat is die waarheid

deur Melodie Veldhuizen, Welstand: Solidariteit



"As ek nie nou 'n beker boetroos kry nie, maak ek dit nie!" Dis die versugting van iemand wat reeds 'n paar bekere koffie agter die blad het. Of van iemand wat nie soggens uit die bed kan kom sonder daardie versterking nie. Lê die vertroosting van koffie in die prikkelende aroma en smaak daarvan? Of is dit die effek van die kafeïen wat jou gereeld na 'n beker boetroos laat smag? Daar bestaan baie weersprekende inligting oor kafeïen en koffie. Kom ons kyk na 'n paar interessante koffiefeite alvorens jy besluit of dit 'n slegte gewoonte is al dan nie.

**1. Kafeïen**, met sy bitter smaak, is een van die hoofbestanddele van koffie en is die algemeenste stimulant ter wêreld. Hoewel te veel kafeïen verslawend kan wees en sommige mense nie sonder die opkikking van hierdie stimulant kan funksioneer nie, is dit vir ander weer die onweerstaanbare aroma en smaak van koffie wat hulle aantrek.

## 2. Is jy verslaaf aan kafeïen of koffie?

Sukkel jy om sonder jou vyf tot ses, en selfs meer, koppies koffie deur die dag te kom? Probeer vir 'n dag of twee sonder jou kafeïeninspuiting klaarkom. Jy is waarskynlik "verslaaf" as jy van hierdie simptome ervaar: hoofpyn, lomerigheid, prikkelbaarheid, lusteloosheid, hardlywigheid, depressie, spierpyne, konsentrasieprobleme, griepsimptome, naarheid, angstigheid, beneweldheid, lighoofdigheid en hartkloppings. Die gereelde inname van kafeïen kan wel matige fisiese afhanklikheid veroorsaak, maar dit bedreig nie jou fisiese, sosiale of ekonomiese gesondheid soos ander verslawende middels nie.

## 3. Matigheid is die wagwoord

Koffie is nie noodwendig ongesond nie, mits jy matigheid voor oë hou. Een koppie koffie bevat ongeveer 100 mg kafeïen. Navorsing bevestig dat 400 mg kafeïen (sowat vier tot vyf koppies) per dag veilig is vir die meeste gesonde volwassenes, maar moenie koffie as 'n maaltydvervanger of 'n opkikker drink nie, geniet dit eerder as 'n lekkerny. Drink die beste gehalte koffie wat jy kan bekostig – vir die koffiefynproewers is daar 'n wye verskeidenheid op die mark.

## 4. Gesondheids- en ander voordele van koffie

- Verminderde risiko vir diabetes
- Verminderde voorkoms van lewersiektes soos lewerkanker
- Moontlike beskerming teen Parkinson se siekte
- Verminderde risiko van demensie en Alzheimer se siekte
- Moontlike beskerming teen osteoporose
- Verminderde risiko vir hartsiektes
- Verbeterde konsentrasie en geheue
- Versnelde metabolisme, maar nie tot so 'n mate dat dit gewigsverlies bevorder nie
- Verhoogde energievlaakke: daarom drink baie mense koffie voordat hulle oefen en voor lang studiesessies of nagskoffie (dis veiliger as

energiedrankies omdat dit minder chemiese bymiddels bevat, mits jy dit met min of geen suiker drink)

- Die water waarmee jy koffie maak, maak deel uit van jou daaglikse vloeistofinname. Daarom sal 'n paar bekere koffie per dag jou nie dehidreer nie, ondanks die feit dat kafeïen 'n diuretikum is. Dis nietemin gesond om, benewens koffie, steeds water te drink.

## 5. Nadele van te veel koffie

Te veel koffie kan, veral by persone wat nie gewoond is aan baie koffie nie of wie se liggaam nie verdraagsaam teenoor kafeïen is nie, die volgende nuwe-effekte hê:

- angstigheid/depressie
- maagpyn
- hartkloppings
- diarree
- bewerigheid
- hoofpyn
- slaaploosheid (indien jy dit kort voor slaaptyd drink)

## 6. Verminder jou koffie-inname of sny dit liever heeltemal uit indien:

- jy maklik hoofpyn of migraine kry;
- jy aan PMS ly;
- jy antibiotika, 'n asmapompie of ander opkickers gebruik wat in sommige kruiemiddels voorkom – dit kan angstigheid veroorsaak;
- jy probeer swanger raak (dit veroorsaak onvrugbaarheid of lae geboortegewig van babas); en
- jy borsvoed – dit kan jou baba onrustig en angstig maak.

Indien koffie weens die kafeïen nie goed is vir jou nie, maar jy steeds die smaak of die koffiedrinkritueel geniet, drink gerus kafeïenvry koffie.

Geniet gerus jou boetroos.

Hierdie artikel het verskyn op die webblad <https://welstand.solidariteit.co.za/koffiefeite-wat-die-waarheid/>





# Verrykjoudieetmetneute

**N**eute verryk ons dieet met 'n wye verskeidenheid noodsaaklike voedingstowwe. Neute bevat sommige B-vitamiene (insluitende foliensuur, wat nodig is vir vroue), vitamien E, minerale (kalsium, yster, sink, kalium en magnesium), antioksidante (selenium, mangaan en koper), asook ander antioksidantverbindings (flavonoïede en resveratrol) en plantsterole.

Voedingkundiges sluit neute in in 'n gemeenskaplike groep kosse wat hoog is in proteïene soos vleis, vis, pluimvee, eiers en peulgewasse.

Neute is 'n gesonde groentekos met 'n hoë inhoud van gesonde vette, proteïene en vesel, en tog is neute dikwels 'n bron van misverstand vir diegene wat hul gewig wil bestuur. Die aanbevole porsie is 30 g per dag. 'n Bykomende 10 g kan gebruik word as plaasvervanger vir ander bronne van eetbare vette.

Voedingkundiges waarsku dat dit beter is om ongesoute neute te eet, omdat die produsente wat die neute verwerk te veel natrium byvoeg. As jy nie rou neute wil eet nie, probeer dit by die huis rooster. Dit sal die inhoud van fytiesuur verminder, wat effens inmeng met die opneem van al die nodige voedingstowwe, en die bakterieë wat altyd in rou kosse voorkom, vernietig. Dit is net belangrik om nie te ywerig te wees met rooster nie – daar is studies wat bevestig dat intense termiese behandeling in neute kankerverwekkende elemente skep.

## Voordeleengeskiedenisvanverskillendesoorteneute

*Makadamianeute* is 'n genus van vier spesies van bome inheems aan Australië wat deel uitmaak van die plantfamilie *Proteaceae*. Dit is inheems aan noordoostelike Nieu-Suid-Wallis en die sentrale en suidoostelike Queensland.

Dit was die Aborigines in Australië wat heel eerste vertrouwd was met hierdie neut. Wetenskaplikes uit ander wêrelddele het toevallig in Australië van die neute te ete gekry en was dol oor die smaak. So is daar in 1882 van die neutbome na Hawaii geneem om as windbrekers aangeplant te word in die suikerplantasies. Sommer gou het die plaaslike inwoners besef hierdie lekkerte kan vir hulle geld in die sak bring en in 1910 het die Hawaiïse landbou-eksperimentasie die aanplant van makadamias aangemoedig. Teen 1937 was die makadamiabedryf goed op dreef en het massaproduksie in die VSA begin. In 1997 was Australië 'n

groter produsent van makadamias as die VSA en tussen 2012 en 2015 het Suid-Afrika vir Australië uit die topposisie gestoot as die grootste produsent van makadamias ter wêreld.

### Voordele:

- Help met die voorkoming van prostaatkanker;
- help met die voorkoming van borskanker;
- verhoog die aktiwiteit van antioksidante – stowwe wat ons beskerm teen die vorming van kankergewasse;
- is deel van voedselbronne van "goeie" vette; en
- bied sterk, gesonde beendere.



Die kasjoebome (*Anacardium occidentale*) is 'n tropiese immergroen plant wat kasjoeneute en kasjoepappels voortbring. Dit groei tot 14 m hoog, maar die dwergkasjoewat tot 6 m hoog word, het hom as meer winsgewend bewys omdat dit vroeër volle wasdom bereik en hoër opbrengste lewer.

Die kasjoeneut dien as 'n peuselhappie en word in kosbereidings soos ander neute gebruik, maar dit is eintlik 'n saad. Die kasjoepappel is 'n vrug waarvan die pulp tot 'n soet vrugtedrankie verwerk of tot 'n likeur gedistilleer kan word.

Die dop van die kasjoeneut lewer opbrengste wat in baie toepassings gebruik kan word, van smeermiddels tot verf, en ander dele van die boom is tradisioneel gebruik teen slangblyte en vir ander tradisionele geneesmiddels.

Kasjoes kom oorspronklik van die noordooste van Brasilië, maar word nou wyd in tropiese gebiede verbou, met Viëtnam en Nigerië wat die grootste produsente verteenwoordig, asook in Indië, die Ivoorkus en Indonesië.

## Voordele:

- Verbeter visie;
- bied toegang tot suurstof aan alle weefsel en selle van die liggaam;
- verbeter geheue;
- stabiliseer bloeddruk;
- bied gesonde en sterk hare;
- vorm sterk beendere;
- stabiliseer die werk van die senuweestelsel;
- help met die voorkoming van galstene; en
- bied beskerming teen die agteruitgang van breinaktiwiteit wat met ouderdom geassosieer word.

**Haselneut** is die neut van die haselboom. Dié neut is bolvormig tot ovaal, ongeveer 15-25 mm lank en 10-15 mm in deursnee, met 'n buiteste veselryke skil rondom 'n gladde dop. Die neut val uit hul doppe wanneer dit ryp is, ongeveer sewe tot agt maande ná bestuiwing. Die kern van die saad is eetbaar en kan rou gebruik of gebraai word, of die basis van 'n pasta vorm. Hasels word ook gebruik vir veevoer, net soos kastaiings en akkers. Die saad het 'n dun, donkerbruin vel, wat soms verwyder word voordat dit gaargemaak word.

Haselneute word in kommersiële hoeveelhede verbou in Turkye, Azerbaidjan, Italië, Griekeland, Georgia, in die suide van die Spaanse streek Katalonië, in Kent County in die Verenigde Koninkryk en in die Amerikaanse state van Oregon en Washington. Turkye is die grootste produsent van haselneute in die wêreld met ongeveer 75% van die produksie.

Haselneute word gebruik om die gebak pralies te maak, en ook saam met sjokolade, sjokoladetruffels en vir produkte soos Nutella en Frangelico-likeur. Haselneutolie, gepers uit haselneute, het 'n sterk geur en word soms gebruik as 'n kookolie.

Haselneute is ryk aan proteïene en onversadigde vette. Verder bevat dit goeie hoeveelhede tiamien en vitamien B6, sowel as kleiner hoeveelhede van ander B-vitamiene.



## Voordele:

- Help met die normale vorming van liggaamsweefsel;
- help in die behandeling van spasmas;
- beskerm die vel teen voortydige veroudering;
- vorm digte beendere en elastiese, sterk spiere;
- normaliseer die spysverteringskanaal;
- herstel beskadigde DNA; en
- pas die optimale modus van die senuweestelsel aan.

**Okkerneut** is die eetbare saad van enige boom van die genus *Juglans*, maar veral van die egte okkerneut, *Juglans regia*. Gebreekte neutvrug van die Oostelike swartokkerneut *Juglans nigra* is ook in kleinmaat in die handel beskikbaar, soos ook voedsel wat uit die neutvrug van die botterneut *Juglans cinerea* berei word.

Okkerneutsade bevat 'n hoë konsentrasie voedingstowwe, veral proteïene en noodsaaklike vetsure. Okkerneute, soos ander boomneute, moet behandel en sorgsaam gestoor word. Gebrekkige berging stel okkerneute bloot aan insek- en swambesmettings, waar laasgenoemde aflatoksin vrystel – 'n potente karsinogeen. 'n Swambesmette okkerneutbesending behoort nie ondersoek en dan benut te word nie; die volle besending is ongeskik vir verbruik.

Okkerneute is die geronde, enkelsadige steenvrugte van 'n okkerneutboom. Die okkerneutvrug word omhul deur 'n groen, leeragtige, vlesige huls. Die huls is oneetbaar. Ná die vrugoes sal die verwydering van die huls die geplooide okkerneutdop blootstel, wat uit twee helftes bestaan. Hierdie dop is hard en omvat die vrugkern, wat ook uit twee helftes bestaan wat deur 'n partisie van mekaar geskei word. Die saadkerne – algemeen beskikbaar as dopokkerneute – is gehul in 'n bruin saadmantel wat antioksidante bevat. Die antioksidante beskerm die olierykesaad teen atmosferiese suurstof en gevolglike bederf.

Die twee soorte wat mees algemeen vir hul sade verbou word, is die egte okkerneut en swartokkerneut. Die egte okkerneut (*J. regia*) het sy ontstaan in Persië, en die swartokkerneut (*J. nigra*) is inheems aan oostelike Noord-Amerika. Die swartokkerneut is ryk gegeurd, maar weens die harde dop en morsige onthulingsproses is dit nie van groot kommersiële waarde in neutverbouing nie. Die handelsvariëteite is byna almal kruisings van die egte okkerneut.

Ander spesies sluit in *J. californica*, die Kaliforniese swart okkerneut (dikwels aangewend as 'n onderstam vir kommersiële verbouing van *J. regia*), *J. cinerea* (botterneute), en *J. major*, die Arizona-okkerneut.

Okkerneute bring hul loof laat voort, tipies nie voor die latere helfte van die lenteseisoen nie. Hulle stel ook chemikalieë in die grond vry wat mededingende plantegroei belemmer. Gevolglik moet blom- of groentetuine nie te naby aan hierdie bome aangelê word nie.

Die huls van 'n okkerneut bevat 'n sap wat enigiets beplek waarmee dit in aanraking kom. Dit is al as 'n kleurstof vir tekstielware aangewend.

## Voordele:

- Okkerneute reinig die bloed;
- verskaf energie;
- verbeter jou bui en algemene gesondheid; en
- help in die stryd teen neurologiese siektes.

**Amandel** is die steenvrugte en sade van die amandelboom (*Prunus dulcis*) en is 'n wilde neut wat gebruik word in die voorbereiding van voedsel of as peuselhappie. Amandels word ook as 'n bestanddeel in kosmetiese produkte gebruik.

'n Beraamde 80% van alle amandels is afkomstig van Kalifornië. Spanje het ook 'n groot amandelproduksie wat konsentreer op die soet Jordan- en Valencia-amandels.

Amandels is 'n goeie bron van vitamien E en bevat

ongeveer 70% mono-onversadigde vetsuur en 30% versadigde vetsuur. Amandels bevat ook blousuur (waterstofsianied). Die bitterheid van 'n amandel is 'n teken van die hoeveelheid blousuur wat dit bevat: hoe bitterder die smaak, hoe giftiger is die amandel. Newe-effekte as gevolg van 'n oormatige inname van amandels (tussen 40 en 70 bitter amandels per persoon) sluit in opwinding, hoofpyn, duiseligheid, spiersametrekkings, asemhalingsprobleme en selfs 'n skielike dood.



## Voordele:

- Help met gewigsverlies (amandels help met die aktiewe verbranding van vet);
- versterk aarwande;
- help bou gesonde tande en sterk beendere;
- verminder insulienweerstand;
- stabiliseer die senuweestelsel;
- verbeter breinfunksie; en
- verminder die vlak van "slegte" cholesterol en reinig die bloed.

## Diegrondboon

(*Arachishypogaea*) is 'n spesie in die ertjiefamilie *Fabaceae* inheems aan Suid-Amerika. Dit is 'n eenjarige kruidagtige plant wat tot tussen 30 en 50 cm hoog groei. Die blare is afwisselend gerangskik, veenvormig met vier "blaartjies" (twee teenoorstaande pare; met geen eindblaartjie nie), en elke "blaartjie" is 1 tot 7 cm lank en 1 tot 3 cm breed. Die vorm van die blom van die plant is tipies aan ander plante in die ertjiefamilie, 2 tot 4 cm wyd, met geel en rooi are. Ná bestuiwing ontwikkel die vrug in 'n peul van 3 tot 7 cm lank en bevat twee tot drie (in uitsonderlike gevalle een of vier) sade, wat dan hul weg ondergronds baan om ryp te word.

Hoewel dit in die kookkuns as 'n neut gesien word, is die vrug van die grondboontjie botanies gesproke 'n houtagtige peul en tegnies gesproke nie 'n neut nie, soos met die Engelse benaming van *peanut*. In hierdie aspek is die Afrikaanse benaming tegnies gesproke korrek, deurdat daarna verwys word as 'n boon en nie 'n neut nie.

Alternatiewe Engelse benaminge is *groundnuts*, *earthnuts*, *goobers*, *goober peas*, *pinders*, *manila nuts* en *monkey nuts* (die laasgenoemdes verwys gewoonlik na die hele peul en nie net na die sade nie.) Die Nederlandse benaminge is *apennootjes*.

## Voordele:

- Vernuwe velselle;
- dra by tot 'n eweredige hartritme;
- help met die voorkoming van kanker;
- help met die voorkoming van galstene;
- help met die voorkoming van Alzheimer se siekte;
- verbeter kognitiewe funksie en vertraag ouderdomsverwante afname in intelligensie; en
- bevorder die gesondheid van die voortplantingstelsel.



## Kokosneut

Vir mense wat nie uit die trope kom nie, is die kokospalm dalk niks meer as 'n simbool van 'n tropiese vakansie nie. Maar vir dié wat in die trope woon, bied die boom veel meer. Volgens Indonesiërs het die vrug "net soveel gebruike as wat daar dae in 'n jaar is". In die Filippyne word daar gesê: "Iemand wat 'n kokosboom plant, plant houers en klere, kos en drank, 'n woonplek vir homself en 'n erfenis vir sy kinders."

Hierdie gesegde is nie 'n oordrywing nie. Die boek *Coconut—Tree of Life* sê dat die kokospalm "nie net kos, water en kookolie voorsien nie, maar ook blare vir dakbedekking, vesel vir toue en matte, doppe wat as houers en ornamente gebruik kan word en die soet sap van die blomme wat gebruik word om suiker en drank te maak". Die boek voeg by: "Selfs die hout kan gebruik word as dit op die regte manier gesny word." Trouens, die bewoners van die Maledive in die Indiese Oseaan het bote van kokosprodukte gemaak, en hulle het glo daarmee na Arabië en die Filippyne gevaar.

Mense wat nie in die trope woon nie, dink moontlik aan klapper as 'n geurmiddel vir lekkergoed of koekies, maar as jy na Suidoos-Asië toe gaan, sal jy sien dat die kokosneut werklik 'n veelsydige neut is. Volgens die boek *Pacific and Southeast Asian Cooking* "is klapper die een onontbeerlike bestanddeel in die kookkuns van al die lande, streke en eilande van Hawaï tot Bangkok".

Die rede vir die kokosneut se ereplek in tropiese kombuise is eenvoudig: Dit voorsien water, melk en kookolie. Die helder, soet vloeistof in die onryp, groen neut staan as kokoswater of kokosap bekend. Dit is 'n smaaklike, verfrissende drankie wat dikwels in die trope by padstalletjies verkoop word. Daarenteen word kokosmelk verkry deur gerasperde kokosvleis met water te meng en dan die vloeistof uit te druk. Kokosmelk gee sop, sous en deeg meer smaak en kan as verdikkingsmiddel gebruik word.

As die boer kookolie uit kokosneute wil pers, kap hy die ryp neut oop en laat hy dit in die son uitdroog. Wanneer dit droog is, kan die kokosvleis, of die kopra, uit die dop gehaal word, en dan kan die olie uitgepers word. In die trope is kokosolie die vernaamste kookolie, terwyl dit in Westerse lande dikwels in margarien, roomys en koekies gebruik word.

## Voordele

- Dit verlig dronkenskap, want dit reinig die liggaam;
- dit is 'n goeie bron van energie;
- dit verhoog immuniteit; en
- dit bevorder die ontbinding van nierstene.



### Bronne:

<https://af.tierient.com › calorie-inhoud-van-neute>

Wikipedia.com

<https://wol.jw.org/af/wol/d/r52/lp-af/102003208>



# Hoe om neute te plant

Hoewel daar verskillende spesies neute is (veral swart okkerneute en Engelse okkerneute), is die basiese plantmetodes en instruksies vir hul sorg soortgelyk. As gevolg van die bestaan van honderde rasse wat aangepas is vir verskillende klimate en hul weerstand teen siektes, is dit raadsaam om neute van relatief nabye gebiede te plant. Okkerneute kan lekker en langdurige neute produseer, sowel as pragtige hout, maar tuiniers moet in gedagte hou dat dit dikwels die omliggende plante doodmaak. Jy kan okkerneute van neute (wat jy dikwels gratis kan versamel) plant, maar hulle is vervelig om voor te berei, of saailinge (wat jy gewoonlik moet koop, maar oor die algemeen het hulle 'n hoër suksessyfer).

Berei die neute voor om te plant



1. Win kennis in oor die betrokke neut en die invloed wat die boom op jou tuin gaan hê. Voorbereiding van neutsade mag maande duur en die suksessyfer mag laag wees. In plaas daarvan kan jy 'n saailing koop en hierdie deel uitlaat. Voordat enige metode gebruik word, hou in gedagte dat okkerneute (veral swart okkerneutsesies) chemikalieë in die grond vrystel wat baie omliggende plante doodmaak, insluitend denne, appelbome, tamaties, ensovoorts. Dit kan, benewens sy groot grootte en die soms aggressiewe uitbreiding van nuwe okkerneutplante, maak dat hulle nie gewild sal wees by jou dorpshuis nie.
2. Versamel neute wat van die boom afgeval het. Wees net versigtig vir okkerneute, want die omhulsel kan klere en jou vel vlek en ook jou vel irriteer.
3. Nog 'n alternatief is om neute te koop. As jy van plan is om 'n okkerneutboom aan te plant om neute of hout te produseer, raadpleeg 'n plaaslike kenner of kyk op die internet vir spesies wat in jou klimaat sal aard en in jou doel sal voorsien. Dit is onwaarskynlik dat die neute van die supermark die nodige vog het om te ontkiem. Selfs as dit die geval is, is dit waarskynlik dat hierdie neute afkomstig is van 'n basterboom of 'n verskeidenheid bome wat geskik is vir 'n ander klimaat, wat die suksesvolle verbouing onwaarskynlik maak.



4. Verwyder die peule (opsioneel). Die neute kan groei sonder om die peule te verwyder, maar baie mense verkies om dit te verwyder om te verifieer dat die neute binne-in nie beskadig is nie en om hantering te vergemaklik. Om die peul te verwyder, week die okkerneute in 'n emmer water totdat die buitenste peul sag is, en wag vir drie dae in die geval van die harder moere. Breek en skil die gladde peul met die hand af. As die peule gedroog het, kan dit byna onmoontlik wees om dit te verwyder. Dan sal jy dit meganies moet doen met 'n mieliekapper of plaas dit vir 30 minute in 'n betonmenger saam met gruis en water.



5. Hou die neute klam gedurende die winter vir 'n tydperk van 90 tot 120 dae. Neute (soos baie plantsade) moet 'n vogtige en koue omgewing ervaar voordat die plant uit sy dormante toestand wakker word en uit die dop kom. Dit neem die neute drie tot vier maande (afhange van die variëteit), waartydens hulle klam moet bly. Om die sade in 'n spesiale omgewing vir hierdie doel te hou, word stratifikasie genoem en vir neute kan jy dit op een van die volgende maniere doen: Hou klein hoeveelhede neute in nat turf of nat sand, in plastieksakkies wat in die yskas gestoor word of teweers tussen 2 en 5 °C. Vir 'n groot hoeveelheid neute, grawe 'n gat 30 tot 60 cm diep in vinnig dreinerende grond. Vul dit deur 'n laag moer af te wissel met 'n 5 cm laag sand, blare of deklaag. Bedek die gat sodat knaagdiere nie daarby kan uitkom nie.

## Deel 2

### Plant die neute



1. Verwyder die ontkiemende sade 'n week voordat dit geplant word, maar hou dit klam.



2. Kies 'n plek om te plant. Alle okkerneutspesies benodig grond van hoë gehalte en hierdie stap is baie belangrik as jy 'n okkerneutboord gaan begin. Kies 'n plek met leemgrond en goeie dreinerings van ten minste 1 m diep. Vermoed steil hellings, hange, rotsagtige gronde en gronde met groot hoeveelhede klei. Grond met 'n pH tussen 6 en 6,5 is die mees geskikte, maar grond tussen 5 en 8 is ook aanvaarbaar.
3. Maak die plantarea skoon. Verwyder die bestaande plantegroei uit die area voor jy plant, aangesien die plante sal meeding vir dieselfde voedingstowwe wat die okkerneute benodig. Vir 'n tuingrootte plantasie, is dit ook raadsaam om die veld te kweek om die grond te lug.



4. Plant die neute in klein gaatjies. Grawe klein gate van ongeveer 5 tot 7,5 cm diep en plaas die neute sywaarts aan die onderkant van hierdie gate. Vul die gat weer met grond. Wanneer jy verskeie bome plant, plaas die gate op 'n afstand van 3 tot 3,7 m van mekaar, in 'n roosterpatroon. Opsioneel kan jy twee of meer neute in elke plek plant, op 'n afstand van 20 cm van mekaar. Sodra die saailinge vir een of twee jaar gegroei het, verwyder jy die swakker saailinge en behou die sterkstes en gesondstes.
5. Sorg vir die groeiende saailinge.

### Deel 3

#### Plant en sorg vir die okkerneute


1. Indien jy saailinge koop, meet die deursnee van die saailing 2,5 cm van die nek van die wortel af, waar die wortels die stam ontmoet. Kies saailinge met 'n minimum deursnee van 0,64 cm en verkieslik groter. Dit is die belangrikste maatstaf om kwaliteit te voorspel. Die kaal wortelplantjies wat sonder grond verkoop word, moet jy vroeg in die lente plant, voor die groei van die knop en onmiddellik nadat hulle gekoop is. Saailinge wat in houers kom, kan later plantdatums en droër gronde verdra, maar dit is gewoonlik baie duurder.



2. Plant die saailinge in die lente. Kies leem- en goed gedreineerde grond en vermoed steil hellings en pieke. Plaas die saailinge in gate wat twee keer so breed is as hul wortels

en diep genoeg om die wortels te begrawe. Vir die beste resultate, vul hulle weer met een deel kompos en drie dele van die normale grond. Druk die grond goed vas en gee baie water. Hou die saailinge op 'n afstand van 3 tot 3,7 m van mekaar om voorsiening te maak vir die groei van die boom.

3. Gee van tyd tot tyd water. Vir minstens die eerste twee jaar ná plant – of jy sade of saailinge geplant het – benodig die okkerneut besproeiing (veral in periodes en dele met droë of warm klimaat). Gee oorvloedig water, maar moenie dit weer natmaak voordat die grond feitlik heelfemal droog is nie. Gereelde water kan die plant beskadig. Ná twee of drie jaar sal dit slegs nodig wees om die okkerneute gedurende die warmste seisoen van die jaar of tydens droogtes nat te lei (ongeveer een tot drie keer per maand).
4. Beheer die onkruid. Hou die omliggende gebied onkruidvry. Die groter saailinge kan met deklaag behandel word. Moenie deklaag op plante gebruik wat nog nie van die grond af kom nie, aangesien dit die groei van die lote kan belemmer. Wag totdat die saailing houfatig is en wortels ontwikkel het.
5. Snoei tyd. As jy 'n okkerneut vir sy hout aanplant, is dit belangrik om dit vroeg te snoei om die groei van 'n regte stam te verseker. Daarbenewens moet jy 'n "leiertak" aan die bokant van die boom laat en dit lei om reguit en vertikaal gedurende die volgende een of twee groeiseisoene te groei. As jy nog nooit bome gesnoei het nie, is dit raadsaam om 'n ervare snoeier te soek om jou te help om die voorste en belangrike takke te identifiseer. As die bopunt van die boom verniel word, vou die beste leiertak op en heg dit aan ander takke as ondersteuning en sny dan die punte van die ondersteunende takke om groei te voorkom.
6. Kies 'n groep bome wat jy wil behou. Die meeste boorde begin met meer plante as wat die area kan ondersteun. Sodra die bome groot genoeg is sodat die takke aan mekaar begin raak, kies die gesondste bome wat die eienskappe het wat jy verkies (gewoonlik is dit vinnig groeiende bome met 'n reguit stam). Verwyder die res, maar vermoed die skoonmaak van te veel ruimte wat tot onkruidgroei of selfs mededingende bome kan lei.



7. Gebruik slegs kunsmis sodra die boom se romp die grootte van 'n paal van ten minste 10 cm in deursnee bereik het, gemeet 1,4 m bokant die grond. Die ideaal is om grond of blare na 'n laboratorium te neem om die presiese nutriënttekorte te identifiseer. As dit nie moontlik is nie, moet 'n kunsmis van 1,4 kg stikstof, 2,3 kg trippelsuperfosfaat en 3,6 kg kaliumchloried by elke boom toegedien word. Toets die pH van die grond nadat jy dit bemis het om te sien of jy dit weer op normale vlakke moet aanpas.

Bron:

<https://dmylogi.ru/in-die-huis-en-in-die-tuin/42076-hoe-om-neute-te-plant.html>



# Vrystater maak Suid-Afrika trots

In April vanjaar is Magdie de Kock van Cornelia verkies tot wêreldpresident van die organisasie ACWW, die grootste vroue-organisasie ter wêreld met sy bykans 10 miljoen lede. Sy is ook die heel eerste Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse vrou om in hierdie posisie te dien in die 90-jarige bestaan van hierdie organisasie. Hannelie Cronjé het met hierdie merkwaardige vrou gesels.

## Magdie, wil jy nie net asseblief ter wille van ons lesers vir ons verduidelik presies wat dit is wat die ACWW doen nie?

Die Associated Country Women of the World (ACWW) is die grootste wêreldwye vroue-organisasie wat verteenwoordiging bied aan plattelandse vroue wie se stemme dikwels nooit gehoor word nie. Hierdie wêreldwye organisasie bereik hul doelwitte deur die samewerking met 438 geaffilieerde organisasies uit 82 lande, versprei oor agt kontinente met 'n gesamentlike ledetal van byna 10 miljoen mense wat deur die bemiddeling en onderleiding van ACWW op verskillende maniere in hul plaaslike gemeenskappe te werk gaan om vroue en kinders op te hef.

ACWW – wat soms in Afrikaans nie-amptelik vertaal word met die Wêreldbond van Plattelandse Vroue – bemagtig vroue en gemeenskappe deur onder meer die vennootskappe wat gesluit word met enersdenkende groepe en organisasies met gedeelde doelwitte asook in samewerking met die Verenigde Nasies. Daar word gestrewe om die lewensgehalte van vroue en hul gesinne te verhoog deur opvoeding, opleiding en ontwikkelingsprogramme aan die gemeenskappe te bied. ACWW verskaf ook praktiese en finansiële ondersteuning aan ons lede om hulle by te staan en toe te rus met die generering van inkomste. Ondersteuning word ook aan vroue en meisies gebied om hulle te beskerm teen geslagsdiskriminasie.

## Ek het op julle webblad gaan lees oor die doelstellings wat julle het, maar vertel vir ons hoe bereik julle dit? Werk julle saam met die regerings van die verskillende lande, of is dit 'n privaat organisasie wat op sy eie werk?

ACWW bied opheffing en bemagtiging aan lede (tot voordeel van nie-lede wat deel uitmaak van



die gemeenskappe) deur die volgende vier basiese werkswyses:

**Opheffing en bemagtiging van vroue deur beleidvorming en sluiting van vennootskappe:** Dit word moontlik gemaak word deur die konsultatiewe status by die Verenigde Nasies waarvoor ACWW al sedert 1947 beskik. ACWW het vennootskappe met ECOSOC (The Economic and Social Council), CONGO (Conference of Non-governmental Organizations), UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization) asook UNICEF (United Nations Children's Fund). ACWW is ook 'n vennoot van die wêreldliggaam FAO (Food and Agriculture Organization), en die globale inisiatief "save food" rakende die opvoeding oor voedselvermorsing, word deur ACWW ondersteun.

Hierdie vennootskappe en geleenthede tot beleidsvorming en konsultasie lewer potensiële voordele op 'n globale front wat nie slegs beperk is tot die lede van die organisasie nie. Hierdie werkswyse vorm deel van 'n volhoubare en uitvoerbare ontwikkelingsprogram om die allesomvattende wêreldwye agenda te ondersteun, om armoede aan te spreek en te bekamp, om ongelykheid en onregverdigheid te beveg en om die omgewing te bewaar.





By die driejaarlikse wêreldkonferensie van ACWW word beskrywingspunte bespreek en aanvaar om hierdie kwessies en vele ander sake rakende vroue en kinders in die besonder, maar ook sake wat die omgewing en die landbou betref, te ondersteun en dit word deur ons verbintenisse met die Verenigde Nasies en afvaardigings van verskillende organisasies in die 82 lande deurgegee aan die regerings van die betrokke lande.

Verreikende vooruitgang wat reeds bereik is, dui op die waarde van 'n kollektiewe agenda en samewerking, maar daar is nog baie werk wat gedoen moet word – nie net deur die lede-organisasies nie, maar ook deur die regerings van die verskillende lande waar ons lede-organisasies hulself bevind.

**Opheffing en bemagtiging van vroue en gemeenskappe deur gedeelde kennis:** Die ACWW asook die leierskap van die lede-organisasie verskaf inligting deur programme, beskikbaarstelling van navorsingsresultate, opleidingsgeleenthede, sosiale media en publikasies. Die kommunikasie-en-bemarkingskomitee van ACWW is hiermee getaak.

**Opheffing en bemagtiging van vroue en gemeenskappe deur die aktiwiteite en programme wat deur lid-organisasies op plaaslike vlak aan hul lede gebied word:** Die werkswyse wat deur ACWW gevolg word om hul lede-organisasies toe te rus, is om befondsing vir projekte op voetsoolvlak te voorsien. Die befondsing van voorgestelde projekte is onderhewig aan streng keuringsprosesse waaronder volhoubaarheid en gereelde monitering voorvereistes is. Hoewel die implementering van goedgekeurde projekte gewoonlik die omstandighede van vroue en kinders verbeter, deel gemeenskappe ook in die opheffingsproses. Daarom beskou ACWW die begunstigdes van projekte as samewerkers en nie sodanig as ontvangers van donasies nie. Meer as 'n 1 000 projekte is alreeds in die afgelope paar jaar deur ACWW befonds.

Ons is trots op die volgende statistieke wat aandui dat projekte wat in 2016 aangebied was 142 375 begunstigdes bereik het waaronder 91 187 vroue en 15 295 kinders. Hierdie syfers styg jaarliks.

**Opheffing en bemagtiging van vroue en gemeenskappe geskied hoofsaaklik deur die werk en bemoeienis van vrywilligers:** Die raad van trustees, lede van die ses komitees waarbinne ACWW funksioneer, verteenwoordigers op die rade van die Verenigde Nasies en fondsinsamelaars doen al die werk as vrywilligers. Die hoofkantoor van ACWW is in Londen waar 'n hoofuitvoerende beampte en sewe personeellede voltyds werk.

## Hoe word julle werksaamhede befonds?

Lede-organisasies en individuele lede betaal 'n jaarlikse ledeheffing. Vrywillige donasies befonds die projekte wat deur ACWW ondersteun word.

## Hoe het die organisasie 90 jaar gelede tot stand gekom?

Teen die einde van die 19de eeu was daar reeds vrouegroepes in verskillende lande van die wêreld wat hulself beywer het vir die opheffing van vroue en kinders. 'n Konferensie is in 1929 in Londen belê om die moontlikheid van 'n stigting van 'n wêreldwye organisasie te bespreek en in 1933 is ACWW amptelik gestig.

## Hoe het jy betrokke geraak by ACWW?

Ek is lid van die VLU en ook lid van Die Dameskring, 'n landwye organisasie vir Afrikaanssprekende Christenvroue, wat ook by ACWW geaffilieer is.

My lidmaatskap aan hierdie organisasies, asook my individuele lidmaatskap bied aan my ACWW-lidmaatskap.

Ter inligting: Suid-Afrika is deel van die Suider-Afrika Area, een van die nege areas waarbinne ACWW wêreldwyd in 82 lande werk. Dertig vroue-organisasies in Suid-Afrika is met ACWW geaffilieer. Dit sluit al die VLU-organisasies, asook ander organisasies in wat dieselfde belange as ACWW deel – naamlik die opheffing van vroue en kinders.

Ek is reeds 40 jaar lank 'n lid van die VLU. Ek het op 'n jong ouderdom aangesluit omdat ek kon vereenselwig met die visie en doelwitte van VLU, naamlik die opheffing en toerusting van die volwasse vrou. Ek was op 'n baie jong ouderdom verkies tot die vise-president van TVLU wat later ontbondel het en is daarna as president van VLU Mpumalanga verkies. Ek het ook as vise-president van SAVLU gedien en is tans die ere-presidente van VLU Mpumalanga.

Ek het 'n graad in pre-primêre opvoeding ontvang en het as skoolhoof gewerk totdat ons eerste kind gebore is. Ons het toe saam besluit dat ek as 'n tuisbly-mamma na die huishouding sal omsien terwyl my man sy beroep as ingenieur en boer beoefen.

Ek was dus in 'n baie bevoorregte posisie (en is tans steeds so bevoorreg) om 'n huisvrou te wees. Dit het my die geleentheid gebied om by vrywillige werk op verskeie vlakke betrokke te raak en my man het my al die ruimte gebied om my belangstellings uit te oefen. (Hy doen dit steeds en ek het oneindige waardering vir sy ondersteuning op alle gebiede.)

Ek is al vir 47 jaar baie gelukkig getroud met Johan, my eerste liefde! Hy is 'n ingenieur en 'n beesboer in die Cornelia-distrik. Ons drie volwasse kinders is getroud en beoefen almal hul professionele beroepe in Suid-Afrika. Ons is 'n baie hegte gesin en ons stel hoë prioriteit aan gesinstradisies en -waardes. My man, kinders en drie skattige kleinkindertjies is vir my baie belangrik, want dit anker my, maar bied ook aan my vleuels.

Voordat ek tot die wêreldpresidente van ACWW verkies is (in April 2019 tydens die driejaarlikse wêreldkonferensie van ACWW wat in Melbourne, Australië plaasgevind het), het ek vir ses jaar op die raad van trustees gedien as die voorsitter van die bemarkings-en-kommunikasiekomitee. In hierdie hoedanigheid moes ek dikwels na ander lande reis om die organisasie bekend te stel en ook baie gereeld die hoofkantoor, wat in Londen gesetel is, besoek vir vergaderings en ander verpligtinge. Dit was soos 'n voltydse beroep... en nou gaan die pas net nog 'n bietjie meer versnel om my pligte en verantwoordelikhede as wêreldpresident na te kom.

## Wat gaan jou verantwoordelikhede as presidente van die ACWW wees?

Die amptelike pligte sluit in: Beelddraer en segspersoon van ACWW. As wêreldpresidente tree ek ook op as die voorsitter van die vergaderings van die raad van trustees wat bestaan uit 13 verkose lede om al die lede van ACWW te verteenwoordig. Ek is ook ex officio lid van die ses komitees waarbinne ACWW funksioneer (projekte,



finansies en lidmaatskap, beplanningskomitee van die volgende driejaarlikse wêreldkongres, die kommunikasie- en-bemarkingskomitee en die landboukomitee en komitee wat die sake van die Verenigde Nasies hanteer). Ek is ook verantwoordelik vir die bestuur van die personeel in die hoofkantoor in Londen. Ek is die amptelike verteenwoordiger van ACWW by enige geleentheid wêreldwyd waarheen ACWW genooi word of waar ek dit nodig mag ag om die organisasie te bemark.

- a. **Hoe gee julle as organisasie vir mense toegang tot gesondheidsdienste? Al wat ek weet is van staatspasiënte wat vir ure in rye by klinieke moet staan en staats hospitale wat in haaglikse toestande verkeer en nie almal kan help wat soontoe gaan vir gesondheidsorg nie.**
- b. **Watter gesondheidsdienste verskaf julle?**
- c. **Hoe sorg julle vir voedselsekuriteit, water en energiebronne vir hierdie mense?**
- d. **Hoe is julle by onderrig en opleiding betrokke? Ek dink dis seker waar die heel grootste probleem lê, want as 'n mens kinders in die skool kan hou tot matriek, is daar tog vir hulle die geleentheid om verder te gaan studeer. Hoe laat 'n mens kinders dit insien?**

Antwoorde op al vier bogenoemde vrae kan gevind word in die werkswyse wat deur ACWW gevolg word. Deur die netwerk van ons lede-organisasies en die verteenwoordiging van ACWW op die verskillende werkskomitees van die Verenigde Nasies, word hierdie en baie ander kwessies aangespreek.

Dit gaan by ACWW en die lede-organisasies hoofsaaklik oor toerusting en onderrig aan mense en gemeenskappe en dit word op verskillende maniere gedoen. By die driejaarlikse wêreldkongres word beskrywingspunte bespreek en aanvaar wat onder meer die gesondheid van mense insluit en die uitvoering daarvan berus dan op die lede-organisasies en die regerings van die lande wat verteenwoordig word, asook ACWW se toegang tot die Verenigde Nasies se verskillende liggame wat op die gebiede werksaam is.

As voorbeelde noem ek graag die beskrywingspunte wat hierdie jaar, onder meer, op die gebied van gesondheid aanvaar is: Ystertekort by vroue en kinders; die diagnose en behandeling van hartsiektes by vroue waarvan die simptome by vroue verskil van dié by mans; gesondheidsorg en voeding vir vroue met die klem op die belangrikheid van 'n gesonde omgewing; die bewusmaking en uitwissing van die voorkoms van hondsdolheid by mense wat deur besmette honde oorgedra word; die voorkoming en bewusmaking van Q-koors ("Query fever") wat deur beeste/diere aan mense oorgedra word; en toegang vir mense tot veilige toiletgeriewe.

Sake soos mensehandel en bekamping van geweld teen vroue en kinders is maar net twee voorbeelde van die

beskrywingspunte wat al by vorige konferensies bespreek en aanvaar is.

'n Verdere sewe beskrywingspunte wat in die algemeen van toepassing is op die leefwyse van vroue en kinders is ook bespreek en aanvaar.

Al hierdie beskrywingspunte is alreeds op die agendas van vergaderings van die Verenigde Nasies geplaas waarby ACWW verteenwoordig word.

## **Is daar opleidingsprogramme wat julle van stapel stuur om volwasse vroue vaardighede aan te leer waarmee hulle 'n inkomste kan genereer?**

ACWW befonds projekte op verskillende vlakke van toerusting en opleiding waarvan die aanleer van vaardighede wat kan lei tot inkomstegenerering deel uitmaak. Die lede-organisasies doen ook sulke werk op plaaslike vlak, soos byvoorbeeld opleiding in naaldwerk wat deur VLU-takke gedoen word.

Die werkswyse van die ACWW is om vroue en gemeenskappe te bemagtig deur projekte wat gefinansier word. Ons ontvang aansoeke wat dan baie noukeurig deur 'n projekte-komitee bestudeer en gekeur word. Sekere streng prosesse van monitering ensovoorts vind voortdurend plaas.

Hierdie projekte word wêreldwyd uitgerol en strek oor 'n baie breë spektrum van opleiding en opheffing. Dit sluit onder meer projekte in waar groentetuine in Mongolië aangelê word vir die gemeenskappe om selfonderhoudend te raak, klaskamers in die verafgeleë landelike gebiede van Wes-Afrika en Indië, geletterheidsprojekte in die Wes-Indiese eilande, toegang tot skoon water met die oprigting en toerusting van boorgate in KwaZulu-Natal en nog baie meer. ACWW ontvang donasies van lede en ander weldoeners om hierdie projekte te finansier.

ACWW het ook konsultatiewe status by die Verenigde Nasies wat aan ons inspraak bied oor kwessies rakende vroue en kinders.

ACWW is ook tans betrokke by 'n wêreldwye navorsingsprojek wat van stapel gestuur is om 'n opname te doen oor die leefwyse van plattelandse vroue. Die aksie is deur ACWW geïnisieër en die vraelys wat deur ACWW opgestel en versprei word, sal waardevolle inligting aan die Verenigde Nasies voorsien wat gebruik sal word in beleidsvorming met betrekking tot landelike en plattelandse vroue wêreldwyd.

## **Hoe spoor julle die mense op wat hulp nodig het, want vir my lyk dit of daar miljoene werklose mense is wat in plakkerskampe woon of op straat woon en wat loop en bedel. En dit lyk of hierdie mense daagliks meer raak. Wie presies is die mense vir wie julle help?**

ACWW ontvang baie aansoeke van individue en groepe vir befonding van projekte wat die opheffing van vroue en kinders ten doel het. 'n Projektekomitee hanteer elke aansoek volgens spesifieke kriteria en aansoeke wat deur die komitee aanbeveel word, gaan deur 'n tweede



keuringsproses wat deur die raad van trustees gefinaliseer word. Goedgekeurde projekte is onderhewig aan gereelde monitering deur opgeleide beamptes. Vanweë die geweldige groot netwerk waaroor ACWW beskik deur die groot ledetal, is dit moontlik vir verteenwoordigers in die nege areas waarbinne ACWW funksioneer, om op grondvlak beskikbaar te wees om toe te sien dat die implementering van die projekte aan die voorgeskrewe voorwaardes voldoen. Volledige verslae word ook elke ses maande ingedien oor die vordering van projekte en die volhoubaarheid daarvan. Hierdie verslae word ingesluit by die jaarlikse verslag wat ACWW by die Verenigde Nasies indien.

## **Ek sien julle stel elke drie jaar 'n nuwe tema voor en streef daarna. Wat is die tema vir die volgende drie jaar se werksaamhede?**

Die tema vir die tydperk 2019–2022 is Our Diversity is our Strength (in Afrikaans vertaal: Ons krag lê in ons diversiteit) wat dui op die diversiteit van ons lede wat betref taal, kultuur, etnisiteit, vaardighede, ensovoorts. Toe ek die tema moes voorstel pas ná my verkiesing as wêreldpresident was ek baie diep onder die indruk van die diversiteit van die afgevaardigdes by die konferensie asook die diversiteit van die verteenwoordiging op die raad van trustees. Verteenwoordigers uit nege areas oor die wêreld asook voorsitters van ses spesifieke komitees vorm saam met die wêreldpresident die raad van trustees.

## **Wat is jou persoonlike doelwitte vir die volgende drie jaar? Wat wil jy vermag in hierdie tydperk?**

Ek sien myself as 'n skakel in 'n sterk ketting van leiersfigure wat alreeds as 'n wêreldwye organisasie oor 90 jaar die saak van vroue bevorder en gemeenskappe oor die wêreld saambind. My grootste verantwoordelikheid is egter teenoor die lede van ACWW wat tans op byna 10 miljoen vroue wêreldwyd staan, want hierdie vroue het my in hierdie posisie verkies en geplaas om die saak van ACWW te dien en te bevorder. Ek stel dit my ten doel dat ACWW die snelveranderende wêreld tot voordeel sal gebruik om kommunikasie intern en ekstern te bevorder. Vir my lê die krag van die organisasie in die diversiteit van ons ledesamestelling en dit verdien respek en waardering – iets wat ek as Christenvrou ervaar. Ek is egter baie diep onder die indruk van die groot verantwoordelikheid waartoe ek geroep is en in my eie krag is ek nie daartoe in staat nie. Ek vind egter moed, krag en inspirasie in die woorde van Fil 4:13 in die Bybel wat my verseker dat ek tot alles in staat is deur Christus wat my krag gee. Ek glo dat God ons Vader in beheer is van my lewe en ek dank Hom vir hierdie wonderlike geleentheid wat Hy my bied om Sy Naam groot te maak.

Dit bied ook aan my 'n unieke geleentheid om die positiewe boodskap uit Suid-Afrika op die wêreldverhoog uit te dra. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van 90 jaar dat 'n Suid-Afrikaner (of iemand uit Afrika) as wêreldpresident verkies word! Dit op sigself behoort by te dra tot die positiewe boodskap wat dit vir Suid-Afrikaners inhou. Wêreldwyd het dit ook 'n impak in dié opsig dat 'n sekere dinamika en waardestelsel uit Suid-Afrika waargeneem sal kan word op die wêreldverhoog. Dit is 'n unieke en uitstekende geleentheid wat aan 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse boervrou van die Vrystaat gebied word!

## **Hoe vergelyk die Suid-Afrikaanse toestande met die toestande in ander lande wat deel is van die organisasie?**

Dit gaan eintlik oor die verskil tussen die toestande en omstandighede in ontwikkelde lande en ontwikkelende lande. ACWW het lede in beide hierdie groepe. ACWW slaag egter tot 'n groot mate daarin om die twee wêreldes bymekaar te bring en dis gewoonlik die lede uit ontwikkelde lande wat die meeste van die projekte wat in ontwikkelende lande aangebied word, befonds.

Na my mening is die basiese behoeftes van vroue egter dieselfde – in Suid-Afrika en ook in ander lande van die wêreld. Hierdie gemeenskaplike behoeftes behoort ons saam te snoer om ons unieke rol as vrou te omarm en uit te leef. Die omstandighede van die Suid-Afrikaanse vrou noop ons om op verskeie terreine te werk en te beweeg, wat 'n baie groot verantwoordelikheid op ons plaas. 'n Sterk waardestelsel kan egter daartoe bydra om haar te beskerm en haar ook in staat te stel om met waagmoed haar omstandighede te trotseer.

## **Is daar 'n oplossing vir mense se swaarkry? Vir hoe lank kan 'n mens mense help voordat 'n mens sê dis nou genoeg?**

Daar is nie 'n kitsoplossing vir mense se swaarkry nie, maar ons moet nooit ophou om mense se omstandighede te probeer verlig nie en nooit ophou om empatie te betoon nie. Dis soms byna hartverskeurend om te sien hoe mense wat self baie min het, bereid is om met ander te deel en ek ervaar dat mense wat swaarkry gewoonlik bereid is om ander wat swaarkry, by te staan. Ek was in huishoudings in Indië en in Suid-Afrika waar 'n gesin hul skrapse kos deel met die bure wat nog minder het. ACWW kan maar net voortgaan om soos in die afgelope 90 jaar, vroue en gemeenskappe toe te rus en op te hef om hul eie omstandighede te verbeter.

## **Ek dink dis so bewonderenswaardig dat daar mense is wat hulle aan so 'n lewenstaak toewy. Hoe kan mense wat hierdie artikel lees, betrokke raak by ACWW, of selfs net in hul eie gemeenskap 'n verskil maak?**

Dis eintlik eenvoudig: raak net betrokke! Wees bereid om as 'n vrywilliger van jou tyd en kundigheid aan ander af te staan en jy sal verbaas wees oor die bevrediging en verryking wat dit vir jouself inhou. Om na ander mense uit te reik en 'n verskil in hul lewe te probeer maak, is sinvol en vervullend. Om te gee is veel beter as om te ontvang. Elke dorp of klein gemeenskap in ons land (en oor die wêreld) het instansies of organisasies waarby 'n mens kan aansluit as jy nie bereid is om op jou eie liefdadigheidswerk te doen nie. Om by ACWW betrokke te raak is ook maklik. Byna al die plaaslike vroue-organisasies in Suid-Afrika is geaffilieer by ACWW en lidmaatskap aan jou organisasie gee jou outomaties toegang tot lidmaatskap aan ACWW. Daar is egter ook 'n ander kategorie van lidmaatskap wat ek aanmoedig en dit is om as 'n Individuele lid aan te sluit. Mense met 'n passie vir die welsyn van ander gebruik gewoonlik hierdie kanaal om deel te wees van 'n wêreldwye organisasie wat die opheffing van vroue en kinders ten doel stel. Aansoekvorms vir individuele lidmaatskap is aanlyn beskikbaar of mense kan my kontak en dan stuur ek graag 'n aansoekvorm en meer inligting om betrokke te raak.

# Jou hond, kat, bul, koei (en selfs jou bye) kan jou miljoene kos

**'n Persoon is deur drie groot bulterriers aangeval terwyl hy in 'n straat gestap het. Hy was heeltemal in die straat ten tyde van die voorval en die honde het hom sonder enige uitlokking aangeval. Hy het ernstige bywonde opgedoen en sy linkerarm moes uiteindelik by die skouer afgesit word.**

'n Verbyganger het gehelp om die honde te verwilder en is ook in die proses aangeval. Hierdie ingryping het gekeer dat die eerste man verdere ernstige beserings opgedoen het. Die slagoffer het skadevergoeding van R2,341 miljoen van die honde se eienaar geëis. Die honde het geen geskiedenis gehad van mense byt of aanval nie. Hulle is as troetelhonde beskryf.

Die honde het vrye toegang tot die eienaar se huis, tuin en agterplaas gehad. Dit was met 'n heining en 'n muur omring en van die straat af geskei. Iemand kon slegs toegang tot die straat deur 'n hek verkry. Volgens die

eienaar was die hek gewoonlik gesluit en op die betrokke dag was dit blykbaar met twee slotte gesluit.

Die eienaar beweer dat 'n inbreker in sy en sy gesin se afwesigheid die hek oopgebreek en oopgelos het.

Die algemene beginsel in ons reg is dat jy slegs vir skadevergoeding aanspreeklik gehou kan word wanneer iemand kan bewys dat dit jou "skuld" was dat hulle verlies/skade/beserings opgedoen het, dus as jy nalatig of opsetlik opgetree het. As dit jou skuld is, moet jy betaal.



Wanneer die skade egter deur jou dier(e) veroorsaak is, is jy in 'n baie riskante posisie. Jy kan gedagvaar word en op 'n basis van "skuldlose aanspreeklikheid" verantwoordelik gehou word.

Dit beteken dat die optrede van Wagter, Kietsie, Blommetjie die koei, of selfs (soos in 'n saak uit 1926) jou "mak" swerm bye, jou met 'n rekening vir miljoene rand kan laat, sonder dat jy op enige manier nalatig of skuldig was.

Onkunde oor hierdie risiko kan jou duur te staan kom soos in die saak wat hierbo beskryf word. Die slagoffer kon nie daarin slaag om te bewys dat die honde se eienaar, eerder as 'n inbreker, die hek oopgelos het nie. Hy kon dus nie aantoon dat die eienaar op enige manier nalatig opgetree het nie.

Die hof het egter beslis dat die eienaar steeds aanspreeklik gehou kan word op gronde van 'n ou Romeinse regsbeginsel – die "pauperie se aksie" of actio de pauperie. Die basis van hierdie beginsel is dat aangesien 'n dier nie oor redenasievermoë beskik nie, "'n dier nie in staat is om onregmatig op te tree nie".



Daar is al aangevoer dat hierdie beginsel uit ons reg geskrap moet word, maar in hierdie stadium word dit steeds deur ons howe toegepas. Diere-eienaars moet dus bewus wees van hierdie risiko.

Pauperie se aanspreeklikheid is 'n ingewikkelde onderwerp. In 'n neutedop is jy aanspreeklik vir skade wanneer jou mak dier (verskillende reëls geld ten opsigte van wilde diere) opgetree het as gevolg van opgewondenheid en in stryd met sy natuurlike gedrag. Daar is wel 'n aantal verwere tot jou beskikking, soos dat die slagoffer tot sy eie skade bygedra het deur sy eie handeling (die uitlokking van 'n aanval of onregmatige betreding van 'n ander se eiendom) of – soos die verweerder in hierdie saak aangevoer het – waar die skade veroorsaak is as gevolg van die nalatigheid van 'n ander persoon.

Weereens is dit 'n ingewikkelde onderwerp waarvoor spesifieke regshulp verkry moet word. Die betrokke verweer is beskikbaar as jy kan bewys dat 'n derde party beheer oor die dier gehad het, maar op 'n nalatige wyse versuim het om die beheer uit te oefen. In hierdie saak het die honde-eienaar die hof gevra om die verweer uit te brei om sy spesifieke situasie ook te dek.

Dit is, hoewel die inbreker nie beheer oor die honde gehad het nie, hy nalatig was deur aan die honde die geleentheid te bied om die slagoffer aan te val. Die hof het geweier, en beslis dat die verweer slegs van toepassing is waar die derde party inderdaad beheer oor die dier gehad het (byvoorbeeld soos iemand wat jou erf opgepas het en die honde laat uitkom het).

Die honde-eienaar moet dus die slagoffer betaal vir soveel skadevergoeding as wat die slagoffer kan bewys. Die gevolgtrekking: jy is aanspreeklik selfs wanneer dit iemand anders se skuld is, en selfs wanneer jy geheel en al onskuldig is, tensy die ander persoon op daardie tydstip beheer oor die dier gehad het.

Die eerste stap is natuurlik om die risiko dat jou diere skade aan ander kan veroorsaak, te verminder. Maak ook seker dat jou versekering aan jou die nodige dekking sal bied indien jy wel gedagvaar word. As jy jou op "Vrywarings van aanspreeklikheid" wil beroep, byvoorbeeld waarskuwingsborde op jou grense, moet dit noukeurig en baie duidelik bewoord word ten einde enige kanse op beskerming te verleen.

Geskryf deur Butch van Blerk, direkteur: Bill Tolken Hendrikse Ingelyf, van Bellville, Kaapstad en geleen by die webblad <https://www.netwerk24.com/landbou/Bedrywe/Diere/jou-dier-kan-jou-miljoenekos-20190426>.



# S-S-S-S-SLANG

Met die somer in die lug, kom die bedreiging (en vir sommige vrees) vir slange. LD Pienaar, slangvanger van Modimolle, het vir Delene Snyman vertel van die respek en waardering wat mens vir 'n slang behoort te hê.

**N**et soos 'n koedoebul sy plek in die natuur verdien, so verdien 'n slang sy plek in die veld. Net so nuttig soos 'n aasvoël in die natuur, net so nuttig is 'n slang. Verally vir boere is die waarde van slange baie belangrik aangesien slange potensiële probleemdiere soos muisse, rotte en voëls se getalle in toom hou wat skade aan oeste kan aanrig.

LD Pienaar het 'n passie vir slange. Hy het in die dorp grootgeword, rekenaarspeletjies was sy tydverdryf. Maar sedert hy klein was, het hy 'n passie vir diere gehad. Hy het siek voëltjies gesond gedokter en sy troetelverkleurmannetjie was vir sewe jaar sy beste vriend. Ná skool het hy natuurbewaring gaan studeer, maar in die veld rondom sy koshuis het hy meer geleer as in die klaskamer. En deur waar te neem wat in die natuur gebeur, het hy gou meer as boekekennis opgedoen. LD het begin oplees en navors dit wat sy belangstelling die meeste geprikkel het, naamlik reptiele. Hy het begin met "herping – the act of looking for reptiles".



Een van die luislange wat hy hervestig het



Mosambiekse spoegkobra



**Kortneussweepslang (onskadelik)**



**Bruinhuisslang (onskadelik)**



**Eiervreter (onskadelik)**



**Swartmamba (gevaarlik)**



**Boomslang (gevaarlik)**

Namate hy vir ander reptiele gesoek het, het hy met slange kennis gemaak en LD het besef hy sal vinnig baie van slange moet weet sodat hyself nie gepik word nie. Buiten die kennis wat hy ingewin het, het hy ook as slangvanger gekwalifiseer by African Reptiles and Venom sowel as die African Snake Bite Institute.

Deesdae vang hy slange in Modimolle en omgewing teen 'n fooi wat net die koste dek om die slange te heralloseer. In net die eerste twee maande van die jaar het hy 28 slange gevang en elders losgelaat. LD maak seker dat hy die slang loslaat op 'n plek waar dit nie maklik vir mens en dier probleme kan veroorsaak nie. Onskadelike slange laat hy op hul plaas vry waar daar geen muise en rotte meer is nie! Onder die slange wat hy hervestig het, tel heelwat luislange – die grootste was 'n allemintig 4,5 meter lank.

Interessante feite wat LD deel:

Daar is 152 slangspesies in Suid-Afrika waarvan net 15 baie gevaarlik is. Die ander is gevaarlik maar nie dodelik of glad nie gevaarlik nie.

### **Slanggif word in drie groepe ingedeel, naamlik:**

- sitotoksies (soos die pofadder) wat weefselskade aanrig;
- neurotoksies (soos die mamba) wat die sensoriese stelsel aantast; en
- hemotoksies (soos die boomslang) wat bloeding veroorsaak.

Die wipneuskobra is die algemeenste slang in die Bosveld. LD sê hy vang baie hiervan in Modimolle.

Daar bestaan die mite dat luislange nie gevaarlik is nie. Dit is nie die geval nie. Buiten dat 'n luislang kan byt, beskik hy oor geweldige krag en kan jou binne sekondes lam lê as hy jou eers in sy greep het. Moenie poog om 'n luislang te vang as jy nie oor die nodige toerusting en kennis beskik nie. 'n Luislang van 1 meter en langer sal 'n volwasse persoon kan doodmaak. Moet nooit 'n luislang om jou nek sit nie, selfs nie onder toesig van 'n slangkenner nie. Dit mag noodlottige gevolge hê.

Die Mosambiekse spoegkobra is 'n 'ongemaklike' slang om te vang omdat sy spoeg so akkuraat en giftig is. Meeste pikgevalle is as gevolg van hierdie slang omdat hy "toetsproef" en 'n slapende persoon aan die toon of vinger sal pik. As jy hierdie slang in jou tuin teëkom sal hy sonder waarskuwing spoeg of pik waar ander slange sal waarsku (soos die blaas van 'n pofadder) of sal wegbeweeg (meeste ander slange). Alhoewel LD van slange hou, is hierdie kalant sy minste gunsteling en nie om dowe neutte nie.

Die giftigste slang, druppel vir druppel, is die boomslang, maar 'n mamba se gif werk vinniger – vandaar sy reputasie. Maar 'n mamba sal altyd probeer om weg te kom van jou af behalwe as hy vasgekeer is of by sy lêplek agter jou wil uitkom. Daar bestaan baie mites en stories oor hierdie slang – almal ongegrond.

Slange mag nie as troeteldiere aangehou word nie behalwe met die nodige permit van Omgewingsake.

Niks hou slange weg nie. Nie middels wat jy spuit of strooi nie, nie honde of katte nie. Honde en katte sal wel slange aanval, maar ook soms met rampspoedige gevolge. Daarom is dit beter om troeteldiere uit die onmiddellike omgewing van 'n slang weg te neem en eerder 'n slangvanger te bel. Onskadelike slange kan dan ook deur honde en katte doodgemaak word, wat nie die ideale situasie vir die natuur is nie.

Indien jy of iemand in jou teenwoordigheid deur 'n slang gepik word, is daar 'n paar stappe wat gevolg moet word:

1. Bly kalm.
2. Identifiseer die slang. Neem 'n foto indien moontlik of neem soveel moontlike eienskappe waar soos kleur, strepe of ringe, kopvorm en gedrag. Dit is baie belangrik sodat die regte teengif toegedien kan word.
3. Kontak 'n slangkenner in jou omgewing. Hy/sy sal jou die beste raad gee of help om die slang te identifiseer. LD sal jou ook in verbinding bring met een van die land se voorste slangkenners wat jou na die regte hospitaal sal verwys en ook die hospitaal kontak.
4. Moenie probeer om die slang dood te maak nie. In die proses mag jy (weer) gepik word.
5. Wees versigtig oor die hantering van die pikwond as jy nie oor die nodige kennis beskik nie. So is dit baie gevaarlik om byvoorbeeld 'n drukverband om jou arm te bind as 'n pofadder jou gepik het en sou dit beter wees om die hand liggies te skud terwyl dit dalk 'n goeie ding sou wees om af te bind as 'n mamba jou gepik het. Maar laat 'n professionele persoon jou eerder adviseer.
6. Kry so gou moontlik die regte mediese hulp.

Indien jy byvoorbeeld voor die TV sit en 'n slang kom ingeseil:

1. Wees kalm.
2. Hou te alle tye 'n oog op die slang.
3. Identifiseer die slang.
4. Kontak 'n slangvanger dadelik (nie twee dae later nie – soos sommige mense wel doen).
5. Volg die raad van die slangvanger.
6. Dit sal baie help as jy 'n foto aan die slangvanger kan stuur.
7. Betaal die uitroepfooi van die slangvanger – dis die geld werd.

'n Mens hoef nie noodwendig vir slange bang te wees nie, maar jy moet ook die domastrand wees as dit by slange kom nie. Kennis oor slange mag dalk net jou of jou kind se lewe red. Dus, wees ingelig. Geen slang (Mosambiekse spoegkobra dalk uitgesluit) wil sy energie en gif mors op iets wat hy nie kan eet nie, dus sal die slang eerder probeer wegkom as om jou te pik.

LD Pienaar se kennis en passie oor slange is verstommend. Hy wil mense graag inlig oor die vele voordele van slange in die natuur en die belangrike rol wat hulle in die ekosisteem speel. Hy sê die jonger generasie het baie meer begrip vir die rol van slange as die ouer generasie wat geneig is om slange voor die voet dood te maak.

Ten slotte maan hy dat mense wat nie die nodige kwalifikasies het nie, onder geen omstandighede slange moet hanteer nie. Maar die grootste pleidooi wat hy lewer is dat slange nie doodgemaak moet word nie want hulle verdien 'n plek in die natuur soos enige ander dier.

Vir meer inligting kontak gerus vir LD Pienaar by 072 475 6414.



**Gespikkelde bosslang (onskadelik)**



**Wipneuskobra (gevaarlik)**



**Pofadder (gevaarlik)**



**Rooi-lippie (onskadelik)**



**Streppensandlang (onskadelik)**



**Takslang of 'Twig snake' (gevaarlik)**



# Effektiewe onkruidbeheer ... elke keer Roundup® – steeds die effektiefste oplossing.

Wanneer dit kom by breëspektrum-onkruidbeheer as deel van 'n oesbeskermingsprogram, bly Roundup® se konsekwente kwaliteit steeds onoortreflik. Roundup® is mengbaar met 'n wye reeks ander oesbeskermingsprodukte. Dit is die ideale produk wat bewaringslandbou moontlik maak en hou jou grense, landerye en meerjarige gewasse onkruidvry. So help dit jou gewasse om hul volle potensiaal te bereik.

**Roundup  
TURBO**  
HERBICIDE

- Gebruik dit as 'n voor-plant onkruiddoder vir gemoedsrus.
- Maak bewaringslandbou moontlik.
- Is reënvas binne twee ure na toediening.

**Roundup  
PowerMAX**  
HERBICIDE

- Verseker oesveiligheid.
- In **Roundup Ready®**-gewasse kan dit na opkoms bo-oor die gewas gespuit word of as 'n gerigte bespuiting op bv. mielies, soja en katoen.
- Is reënvas binne een uur na toediening.



- Bevat Transorb™-tegnologie vir vinniger absorpsie en translokasie



- Toedieningsaanpasbaarheid volgens individuele etiketaanbevelings



- Breëspektrum-onkruidbeheer



Vir doeltreffendheid en oesbeskerming, asook die korrekte gebruik van die produkte, lees die produk-etikette vir volledige gebruiksaanwysings. Slegs die korrekte en verantwoordelike gebruik van hierdie onkruidodders sal uitstekende onkruidbeheer verseker wat die groei van jou oes en profyt tot gevolg sal hê.

Roundup® bevat 360 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig, Reg.nr. L0407 (Wetrn. 36 van 1947),  
Roundup® PowerMAX bevat 540 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig, Reg.nr. L7769 (Wetrn. 36 van 1947),  
Roundup® TURBO bevat 450 g glifosaat/ℓ. Reg.nr. L7166 (Wetrn. 36 van 1947), is Groep G-onkruidodders en is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Gebruik die onkruiddoder op 'n veilige manier. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



# Sê cholesterol die stryd aan

## Wat is cholesterol?

Cholesterol is 'n sagte vetterige substansie in die bloed wat 'n belangrike rol in selmembrane speel om baie hormone en gal te produseer wat met voedselvertering moet help. Die meeste van die cholesterol in die liggaam word in die lever geproduseer en dan deur die bloed na die res van die liggaam versprei. Party van die kosse wat ons van dierebronne eet, bevat cholesterol en word as dieetkundige cholesterol beskryf.

## Hoekom is hoë cholesterolvlakke gevaarlik?

Almal het cholesterol in hul bloed, maar te veel cholesterol verhoog die gevaar van hartaanvalle of 'n beroerte. Hoë bloedcholesterolvlakke kan stadigaan 'n opbou van cholesterol en ander afvalprodukte in die binnewande van die are veroorsaak.


Indien dit nie dopgehou word nie, kan daar aanpaksels vorm – dik, harde neerslae wat die are vernou en dit minder beweeglik maak. Hierdie proses word aterosklerose genoem. Indien 'n klont vorm en die vernoude aar wat na die hart of die brein loop, blokkeer, kan dit tot 'n hartaanval of beroerte lei. Hoë cholesterol is een van die belangrikste risikofaktore vir kardiovaskulêre siektes.

## “Goeie” en “slegte” cholesterol

Cholesterol wat van die lever na die res van die liggaam versprei word, word in transporteerders versprei wat laedigheid-lipoproteïene genoem word, algemeen bekend as LDL. 'n Ander transporteerder, genoem hoë-digtheid-lipoproteïen of HDL, versamel cholesterol van die res van die liggaam en bloedvate en bring dit terug na die lever toe.

Omdat hoë vlakke LDL-cholesterol met hartsiektes verbind word, word dit dikwels “slegte cholesterol” genoem. HDL “reinig” die bloedvate van cholesterol en word daarom “goeie cholesterol” genoem.

## Bloedvatwand



Binnekant van 'n normale bloedvatwand

## Bloedvatwand



Gedeeltelik verstopte bloedvatwand

Bloedcholesteroltoets sluit dikwels ook 'n trigliseriedtoets in. Dit meet die hoeveelheid vet wat in die bloed vervoer word, wat van vetterige kos wat onlangs geëet is of van vetproduksie in die lever afkomstig kan wees. Hoë vastende vlakke van trigliseriede in die bloed verhoog die gevaar van hartsiektes en beroertes.

## Hoe kan cholesterolvlakke verlaag word?

Afhangende van die individu se risikoprofiel kan 'n dokter medikasie of eers leefstylveranderinge aanbeveel. Of iemand op medikasie geplaas word of nie, is dieet, fisieke aktiwiteite en leefstylveranderinge kritiek noodsaaklik.

Veranderinge in eetgewoontes en ander leefstylfaktore kan help om abnormale cholesterolvlakke te verbeter.

Die meeste mense met hoë cholesterol voel blakend gesond. Daar is gewoonlik geen waarskuwingstekens nie, daarom word cholesterol dikwels “die stil moordenaar” genoem. Die enigste manier om uit te vind of jy hoë cholesterolvlakke het, is om 'n bloedtoets te laat doen. Vir 'n akkurate lesing is dit

raadsaam om vir ten minste agt uur voor die toets niks te eet of te drink nie. Indien die algehele cholesterolvlak hoog is, is dit noodsaaklik om te weet watter tipe cholesterol hoog is.

### Wat moet my cholesteroltekening wees?

Die meeste gesonde mense se cholesterolteknings is:

- Algehele cholesterol minder as 5 mmol/L
- LDL-cholesterolvlak minder as 3 mmol/L
- HDL-cholesterolvlak meer as 1,2 mmol/L vir vroue of 1,0 mmol/L vir mans
- Vastende trigliseriedevlak minder as 1,7 mmol/L

Mense wat 'n hoër as normale vlak van risiko vir kardiovaskulêre siektes het, mag strengere individuele mikpunte hê soos deur hul dokter of spesialis voorgeskryf. Dit sluit mense in wat:

- Bestaande hartsiektes het, voorheen beroerte of 'n hartaanval gehad het, en perifere vasculêre siekte het;
- Diabetes, niersiekte en ander mediese toestande het wat die risiko van hartsiekte verhoog; en
- Familiële hipercholesterolaemia (oorgeërfde hoë cholesterol) het.

### Hoe dikwels moet my cholesterol getoets word?

Alle volwassenes behoort ten minste een keer in hul jong volwassenheid (vanaf 20 jaar oud) 'n vastende lipogram te laat doen. Indien die cholesterolvlakke normaal is, moet dit oor 'n paar jaar weer getoets word. Mense met diabetes of niersiektes en mense wat oorgewig is, moet hul cholesterolvlakke dikwels deur hul dokter laat toets.

Indien "slegte" cholesterolvlakke hoog is of iemand die gevaar loop van hartsiektes, moet cholesterol elke ses maande getoets word. As 'n mens bewus is van die risikofaktore sal dit jou help om te identifiseer watter veranderinge nodig is om die risiko te verlaag. Party van die risikofaktore sluit in:


- Te veel versadigde vette in die dieet.
- Mediese toestande soos 'n onderaktiewe skildklier of chroniese nierversaking.
- Familiëgeskiedenis: Indien 'n ouer of grootouer hoë cholesterol het, kan dit oorgeërf word. Party mense het van nature hoë cholesterolvlakke weens 'n skaars oorerflikheidsstoestand wat familiële hipercholesterolaemia (FH) genoem word. As een familielid hiermee gediagnoseer word, is dit uiters belangrik dat alle lede van die familie 'n volledige vastende lipogram moet ondergaan om te toets of hulle dit ook het.
- Fisieke onaktiwiteit.
- Oorgewig of vetsugtigheid, veral om die middel. Die kans van abnormale cholesterolvlakke verhoog wanneer mense oorgewig is. Mense met tipe 2-diabetes of metaboliese sindroom het dikwels lae HDL-cholesterol en verhoogde trigliseriedvlakke.
- Inname van te veel alkohol.
- Rook en tabakgebruik.
- Kies gesonder vette: Neem minder ongesonde bronne van versadigde vet en onversadigde vetsure in. Dit word aangetref in kos soos vetterige en geprosesseerde vleis, hoendervel, botter, ghee, room en harde kaas, klapper- of palmolie, pasteie, beskuijies, kraakbeskuijies, kitskos en diepgebraaide aartappels en slaptjips. Vervang dit liever met gesonder vette ryk in mono- en poli-onversadigde vette soos plantolies, grondboontjiesbotter, neute en sade, avokado en vis.

- Eet veselryke kosse. Oplosbare vesel help veral om cholesterolvlakke te verlaag en word aangetref in hawermout, lensies, bone, groente en vrugte. Verhoog daaglikse veselinname deur hoë-vesel-volgraanopsies soos bone, ertjies, lensies en soja.
- Gewigsverlies. Selfs so min as 2 tot 5 kg gewigsverlies verbeter al reeds die bloedcholesterolvlakke.
- Eet kos wat hoog is in dieetkundige cholesterol in matige hoeveelhede. Sekere kosse, veral eiers, orgaanvleis, skulpvuis en rooivleis bevat oor die algemeen cholesterol. Dieetkundige cholesterol in kos dra egter nie tipies by tot bloedcholesterol nie. Dit is belangriker om kosse laag in versadigde vette en transvette te eet. Die meeste mense wat oor die algemeen 'n gesonde dieet volg, kan ongeveer sewe eiers per week eet en hoef nie hoë-cholesterol-kosse soos skulpvuis of lewer te vermy nie. In gevalle waar cholesterolvlakke hoog of onbeheersd is, kan 'n dieetkundige voorstel dat hierdie kosse beperk word.
- Sluit sterole en stanole in jou dieet in. Wanneer dit deel vorm van 'n gesonde dieet, kan plantsterole en -stanole help om cholesterolvlakke met 10 tot 15% te verlaag deur die opname van cholesterol in die dunderm te verminder. Dit kan verkry word uit sterol-verrykte kos.
- Verminder die inname van alkohol.
- Verminder totale inname van koolhidrate, veral verfynde koolhidrate soos witbrood, rys, pasteie, lekkergoed en koekies.
- Beperk toegevoegde suikers soos lekkergoed, sjokolade, versoete gaskoeldrank, vrugtesap, gegeurde water en versoete suiwelprodukte.
- Kies kosse hoog in omega 3-vette, veral vis wat van nature oliërig is soos sardientjies, sardyne, makriel en salm, wat ten minste twee keer per week geëet moet word. Plantprodukte soos okkerneute, vlassaad en kanola is goeie bronne hiervan. Indien dit nie moontlik is nie, kan 'n mediese praktisyn omega 3-aanvullings aanbeveel.
- Verlaag die inname van versadigde vette en vervang dit met mono- en poli-onversadigde vette soos avokado, olyfolie, neute en sade.
- Word aktief. Wees fisiek aktief vir minstens 150 minute per week, byvoorbeeld 30 minute vir vyf dae, deur matige tot energieke aërobiese fisieke aktiwiteit. Dit help om die "goeie" HDL-cholesterolvlakke te verhoog en hoë trigliseriedvlakke te verlaag.
- Moenie rook nie. Hou op rook en vermy sekondêre rook. Dit sal veral help vir lae HDL-vlakke.
- Die algemeenste medikasie vir die behandeling van hoë cholesterolvlakke is statien. Hierdie medikasie verlaag die hoeveelheid cholesterol wat in die lewer geproduseer word, wat dan die totale en LDL-cholesterolvlakke verlaag. Ander medikasie sluit in fibrate, Ezetimibe en verskeie ander. 'n Dokter sal besluit of iemand met cholesterolmedikasie behandel moet word en watter tipe dosis hulle benodig. Soos met meeste medikasie is daar 'n klein persentasie mense wat aan nuwe-effekte sal ly. Indien dié nuwe-effekte voorkom, moet medikasie egter nie gestaak word nie, maar bespreek eerder alternatiewe met jou dokter.
- Cholesterol-medikasie moet getrou geneem word om dit te laat werk, en sal bes moontlik vir altyd gebruik moet word. Dit is belangrik om die gebruik van cholesterolmedikasie saam met leefstylveranderinge te begin, nie in plaas daarvan nie!

Vir meer inligting oor cholesterol kan e-pos-skrywes gerig word aan die Hart- en Beroertestigting Suid-Afrika by [heart@heartfoundation.co.za](mailto:heart@heartfoundation.co.za).

# 100 2019 JAAR

van LIEFDE vir die LAND



Ons kyk terug op 100 jaar van nostalgie, foto's, feite en stories oor VKB se geskiedenis vasgevang in 'n boek.

Kom beleef saam met ons die pad wat VKB saam met boere deur 'n eeu gestap het en deel in die vreugde van en dankbaarheid oor waar ons nou staan.

**NOU!**  
**GRATIS**  
**BESKIKBAAR**  
**BY JOU NAASTE**  
**HANDELSTAK**

**vkb**

Vind 'n **GOUE MUNT** en staan 'n kans om  
jou deel te **WEN!**

**R100000**



Vind jou muntstuk in die volgende produkte se verpakking



**MAGNIFISAN**  
*it's magic*



Vir meer inligting, kompetisiereëls, bepalinge en voorwaardes besoek [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za)

Die kompetisie word met trots  
aangebied deur VKB, ter viering  
van ons 100 jaar-mympaal.

**vkb** 100<sup>2019</sup> JAAR  
van LIEFDE vir die LAND

VKB Hoofkantoor | President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111 | [vkb@vkb.co.za](mailto:vkb@vkb.co.za)  
VKB Landbou (Edms.) Bpk. is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer, FDV 4813

— Philip du Preez aan die stuur van —

# VERSEKERING



**P**hilip du Preez is eintlik 'n oud-NTKner. 'n Klompie jare gelede was hy aan die stuur van NTK se Versekeringsafdeling. Sedert 1 Julie is hy "terug" by VKB waar hy na die VKB Groep se Versekeringsafdeling sal omsien as uitvoerende hoof: VKB Brokers.

Philip het in Johannesburg grootgeword en skoolgegaan. Ná skool studeer hy by die destydse RAU, nou Universiteit van Johannesburg, waar hy sy BCom-graad en ook sy honneursgraad voltooi.

Buiten dat hy vir NTK gewerk het, was Philip ook bestuurder van versekering by OTK vir vier jaar. Hy was hoof van Agri in die Versekeringsdepartement van Absa en daarna besturende direkteur by Land Bank Versekering. Voor hy by VKB aangesluit het, was hy hoof van Agri by Old Mutual Versekering.

Sy pad het eintlik reeds met VKB gekruis in 1995 toe hy by NTK begin werk het. Daar was gereelde kontak tussen koöperasies by konferensies, maar in sy hoedanigheid as hoof van Agri by Omnisure het Philip en VKB baie nou saamgewerk. Philip is terug waar hy sy landbouversekeringsloopbaan begin het. Dit is vir hom spesiaal en hy is dankbaar vir die geleentheid wat NTK destyds, en VKB nou, vir hom gegee het.

As uitvoerende hoof: VKB Brokers is hy verantwoordelik vir die versekeringsaktiwiteite van die VKB Groep. As bestuurder poog hy altyd om geleenthede te skep vir mense om suksesvol te wees. Philip is 'n "groot-prenthjemens". Die makelaars moet bemagtig word om besighede te bedryf en goeie besluite te neem. Daar is baie uitdagings in die bedryf. Wetgewing en mededinging is boaan die lys. Philip is getroud met Ina, 'n onderwyseres van beroep, wat by die Hoërskool Nylstroom skoolgehou het. Sy kinders, Jacques en Carine, was in die Laerskool Nylstroom en die

Hoërskool Nylstroom. Philip en Ina het een kleindogter van 18 maande oud, maar hy hoop daar gaan nog baie wees! "As ek geweet het dit is so lekker om 'n oupa te wees, het ek my kleinkinders eerste gehad," skerts hy.

Sy belangstelling is mense en wat hulle laat "tiek". Verder hou hy daarvan om op hoogte te wees van wat in die wêreld aangaan – hy noem homself "seker 'n bietjie nuuskierig". Philip ry graag fiets en speel sleg gholf (uit sy eie mond!). Philip sê hy is dankbaar vir elke oggend wat hy wakker word en asemhaal. Daar's baie mense wat met hom sal plekke ruil wat nie meer die geleentheid het nie.

"Ons is bevoorreg om vir VKB te werk. Wat die bestuurspan oor die jare vermag het, is ongelooflik en die toekoms lyk belowend. Raak opgewonde oor die wenspan en word deel daarwan as jy nog nie deel van die sukses voel nie."

# WELKOM TUIS

— JAN VAN DER WALT —

**Jan van der Walt is geen onbekende in VKB nie. Hy is nou weer tuis waar hy hoort, in VKB waar hy in die verlede 'n groot verskil gemaak het. Die Pad Saam het 'n paar vrae aan hom gestel:**

## Waar het jy grootgeword?

Gebore en grootgeword in Bloemfontein, skoolgegaan by die Hoërskool President Steyn, net buite Bloemfontein. Dit was inderdaad 'n voorreg om op die platteland te kon skoolgaan binne 'n boeregemeenskap en dit is seker waar my liefde vir die landbou ontstaan het.

## Wat het jy ná-skool gedoen?

Was maar van kleins af geseënd met 'n bietjie entrepreneursbloed. Ná skool het ek begin werk by Dion (nou Game) en as deel van hul opleidingsprogram in alle afdelings blootstelling gekry, tot in bestuurshoedanigheid. Toe skuif ek na Tedelex as verteenwoordiger om ook groothandel te ervaar. Daarna raak ek betrokke by 'n familiebesigheid, verkoop aandele aan Afgri en werk toe as besturende direkteur van Partrite (nou Prodist) tussen 2006 en 2012. Daarna sluit ek by die VKB Groep aan, maar my voete begin weer jeuk om 'n nuwe besigheid op die been te bring. Ná twee suksesvolle jare kon ek met baie nuwe ondervinding my aandele suksesvol bemark om weer die voorreg te kan geniet om by die VKB Groep aan te sluit.

## Hoe en wanneer het jou pad met VKB gekruis?

VKB was altyd sedert 1996 op een of ander manier verweef in die ondernemings waarby ek betrokke was. Destyds met Agri Onderdele en daarna met Partrite het ek die voorreg gehad om VKB as klant te ervaar en dit was altyd 'n voorreg om sake met hulle te doen. Om daarna aan die anderkant van die tafel met die VKB-baadjie te sit, was ook een van die wonderlikste tye in my loopbaan.

## Wat is jou huidige pos by VKB?

Uitvoerende hoof: Bemaking en Aankope. Ek oorsien die operasionele bestuursverantwoordelikheid vir beide die velde saam met 'n bekwame span mense.

## Hoekom was jy weg en is jy weer terug by VKB?

Dit was altyd my droom om 'n onderneming van die grond af te begin, miskien om geloof in jou eie vermoë op die proef te stel en jouself te meet. Ek kon dit saam met 'n vriend aanpak en ná 'n termyn van twee jaar het ek die persoonlike doelwitte wat ek vir myself gestel het, bereik. Ek voel ongelooflik trots om my aandele te kon bemark aan investeerders wat die behoefte gekoester het om hul besigheid met ons s'n saam te smelt en die finansiële vooruitskatting vir hulle was uiters gunstig. Ek is bevoorreg om te kan terugkeer na VKB met 'n heelwat sterker mondering van kennis en ondervinding met die fokus om die voorgenoemde in voordeel vir VKB te omskep.



## Hoe voel dit om terug te wees?

Heerlik. Ek het verskeie kere daarna verwys dat ek dink elke werknemer by die groep het 'n wonderlike geleentheid en ons maatskappy het 'n unieke kultuur wat deur elkeen gekoester moet word.

## Wat is jou bestuurstyl?

Ek glo dat mense hulself in hul posisies moet kan uitleef en die geleentheid gegun moet word om insette te gee. Ek probeer altyd die platform skep, want só leer almal. Ek hou daarvan om mense in te sluit en glo dat ons almal, ten spyte van uiteenlopende persoonlikhede en karaktereienskappe, een doel moet nastreef. As die strategie suiwer en duidelik is, sal die uitvoering van die strategie almal se sukses wees.

## Vrou en kinders?

Getroud met Nicky, drie seuns – Jandre is die oudste (19), dan Ruan (16) en Kyle is nege jaar oud.

## Belangstellings en stokperdjies?

Fokus op werk, maar as ek tyd kry, speel ek graag bietjie gholf. Ek probeer ook om so af en toe met die kinders te gaan jag.

## Karaktereenskap wat vir jou belangrik is of lewensfilosofie?

Ek glo dat ons almal 'n voetspoor nalaat in die lewe, of dit by die huis by jou gesin is, jou familie, of met die mense waarmee jy tyd deel en vir my is dit om met positiewe herinneringe 'n wonderlike nalatenskap te bewerkstellig. Ons moet egter ook ons negatiewe punte kan erken. Ek is geneig om met tye dalk te veel by besonderhede betrokke te raak, frustreer dan mense so 'n bietjie (haha!). Ek sien uit om weer deel van die span te wees en hoop dat die tyd wat vir ons in 'n toenemende veranderende omgewing voorlê, omgesit kan word in voordeel tot die VKB Groep.

V

KB het onlangs as deel van ons 100 jaar-projek in samewerking met die organisasie Save the Planet 'n klomp vaderlandswilgerbome aan al die VKB-takke geskenk om na hul eie

diskresie aan te plant of te skenk sodat ons kan help om die planeet Aarde te red.

Die taak is aan die takbestuurders toegesê om te kyk waar daar 'n behoefte na bome is.

'n Hele paar skole het terugvoering gegee en hul dank uitgespreek oor hierdie wonderlike geskenk wat hulle ontvang het. Van hulle het hul 67 minute vir oudpresident Nelson Mandela toegesê en hul bome op Mandeladag op 18 Julie aangeplant en sommer 'n heerlike fees van die geleentheid gemaak.

Die Primêre Skool **Oranjeville** is een van die skole wat besluit het hulle plant hul bome op Mandeladag en het die hele skoolgemeenskap betrek.

"Met slegs 30 leerlinge in die skool in 'n klein minderbevoorregte gemeenskap sukkel die skool om kop bo water te hou," sê Juan Botha, die bestuurder van VKB, Oranjeville.

Daarom het VKB besluit om die skool te help deur 'n bestaande sandput te verskuif en ook te vergroot.

"Tesame hiermee het ons gedink dat dit 'n goeie idee sou wees om die vyf bome wat ons tak ontvang het om die sandput te plant," sê Juan.

"Vir die grou van die gate het ons die skool se werkers, VKB-werkers en vrywilligers genader om ons te help. Daar was 'n plaaslike tuinboukundige, kenner en vrywilligers wat ons hiermee gehelp het.

"Sand van langs die Vaaldam is deur 'n plaaslike boer geskenk om die sandput te vul. Daar is ook gebruik gemaak van ou trekkerbande in die sandput, waarmee ons die belangrikheid van herwinning onder die leerlinge se aandag gebring het.

" 'n Opbinder uit tuinslang en draad is gemaak om die bome en latte aanmekaar te hou as deel van die stut. Insteede van tou of plastiek is hierdie opbinder meer omgewingsvriendelik. Nie net sal dit langer hou nie, die stam van die boom sal ook nie beskadig word nie en dit laat genoeg spasie vir die boom om sterker te word.

"Daar was afgespreek dat elke leerder van die skool 'n hoenderburger en 'n botteltjie sap sal kry. VKB Oranjeville het die hoender, broodrolletjies en sap geskenk en 'n vrywillige ower het vir ons die voorbereidings en gaarmaakwerk gedoen.

"Pamflette is ontwerp en gedruk vir elke leerder, asook ouers wat daar was, vir meer agtergrond rondom hierdie dag. Dit was vir ons belangrik dat die kinders die volgende moet weet:



Oranjeville



Deel 1

# VKB help bome plant



Oranjeville



Reitz



Reitz



Villiers



Cornelia



Cornelia



Oranjeville



Oranjeville





Cornelia



Oranjeville



Oranjeville



Villiers



Reitz



Oranjeville



Villiers



Reitz



Reitz



Oranjeville



Villiers



Cornelia

- Wat is Mandeladag en waaroor dit gaan?
- Hoekom doen VKB hierdie projek?
- Hoekom is bome belangrik?
- Meer oor die vaderlandswilg en hoe om vir die bome te sorg.

"Met behulp van VKB, vrywilligers en ander persone was dit moontlik om hierdie projek sonder onkoste vir die skool aan te pak. Die bome wat geplant is, is nie net vir die omgewing nie, maar sal ook later van tyd as skadu dien vir die sandpunt. Die trekkerbande het die uitleg van die sandput interessant gemaak en vir die leerlinge meer geleer oor herwinning.

"Die feit dat die Primêre Skool Oranjeville ook hierdie jaar 100 jaar oud is, het hierdie geleentheid net nog meer spesiaal gemaak!" sê Juan.

"Dit was vir VKB Oranjeville 'n besondere voorreg om deel te kon wees van so 'n spesiale dag by die Primêre Skool Oranjeville." Op **Villiers** is toestemming van die minisipaliteit verkry om op twee strategiese plekke by die tak en dan ook een plek in die township bome te plant.

"Die minisipaliteit het goedkeuring gegee en gekyk dat daar nie kragkabels of waterpype in die pad is wat beskadig sou kon word as ons die bome plant nie," sê Pieter du Plessis van VKB Villiers.

Nadat hulle die tuin om die VKB-tak "mooi" gemaak het, het hulle die bome op 29 Julie aangeplant.

Die **Woudzicht**-tak het besluit om Madibadag te vier deur dit boomplantdag te maak by die Roadside Secondary School.

"Ons het vyf gate vir die vyf bome in die vorm van 'n W gegrou (vir Woudzicht)," sê Hennie Janzen, die junior bedryfspuntbestuurder van die Woudzicht-tak.

"Elke gat het sy eie versorgers – een gat vir die graad R-klas, een gat vir graad 1 tot 3, een gat vir graad 4 en een vir graad 5 en 6. Die laaste gat is die onderwysers s'n.

"Ek het vir hulle 'n lesing gegee oor die bome asook die versorging daarvan. Een van die onderwysers het vir my getolk. Ons het die leerlinge aangemoedig om onderling 'n kompetisie te hou om te kyk wie se boom groei die mooiste.

"Hulle is van plan om houtbankies te maak en tussen die bome te sit wanneer dit 'n bietjie groter is.

"Die kinders en onderwysers is baie bly oor die gebaar van VKB se kant af, en ek dink VKB het vir hierdie kinders 'n waardevolle les geleer oor die natuur, natuurbewaring, verantwoordelikheid en ook die skoonheid van ons omgewing."

Ook van die Bongani-Lebohang Secondary School het VKB **Cornelia** 'n brief ontvang:

"Die veiligheids- en omgewingskomitee van bogenoemde skool bedank u hiermee vir u bydrae van bome en die hulp met die aanplanting daarvan.

"Die skool waardeer regtig wat u gedoen het. Mag God u seën.

"Dankie vir u volgehoue ondersteuning." Geteken deur die voorsitter, skoolhoof en die supervisor.

So het VKB weer 'n bydrae gelewer vir die liefde van die land en sy mense.

# Do you feel lucky, **PUNK?**

*Uiteindelik die regte wapen om  
ornamentele plante in jou tuin  
te beskerm teen menige  
peste en plaë.*

**PLAË, WEES GEWAARSKU!**




## VIR DIE BEHEER VAN



PLANTLUISE



BONT MIELIEKEWERS



AUSTRALIESE WOLLUIS



SWART MIERE



BRUIN MIERE



BRUIN LENTEKEWERS




LANDMETER WURMS



SAGTE BRUIN DOPLUISE



BLAASPOOTJIES



WITVLIEG

Kliëntediens tel.: 086 133 3586 | [info@efekto.co.za](mailto:info@efekto.co.za) | [www.efekto.co.za](http://www.efekto.co.za)

Registrasiehouer: Agro-Serve (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07. Versprei Deur: Efekto Care (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2009/006357/07, Posbus 652147, Benmore 2010. Garden Gun™ Reg. Nr. L6346 N-AR0518 Aktiewe bestandele: Esbiothrin (Piretroïd) 1,0 g/ℓ, Deltametrien (Piretroïd) 0,2 g/ℓ. VERSIGTIG. Produk is geregistreer deur Wet 36 van 1947.



GARDEN & HOME PEST CONTROL



Lennie Aspeling is 'n voorbeeld vir almal. Al maak hy gebruik van 'n rolstoel, ry hy steeds motorfiets en doen nou NMP. Swanton Scholtz, VKB-opleidingsbestuurder, wens hom en almal wat NMP aandurf, alles van die beste toe.

## Nuwe kantore vir Grain Field Chickens

Die nuwe kantore van Grain Field Chickens op die abattoir se perseel in Reitz, is 'n heerlike verbetering vir die personeel. Die vorige kantore was in die abattoir self, maar die verpakkingsmateriaalstoor het te klein geraak en daar moes plan gemaak word. Die ou kantore vorm nou deel van die verpakkingsstoor terwyl personeel nuwe kantore beset het. Dit was inderdaad 'n groot verbetering. Die tweede fase van die projek sal wees om die personeel van GFC-hoofkantoor, uit die dorp, ook na die abattoir toe te skuif. Personeel werk baie lekker by GFC. Met die spasie tot elkeen se beskikking heers daar sommer 'n lekker positiewe gees onder almal. Daar is baie positiewe energie en dit maak dat GFC 'n suksesvolle span is onder die bekwame leiding van Theo van Strijp.



## Twin Mosia – global leader



Twin Mosia is an employee that VKB is proud to call one of us. He has achieved what only a few in the world has achieved. Twin visited Amsterdam in the Netherlands in October last year as nominee of the Young Global Leaders of 2019. Only 100 independent participants of SADC Region took part in this prestigious event.

He has again been nominated in the Class of 2020 and is invited to Brussels,

Belgium for the Global Cultural Leadership Programme (GCLP) that will take place in October this year. GCLP is a component of the Cultural Diplomacy Platform, which has been launched in March 2016 to support the EU with the implementation of a new strategy for international cultural relations, with the aim at improving skills of young cultural managers, enhancing collaborative peer-to-peer learning and network building, and enabling the participants to develop fresh insights into international cultural collaboration practices.

The Forum of Young Global Leaders is a community of enterprising, socially minded leaders working as a force for good.

Twin is a marketer in training at VKB Fuels, Reitz. Congratulations on this nomination.

## Werk en wen op Nylstroom

Nylstroom-handelstak is ingestel op goeie diens aan hul klante. Een aspek van goeie diens is natuurlik om inligting met klante te deel en om hulle bewus te maak van produkte wat hul lewe beter kan maak.

Daarom word daar gereeld verskaffers genooi om produkte uit te stal en klante van inligting te voorsien. Uitstallings in die tak lig klante ook in oor voorraad wat beskikbaar is.

VoerDokter is 'n diatome konsentraat wat gesonde kuddes bou met groei- en reprodusie-voordele. Annette du Preez het die voordele daarvan aan Ryno van Zyl Kotze verduidelik. In die tak is daar 'n pragtige jag-uitstalling met al die noodsaaklike produkte wat jy nodig het vir die jagtog en daarna.

Puna Maree was die gelukkige wenner in die Montego Hondekos-kompetisie. Hy was omtrent in sy noppies – om nie van sy hond te praat nie.



Puna Maree ontvang die hondekos van Michael van der Merwe.

## Jaarlikse oesfees op Tuinplaas

Die oesfees wat jaarliks op Tuinplaas gehou word, is 'n hoogtepunt op die gemeenskap se kalender. En elke keer is NTK daar om te wys dat landbou en NTK sinoniem is. Vanjaar was Johnny en sy span weer betrokke by die potjiekos en het 'n vingerlekkie pot voorberei.



Die Tuinplaas-boere se eggenotes.

## VKB raak akademies

Dit sal 'n eerste in Suid-Afrika wees as die Hoërskool Reitz se kurrikulum vir Presisieboerdery in plek is. Nodeloos om te sê is VKB betrokke hierby. Wat 'n ongelooflike geleentheid vir VKB om direk betrokke te wees by die landbou van die toekoms.

Van 3 tot 5 Julie was verskillende vakspecialiste byeen tydens 'n werkswinkel wat deur Lizelle Jacobs (opleidings- en ontwikkelingspesialis) gelei is. Veertien spesialiste in hul veld het elk 'n twee uur lange aanbieding aan hulle gedoen sodat Lizelle 'n Presisieboerdery-kurrikulum vir Graad 10 tot 12 kan opstel wat dan by die Hoërskool Reitz se Presiesilandbou Akademie aangebied sal word. Francois Sieberhagen (uitvoerende hoof: menslike

hulpbronne VKB Groep) tree as voorsitter van die kurrikulum-ontwikkelingskomitee op. Swanton Scholtz (VKB Groep-opleidingbestuurder) dien op die kurrikulumkomitee en Francois Swanepoel (VKB uitvoerende direkteur: kommersieel) dien op die Reitz Landbou Akademie se direksie. Buiten VKB is Sernick, John Deere en Graan SA ook van die belangrikste rolspelers wat bydra tot die sukses van die projek.

Die gedagte is dat die kurrikulum sal bestaan uit 20% teorie en 80% prakties. Bewaringsboerdery sal ook deel vorm van die akademie en die kurrikulumontwikkeling hiervoor sal ook eersdaags afskop. Dit behoort 'n groot inspuiting vir die Hoërskool Reitz te wees en die gemeenskap baie te versterk.

Getrou aan VKB se oortuigings, is hierdie aksie vir die liefde van die toekoms van die land.



Francois Sieberhagen en Lizelle Jacobs

### Baltimore oorhandig pomp

Baltimore was trots om 'n sentrifugale pomp aan Hanno van Rensburg van Cosmopolite Boerdery in die Baltimore-distrik te oorhandig. Die pomp is aan Hanno geskenk deur Controlled Irrigation in die bemarking van hul Pedrollo-pompreeks.

Gavin Engelbrecht het dit gereël en die oorhandiging het plaasgevind tydens NTK Pietersburg se amptelike opening van die opgradeerde winkel.



Francois Sieberhagen en Lizelle Jacobs

### For the love of animals

HR employees at VKB Head Office launched a Winter Wet Nose fundraising campaign. Employees showed just how much they care by donating money and food.

An amount of R1 820 and several bags of dog food were delivered to the SPCA Bethlehem. VKB cares about so much more than just business. VKB also cares about animals.



### Wen op Vaalwater

Almal wat aandoen by NTK Vaalwater is indirek weners, want hier kry jy die beste diens teen die billikste pryse. Maar daar was 'n ware wenner by die tak. Anita Deysel van Gottini Lake het 'n prys gewen in die tak se Jag-en-Slag-kompetisie. Dit het saamgeval met die promosie wat gehou is. 'n Spesiale geskenkpak met promosie-items en so 'n ietsie ekstra is saamgestel en aan die wenner oorhandig deur Adrie.



Adrie oorhandig geskenkpak aan Anita Deysel.

### Farmers' day at Pienaarsrivier

Dorcus Sekati, manager of Pienaarsrivier, recently held a successful farmers' day at the branch. Attendance was satisfying and suppliers that participated were pleased with the interest shown by local farmers.

This was Dorcus' first farmers' day, but will not be her last. Suppliers complimented her on the day, saying that they could sell their products on the day. The food was sponsored by Grain Field Chickens, VKB Milling and money from participating suppliers. Dorcus would like to thank suppliers and management for supporting the farmers' day. It was a huge success.

### Delmas cares for the disabled on Mandela Day

Mandela Day was honored by many divisions all over the VKB Group. For some it was a small donation while others gave of their time. It was again an opportunity for employees of VKB to show they care about the well-being of fellow South Africans.

VKB Delmas made a big difference in the lives of the people of Siyangoba Crèche for Disabled Children. Together with suppliers Lindo and her team went all out. Lindo would like to thank the following suppliers who took part in the day:

"A special thanks to Enoch from Sakata and Edgar from JoJo that spent the day with us at Siyangoba. Sakata donated seed while JoJo donated a 2 500 liter tank as well as a pump. Sincere thank you also to Academy for the cleaning material. From the VKB Group VKB Milling, Grain Field Chickens en QPro Feeds came on board to lend a helping hand to these people in the form of food and a voucher to spoil the children from the disabled center with our own products.

"Delmas Retail store and Siyangoba are grateful to all the participants for opening their hearts. Together we made a difference in the lives of the youth."





Bystandnommer: 058 863 8888

# nie net jou gewone LANDBOU-TOEP

- Kry huidige en vooruit Safex-pryse vir kommoditeite, wat wit- en geelmielies, sojabone, koring, sonneblom en sorghum insluit.
- Gedetailleerde prysgrafiek vir elke kommoditeit.
- Ander aanwysers sluit in USD, EUR, Brent ru-olie en beespryse.
- Tweeweeklikse Afrika- en Noord-Amerika-reëval weerkaarte.
- U ligging se huidige weer.
- Ingetekende gebruikers kan toegang tot 'n opsomming van hul opbergingsgraan en vooruitkontrakte bekom.



## Hoe om te registreer?

1



**Laai  
toep  
af**



Soek die toep by die "App store" vir 'n IOS slimfoon of by "Google play" vir 'n Android slimfoon en laai dit af.

Installeer die toep op jou slimfoon en maak die toepassing oop.

**Kliek op registreer.**

2



**Voltooi  
registrasievorm**

Vul jou besonderhede by die registrasievorm in.



Kies 'n unieke wagwoord met 'n minimum van 8 karakters.

**Druk stuur.**

3



**Teken Aan**

Teken aan en geniet al die voordele wat die toepassing jou bied.

**Kyk gereeld  
uit vir  
NUWE  
ontwikkelings  
op die toep**

## VKB/Agbiz-inligtingsdag: Die toekoms van landbou in Suid-Afrika

Boere en lede het op 3 en 4 Oktober die geleentheid gekry om 'n VKB/Agbiz-inligtingsdag by te woon. Op 3 Oktober was die Siësta-gastehuis op Frankfort die bymekaarkomplek en die volgende dag is die geleentheid by die Protea-hotel op Polokwane gehou.



Dr. Andries Radley (landbou-ekonomies, VKB), Nick Serfontein, (voorsitter van die Sernick-groep), John Purchase (uitvoerende hoof van Agbiz), Theo Vorster (HUB, Galileo Capital), Theo Boshoff (hoof van Regs-intelligensie, Agbiz), Piet Potgieter (bestuurder van Landbou-ontwikkeling, VKB) en Koos Janse van Rensburg (besturende direkteur van die VKB Groep) tydens die geselligheid.

## VKB Delmas

VKB Delmas-handelstak het sy tweede verjaarsdag op 4 Oktober gevier. Talle verskaffers het hul produkte kom uitstal en daar is ook 'n inligtingsessie aangebied.



## Besigheidsaflos

Vir die Besigheidsaflos wat op 3 Oktober deur die Bethlehem-marathonklub en die Rotary Club op Bethlehem aangebied is, het nege spanne van VKB deelgeneem en daarmee die prys gewen vir die maatskappy wat die meeste spanne ingeskryf het. Dié 45 VKB-deelnemers het elkeen 1 km van die 5 km-pretloop gehardloop (of gestap as die asem kort raak!). Van alle deelnemers is gevra om 'n blikkie kos saam te bring as donasie vir die Rotariërs. Grain Field Chickens het hoender geborg terwyl Super-Sure rolletjies geborg het en die VKB deelnemers lekker gesmul. Die VKB-deelnemers het hiermee weereens die maatskappy se leuse gestand gedoen en die wedloop vir die liefde vir die land aangepak.



## VKB-hoofkantoor "back the Boks"

Die gees loop hoog met personeel van hoofkantoor en takke oor die Vrystaat en Limpopo wat elke Vrydag hul Bok-truie aantrek om hul ondersteuning aan die Bokke tydens die Wêreldbeker-rugbytoernooi in Japan te wys.



## Silobestuurders vergader

Al die silobestuurders van die Vrystaat en Limpopo het 'n gesamentlike vergadering in Reitz gehou. Reitz-silo kan in die agtergrond gesien word.



## VKB Knights

Hier is die VKB Knights-span vir die 2019/2020-seisoen. Die Knights-konessie gaan weens 'n strategiese besluit van Krieket SA verander en die span sal reeds hierdie seisoen van sy toernooie onder die vaandel van Magnifisan Free State speel. Mag dit vir hierdie span 'n voorspoedige seisoen wees. Manne, julle het die hele VKB agter julle!



Vind 'n **GOUE MUNT** en staan 'n kans om jou deel te **WEN!**

**R100 000**



Die kompetisie word met trots aangebied deur VKB, ter viering van ons 100 jaar mylpaal.

Vind jou muntstuk in die volgende produkte se verpakkings



**MAGNIFISAN**  
*it's magic*



# WKB BIELIEMIELIEFEES

# 2020



Vir die Bieliemiefees wat in 2020 vir die 40ste keer aangebied word, is alles ingesit om dit selfs beter en lekkerder as enige ander fees te maak!

Daar is geen ouderdomsperk op pret nie, so, as jy al oud of nog jonk genoeg is vir pret, is Reitz die plek vir jou van 13 tot 16 Februarie 2020, want dit gaan 'n bieliemiefees wees.

## Sangers en vermaak

Op Donderdag 13 Februarie 2020 tree Appel en Adam Tas op. Daarna word daar geskoffel op heerlike boeremusiek.

Van die ander kunstenaars wat by die fees sal optree, sluit in Elandré, Demi Lee Moore, Sunset Sweatshop, Juan Boucher, Spoegwolf, Matthew Mole, Roan Ash, Appel, Adam Tas, Joe Niemand, Vir.seker en vele meer.

## Tentedorp en kampeertrein

Danksy die gewildheid van die tentedorp en kampeertrein, is dit weer terug by die 2020-fees en daar is staanplekke waar Bieliemielie-feesgangers kan tuisgaan teen so min as R700 per persoon vir die hele naweek. Hierdie fooi sluit ook jou toegang tot die Bieliemielie-feesterrein in. Maar jy sal moet gou spring as jy 'n staanplek soek, want die belangstelling is groot.

## Sport en kompetisies

Sporttoesiaste kan deelneem aan gholp, krieket, skiet en visvang. Daar is ook prysgeld van R7 000 vir die wenspan van die Touch Rugby/Sewes. Pak dus jou balke, stokke, kolwe en visstokke in vir hierdie kompetisies.

Vanjaar is die Bieliemielie-marathon nie net 'n kwalifiseerder vir die Comrades nie, maar ook vir die Two Oceans-marathon. Atlete wat voorheen aan die Bieliemielie-marathon deelgeneem het, weet dat of jy nou die 5 km- of 10 km-prettraf, die halfmarathon of die marathon hardloop, dit 'n lieflike roete bied.

Vir die manne (én vroue) met 4x4-voertuie is daar weer 'n hindernisroete met prysgeld van R5 000.

En moet tog nie die Buletjie-rugby- en netbal-kragmetings misloop nie! Hierdie items lok elke jaar groot belangstelling.

Verskeie sepie-sterre van *Binnelanders* en *Getroud met Rugby* sal julle ook vermaak.

Streepsakke, eiers, bokmis, mieliepitte, trekkerbande en wie weet wat nog alles, sal beskikbaar wees vir diegene wat aan die Boeresport(s) wil deelneem. Dit bly maar een van die gewildste items op die feesprogram!

Ander aktiwiteite sluit in skaapskeer, skilder, aartappel- en appel skil, brei en hekel, waar lekker pryse ook op die spel is.

## Kindervermaak

Die VKB Bieliemieliefees is 'n gesinsfees en daarom word daar ruim voorsiening gemaak vir die kleinspan. 'n Baie betroubare oppasdiens word gebied vir kleingoes sodat hul ouers die hele feesterrein en al sy vermaak kan gaan verken.

## Uitstallers en stalletjies

Die Ram-veiling, kudde-kompetisie en uitstallings van beeste en boerbokke is nog van die staatmakers wat jaarliks groot belangstelling geniet, en met die groeiende belangstelling in die Bieliemieliefees onder stalletjieshouers wat van kos tot klere, braairoosters tot bokvelmatte en juweliersware tot jasse verkoop, moes die komitee mooi besluit wie vanjaar 'n staanplek gaan kry.

Bogenoemde is net 'n lusmaker vir wat alles vir jou by VKB Bieliemieliefees 2020 wag. Ons het nog nie eens begin vertel van die "toegevoegde waarde" wat besoekers jaarliks hier kom ervaar nie. Ons kan nie wag om jou te verwelkom en te verras nie!




f t [www.bieliemielie.co.za](http://www.bieliemielie.co.za)

Koop voor 15 Desember 2019 jou naweekkaartjie by VKB  
takke en betaal slegs R225 vir volwassenes en R108  
(Kinders onder 13)



ADAM  
TAS



SPOEGWOLF



ELANDRE



DEMI LEE  
MOORE



MATTHEW  
MOLE



JUAN  
BOUCHER



SUNSET  
SWEATSHOP



APPEL



ROAN  
ASH



Sangers • Kompetisies • Stalletjies • Pretpark • Kindervermaak  
Kuiertent • Kampeerterrein • kykNET-sepiesterre • Sport  
Vee-uitstallings • Kosstalletjies • Landbouskou • en nog vele meer.

# VKB BIELIEMIELIEFEES

## 13 -16 Februarie 2020



Standard Bank



PIONEER



NASHUA



BCX

# VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Gebruikte **Goedere**



**Case Magnum 225**  
2008-model  
Puiktoestand, Nuwe bande  
Johan van Zyl  
**R450 000** + BTW



**Lexion 760 Terra Track**  
2014-model  
3 064 ure  
Johan van Zyl  
**R2 450 000** + BTW



**Case 310**  
2006-model  
7 800 ure  
Johan van Zyl  
**R865 000** + BTW



**Case Skidsteer SR200**  
2015-model  
Enjin volledig oorgedoen, nuwe bande  
Johan van der Nest  
**R305 421** + BTW



**Case Magnum 225**  
2008-model  
Johan van der Nest  
**R750 000** + BTW



**John Deere 1720 Planter**  
12 ry  
0,76 m rywydte met Row Command  
Johan van Zyl  
**R680 000** + BTW



**Equalizer 12SL 0.76 Planter**  
2015-model  
Korrel Kunsmis  
Phil Britz  
**R950 000** + BTW



**Jacto Falcon Vortex Kousbalk**  
14m Boom  
Phil Britz  
**R135 000** + BTW



**Case 310**  
2010-model  
Johan van Zyl  
**R825 000** + BTW



**Case TLB 570ST**  
2019 demo-model  
81 ure  
Jaco Els  
**R895 000** + BTW



**John Deere 1750 Planter**  
Vloeibaar net vir sojas  
Johan van Zyl  
**R160 000** + BTW



**Equalizer SL-12 3ft**  
2017-model  
Vloeibaar Kunsmis, V-drive + 2020 skerm  
Theo Roux  
**R1 400 000** + BTW



**Rovic DLB 12 21t**  
3\*  
Met rollers  
Phil Britz  
**R265 000** + BTW



**Disk Seerder Equalizer 15m**  
2015-model  
Monitor Electro Lee  
Theo Roux  
**R1 150 000** + BTW



**Case 2388 Stroper**  
Rotor-ure 4 890, enjin-ure 5 100  
Pro 700-skerm  
Johan van der Nest  
**R850 000** + BTW



**Landini Landforce 125**  
2014-model  
3\*, 4 800 ure, bande 70%  
Theo Roux  
**R375 000** + BTW



**New Holland ENG 1268**  
2010-model  
Rotor-ure 1 043  
Johan van Zyl  
**R2 350 000** + BTW



**Claas Celtis 436**  
2011-model  
2\*, bande 50%  
Johan van Zyl  
**R70 000** + BTW



**Case Maxxum 125 ROP**  
2013-model  
16x16-ratkas, 3 999 ure  
Bertie Mienie  
**R465 000** + BTW

## Kontakbesonderhede

Johan van Zyl  
084 245 0576  
Frankfort

Nico van der Walt  
082 494 8907  
Reitz

Phil Britz  
060 636 6258  
Vrede

Johann van der Nest  
082 878 2736  
Warden

Bertie Mienie  
082 927 8214  
Warmbad

Theo Roux  
082 818 9705  
Bethlehem

# VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Gebruikte **Goedere**



**Case MXU 130**  
2006-model  
3\*, 4 800 ure, bande 70%  
Theo Roux  
**R275 000** + BTW



**John Deere 8345R**  
2012-model  
Autopilot, 3 700 ure  
Theo Roux  
**R2 150 000** + BTW



**JS2113CS No-till planter**  
8 ry 0.76 + spuit  
JD Computrack 350 monitor  
Johan van Zyl  
**R395 000** + BTW



**Kronos 10 ton Strooier**  
Demo-model  
  
Johan van Zyl  
**R265 000** + BTW



**John Deere 9670 Stroper**  
2010-model, 5\*, 4 473 rotor ure  
7 318 ure, JD monitor en reciever  
Johan van Zyl  
**R945 000** + BTW



**Krone Fortima Baler**  
So goed soos nuut 2019-model  
  
Nico van der Walt  
**R450 000** + BTW



**Rovic 12 ton Strooier + sif**  
Demo-model  
50ha  
Johan van Zyl  
**R328 000** + BTW



**Case 3230 Flex Spuit**  
2019 demo-model + waarborg  
  
Coenrad Bruwer  
**R3 350 000** + BTW



**Case Steiger 550**  
2015-model  
500 ure  
Theo Roux  
**R4 050 000** + BTW



**Case Farmall 140A**  
2013-model  
4 052 ure  
Jaco Els  
**R465 000** + BTW



**New Holland 8030 4WD**  
2009-model  
  
Johan van Zyl  
**R265 000** + BTW



**New Holland T8.360**  
Autopilot, 2014-model  
6 200 ure  
Nico van der Walt  
**R1 150 000** + BTW



**Landini 7.210 CAB**  
2014-model  
3 120 ure  
Theo Roux  
**R765 000** + BTW



**John Deere 608 Plukkerskop 0.91**  
5-ster toestand  
  
Nico van der Walt  
**R265 000** + BTW



**John Deere 606**  
Drie-voet-tafel met karretjie  
  
Nico van der Walt  
**R298 000** + BTW



**Jacto Vortex Spuit**  
Baie mooi toestand  
  
Johan van Zyl  
**R235 000** + BTW



**ACO 250**  
1996-model  
Puik toestand  
Johan van Zyl  
**PRYS ONDERHANDELBAAR**



**John Deere 52725HC ROP**  
2013-model  
1 800 ure  
Theo Roux  
**R382 000** + BTW

## Kontakbesonderhede

Coenrad Bruwer  
083 255 6223  
Reitz

Jaco de Wet  
083 626 6348  
Tzaneen

Gerrie Lindeque  
082 907 7492  
Delmas

Gareth Spaumer  
082 804 6773  
Louis Trichardt

Jaco Els  
076 284 5171  
Pietersburg

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za)



# Ons ondersteun boere al meer as 50 jaar lank.

Dit verg tyd om 'n deeglike begrip van die landbousektor op te bou. By Total het ons meer as 'n halfeeu gehad om 'n deeglike begrip van die landbousektor te kry. Hierdie kennis en ervaring het ons gehelp om innoverende oplossings te ontwikkel en deurentyd sterk te fokus op ons belangrikste kliënte, die boere.



**TOTAL**

Committed to Better Energy